# 6 HOOFSTUK SES: GELOOFSBEMIDDELING AS KOMMUNIKATIEWE HANDELING

## 6.1 ‘n Diensbare kommunikasiewetenskap om tot verstaan te kom

Kruger (1993:115) beweer dat die mense van die Ou Nabye Ooste baiemaal van simboliese handelinge gebruik gemaak het om hulleself verstaanbaar te maak: *“Die mense van die Ou Nabye Ooste, waarvan die Ou Testament ‘n integrale deel was, was baie ekspressief in die kommunikasie van hulle gedagtes en emosies”.* Van Leeuwen (2002:67) beweer: *“… verstaanbaarheid staat bij protestanten hoog in het vaandel. Ze verwijsen graag naar Paulus: hoe kan men ‘amen’ zeggen op wat men niet verstaat (1 Korintieërs 14)?”* 'n Diensbare kommunikasiewetenskap sluit in die nadenke oor taalgebruik in die vorm van metafore en simbole. Vos (2001:137-139) dui drie funksies van 'n metafoor aan: (1) Metafore skep taalspanning omdat dit die saak en beeld in 'n komplekse spanning plaas waar die ooreenkomste asook die verskille erken word, Vos (2001:137) verwys byvoorbeeld na *God* en *rots*, Ps 18:3. Daar is 'n verband tussen *God* en *rots*, maar God is nie 'n rots nie. Dit dui op 'n paradoks tussen *dit is* en *dit is ook nie*. Stander (2000:171) verwys na enkel redes waarom rots tot so ‘n belangrike simbool ontwikkel het, naamlik stede wat in rotsagtige gebiede gebou is teen vyandige invalle en rotse as waterbronne in die woestyn (vgl Eks 17:6). (2) *“Die proses van metaforiese vervanging vestig die aandag op twee realiteite wat op een of ander manier met mekaar verband hou”* (Vos 2001:138). Vos verwys onder andere na God as *son,* Ps 84:12. *“In die voorbeeld word die aardse werklikheid representatief vir God se werklikheid … Die son is vir die aarde lewegewend. … [D]at God vir die wat in opregtheid leef, die bron van lewe is”* (Vos 2001:138). (3) Die metafoor het ook 'n kognitiewe funksie wat beteken dat nuwe inligting tot stand kom op grond van bestaande kennis. Vos (2001:139) verwys na God as skild, Ps 84, as voorbeeld van bestaande kennis hoe 'n skild werk en wat dui op God se beskerming teen gevaar. (4) Die metafoor as netwerk dui op die voorkoms van talle metafore deur 'n hele geskrif. Bronswijk (1987:9) meen: *“Symbolen, beeldende kunst en liturgie hebben elkaar steeds wederzijds beïnvloed. … Er was altijd een wisselwerking tussen expressie en theologie”.*

In geloofsbemiddeling aan tieners sal metafore, simbole, rituele en beeldende kuns noukeurig en keurig gekies moet word wat binne hul eie subkultuur en verstaansraamwerk reeds 'n tuiste gevind het en kan vind. Dit moet veral beskou word in die lig van die beelde wat tieners van Jesus het. Navorsing wat in Suid-Afrika onder 538 graad 11 leerders in Johannesburg en Pretoria gedoen is, dui ses verskillende beskouinge van Jesus aan (vgl Pieterse, Dreyer en Van der Ven 1999:81-85). *“The fact that these youths feel very positively about images of Jesus that emphasise his humanity is food for theological thought in the context in which we live. The fact that they cherish diverse images of Jesus, apparently without much strain, is likewise food for theological reflection on this issue. It will also have implications for the church’s practical ministry”* (Pieterse, Dreyer en Van der Ven 1999:85). Hierdie implikasie lê veral op die vlak van die hermeneutiek en die benutting van stylfigure, simbole, rituele, elektroniese media en dramatisering by geloofsbemiddeling aan tieners deur middel van die verskillende mediakulture wat wissel van verbaal tot multi-sintuiglik (vgl Janse van Rensburg & Prins 1997:297-299).

Van Leeuwen (2002:70) dui die onderskeiding tussen metaforiese en simboliese taal soos volg aan: *"Een 'levende' metafoor vernieuwt de taal. Maar de taal kent ook 'oude aardlagen' (Oosterhuis): symbolische betekenissen, onder de oppervlakte verscholen".* Die uitdrukkingskrag lê nie soos by metafore hoofsaaklik in die woorde nie, maar in die werklikheid self (vgl paragraaf 6.12.7 – Geloofsbemiddeling deur middel van simbole).

Geloofsbemiddeling vra naas 'n studie van die hermeneutiek ook insig in die kommunikasiewetenskap wat in die moderne tyd ontstaan het as gevolg van moderne tegnieke om boodskappe oor te dra (vgl Dingemans 1991:137). Hierdie kommuniksiewetenskap word vir geloofsbemiddeling benut en word sodoende vir die teologie diensbaar. Die kernbegrip wat hier ter sprake is, is die kodesisteem wat gebruik word om die boodskap oor te sein. Dit lei tot sekere reaksies by die ontvanger van die boodskap. Die wyse waarop die ontvanger gestimuleer word en die intensiteit daarvan lei tot 'n bepaalde handeling. Binne 'n pluralistiese samelewing sal die kerk 'n sekere openheid moet handhaaf. Prins (1997:43) meen: *"Dit beteken die erkenning dat jou eie kerk nie al die antwoorde presies reg het nie en dat jou antwoorde en die aanbieding daarvan die jongmens dalk minder aanspreek as dié van 'n ander. … Die evangelie, asook die jeug, vereis dat die kerk nie vaag raak oor wat hy aanbied en onseker word in die wyse van sy aanbieding nie".*

Pieterse (1993:172) verwys na H.D. Bastian: *"Bastian (1968) het 'n pleidooi gelewer dat die praktiese teologie in sy besinning oor die handelinge van die kerk op die hoofmotiewe in die nuwe benadering moet konsentreer, naamlik teorie en praxis. 'n Wetenskaplike beskrywing oor die verhouding tussen teorie en praxis is nodig vir verdere teoretisering in die vak".* Vir die bemiddeling van geloof aan gesinne en tieners, moet daar oor 'n diensbare kommunikasiewetenskap nagedink en beoefen word. Daarom moet daar vanuit 'n teologiese "model" van kerklike kommunikasie en ook vanuit algemene kommunikasiemodelle 'n diensbare kommunikasiewetenskap ontwikkel word wat gesins- en gemeenskapsvriendelik is.

Binne die kommunikasiekunde word verskillende begrippe gebruik om meer oor die kommunikasieproses mee te deel: (1) sintaktiek is 'n studie oor tekens as kodes wat die sigbare en hoorbare draers van boodskappe is; (2) semantiek bestudeer tekens wat as simbole gesien word; (3) pragmatiek is die studie van tekenverkeer in beweging waar die dinamiek van die kommunikasieproses en die reëls en wette wat die proses beheer en beïnvloed, ondersoek word, met ander woorde die "hoe" van kommunikasie (vgl Kurz se mening oor pragmatiek en simboliek by paragraaf 6.12.1). Die voorafgaande kommunikasievlakke en die inligting wat dit verskaf, is van belang in die daarstelling van 'n kommunikasiestruktuur vir geloofsbemiddeling en hoe die proses van geloofsbemiddeling kan verloop. (4) Die uitgangspunt sou dan 'n soort kerklike semiotiek wees, 'n teorie van die kerklike aktiwiteit op verskillende vlakke met verskillende gebruike van tekens. Semiotiek is van belang vir die gemeenskapsgerigtheid van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel. Semiotiek kan omskryf word as die wetenskap wat die proses van betekenisgewing in die kommunikasie bestudeer deur alle kulturele prosesse, byvoorbeeld die gemeente as proses en as simbool, te ondersoek waarin die betekenisgewing by die waarnemer berus binne die konteks of sisteem waarin die gebeure of tekens plaasvind.

Müller (1996:4) is van mening: *"Wanneer kommunikatiewe handelinge in die praktiese teologie bestudeer word, maar met 'n definitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief, is die benadering veel meer inklusief en verwys dit na die totale ekosisteem waarbinne die kommunikasieprosesse verloop".* Müller (1996:5) definieer die praktiese teologie derhalwe soos volg: *"Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christengeloofs-gemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe"*.

In hierdie navorsing word die gemeenskap of ekosisteem van die tiener en sy gesin sentraal gestel. Hierdie ekosisteem bestaan uit verskillende verhale van kerklikes en nie-kerklikes wat by die verhaal van God se heilshandeling met die mens uitgebring moet word. Geloofsbemiddeling word dus in hierdie lig 'n vermenging van verskillende kommunikasiegebeurtenisse, Christelik en nie-Christelik, wat uiteindelik tot die een verhaal van versoening tussen God en mens moet lei. As uitgangspunt word geneem dat die probleem nie by geloof of die geloofshandelinge geleë is nie, maar hoe geloof bemiddel word om tot geloofshandeling te kom.

Dingemans (1991:137) meen: *"De moderne communicatiewetenschap is ontstaan in het kader van de techniek, of preciezer gezegd: ten behoewe van de constructie van technisch-artificiële kanalen (telegraaf, telefoon, radio, televisie).* Pieterse (1993:142-157) bespreek die belangrikste kommunikasieteorieë binne 'n prakties-teologiese perspektief: *"Wanneer 'n mens die veld van kommunikasieteorieë aangaande intermenslike kommunikasie begin verken, kom jy gou agter dat daar geen eenvormige kommunikasieteorie bestaan nie".* Pieterse verwys na Van Schoor se kommunikasie-drieluik en Dingemans se benadering wat in paragraaf 6.2.2 meer volledig bespreek word. Pieterse (1993:149-152) gee ook 'n algemene skets van spesifieke kommuniksieteorieë: (1) Die meganistiese benadering wat 'n liniêre kommunikasie is wat die klem op die kanaal of boodskapoordrag laat val. (2) Die psigologiese benadering beklemtoon die ontvanger se interpretasie van die boodskap in die kommunikasieproses. (3) Die interaksionistiese benadering bestudeer die interaksie tussen twee of meer deelnemers in die kommunikasie-gebeure (vgl paragraaf 6.2.2). (4) Die transaksionele benadering is 'n uitbouing van die interaksionistiese of dialogiese benadering waar die deling van betekenis beklemtoon word. (5) Die pragmatiese benadering beklemtoon nie slegs die verhouding nie, maar die totale kommunikasieproses met die klem op proses. (6) Die eksistensiële en hermeneutiese benadering beklemtoon die rol wat gedeelde betekenis in die bepaling van die mens se kwaliteit van bestaan speel. Pieterse (1993:151) verwys na Heidegger se hermeneutiese benadering wat in die eksistensiële benadering ingebed is.

Geloofsbemiddeling vind deur verskillende kanale plaas (vgl diagram 29: *Geloofsbemiddeling as kommunikatiewe handeling*). Dit sluit die twee kontekste of praxisse waarin die geloofswaarhede bemiddel word in, die Bybelse en die postmoderne konteks. Binne hierdie kontekste word unieke ekosisteme gevind waarin geloof bemiddel is en ook tans bemiddel moet word. Die kanale loop na die wese van die mens deur die kognitiewe (inhoudelike), die affektiewe (ervarende) en die konatiewe (wilshandelende). Hierdie kanale kan verruim word deur die gebruik van simbole en rituele. Binne hierdie kanale kan daar verskillende hindernisse bestaan wat weerstand teen die geloofsinhoud bied om by die ontvanger uit te kom.

Hierdie hindernisse moet binne die ekosisteem van elke ontvanger vasgestel word. Die weerstand binne die bemiddelingsproses of die kanale waardeur die geloofsbemiddeling sy verloop na die ontvanger moet kry, moet verreken word.

Vir die ontwikkeling van 'n model om binne 'n geïnstitusionaliseerde en individualistiese konteks geloof te bemiddel, moet die klem op diensbare kommunikasie val (vgl diagram 30: *Diensbare kommunikasie vir 'n nuwe gemeenskap*). Dit dui op die verbondsmatige of verhoudingsmatige wat onder andere binne 'n dialogiese, liniêre, sirkulêre, interaksionele, interpersoonlike, teologiese, sosiologiese en antropologiese denkraamwerk gevind kan word. Binne hierdie denksisteem kan van geloof in teorie na die geloof in praktyk beweeg word. Dit vra 'n vernuwing in teologie, hermeneutiek en kommunikasie as gevolg van kontekstuele veranderinge, 'n multikulturele situasie en nuwe verhoudings wat tussen mense onderling en mense en God ontstaan. Dit is die weg van 'n ou gemeenskap na 'n nuwe gemeenskap of societas. Die diensbaarheidsfaktor van kommunikasie is binne hierdie navorsing van groot belang. Tieners en ouers moet deur diensbaarheids-handelinge tot geloofsbemiddeling in die gemeenskap beweeg word wat in gemeenskapsprojekte gestalte vind. Dit is 'n kommunikatiewe handelingswyse wat deur die totale wese van die bemiddelaar na die totale wese van die bemiddelde loop. Dit bring hierdie diskussie by 'n moontlike kommunikasiemodel.

**6.2. 'n Kommunikasiemodel**

Geloofsbemiddeling aan tieners vra kennis van tieners se denkwyse. Knippenberg (2000:55) is van mening dat die inhoudelike van jongmense se gebede iets van hul godsdienstigheid openbaar. Behalwe die skielike fisiese veranderinge by tieners, vind daar ook 'n duidelike transformasie in hul denkwyse plaas: *“These powerful, qualitative changes in cognitive capabilities result in an enhancement in scope and breadth of thinking, reasoning, and problem solving”* (Sapp 1991:72). Sapp (1991:72) verwys na Elkind (1984) wat meen dat die kognitiewe veranderinge selfs meer opvallend en verreikend is as die fisiese. Sapp (1991:72) beweer: *“These new mental powers are the perceptual filter that bring about a transformation in the way adolescents react to their new physical appearance”*. Dit is dus wenslik om vanuit die tiener se denkraamwerk 'n model vir tiener- en gesinsbediening te ontwikkel wat tot geloofsverbintenisse en -handelinge sal lei. Sapp (1991:72) stel dit soos volg: *“Understanding the changes in adolescent thinking abilities is integral to the broader understanding of adolescent functioning in the related areas of personality development, identity development, moral reasoning, and religious commitment”*. Sapp (1991:89) met verwysing na Piaget (1972) en Elkind (1984) meen: “*... that adolescents’ enhanced cognitive capabilities set the stage for a profound change in their personal religious development. These capabilities are manifested in the adolescents’ capability to generate theories, to grasp abstract relationships, and to comprehend the underlying reasons for them”.*

Dit is dus verstaanbaar in die lig van denominasionele verskille in die teologie asook die geweldige sosiale druk waaronder tieners gebuk gaan, dat daar verwarring ontstaan wat in mislukkings kan uitloop. Wat met versigtigheid gehanteer moet word, is die mate van ooreenstemming tussen die persoonlike godsdiens van die tiener en die vereistes wat die geïnstitusionaliseerde godsdiens stel. Indien daar 'n onduidelike ooreenstemming tussen persoonlike en geïnstitusionaliseerde godsdiens is, sal dit tot

twyfel en verwerping van die geïnstitusionaliseerde godsdiens lei. *"More young people appear to be retaining a personal religion while rejecting institutional religion (Conger 1977), and fewer young people today, as compared with twenty years ago, view themselves as religious"* (Sapp 1991:90).

### 6.2.1 Belangrikheid van doeltreffende kommunikasie

Neff (1991:162-176) verduidelik die definiëring van kommunikasie aan die hand van oorvleuelende sirkels wat persone verteenwoordig. Hierdie oorvleueling vind in 'n mindere of meerdere mate plaas afhangende van vele faktore, soos byvoorbeeld die onderwerp wat bespreek word, die betrokke persone wat met mekaar in gesprek is en die metode wat gebruik word om die informasie oor te dra. Tussen ouers en tieners kan groot ooreenstemming wees wanneer voorhuwelikse seks bespreek word, maar wanneer misbruik van alkohol bespreek word, kan daar minder eenstemmigheid bestaan. Ouers sê soms dat daar geen kommunikasie tussen hulle en hul tienerkinders bestaan nie, tog bestaan daar nie werklik so-iets soos geen kommunikasie nie. Wat ouers eintlik met geen kommunikasie bedoel, is dat daar nie verbaal met mekaar omgegaan word nie. Nie-verbaal vind daar soms in sulke "stil" situasies duideliker kommunikasie plaas as wanneer daar verbaal met mekaar gekommunikeer word.

In dieselfde asem moet ook na die verskillende sones van elke persoon verwys word wat 'n direkte invloed op kommunikasie het en wat sterk by tieners voorkom, veral die individuele en intieme sone waarin min persone welkom is. Hierdie sones funksioneer verskillend binne die onderskeie kulture. Die ander sones is die persoonlike sone - waarin geen intimiteit toegelaat word nie, soos die sosiale sone wat deur besigheidsmense gebruik word en die publieke sone wat in publieke vergaderings voorkom. Laasgenoemde is van belang wanneer die lede van die kerk, staat en markplein met mekaar kommunikeer.

Erasmus, Bowler en Goliath (1996:1) noem die volgende redes vir doeltreffende kommunikasie: om inligting te bekom, te verskaf of uit te ruil, om gesonde verhoudinge te skep of te behou, om ander te oortuig om dieselfde te dink en op te tree, om besluite te neem oor wat gedink en gedoen moet word en om idees aan ander tot uitdrukking te bring.

Neff (1991:169) beweer: *"While the exchange of information is an important aspect of communication, it is not the sum and substance of the process".* Neff (1991:169) verwys na verskillende navorsers wat met mekaar ooreenstem dat kommunikasie basies twee elemente het: (1) informasie en (2) die verhoudingsaspek van die handeling. Die meeste ouers en persone wat geloof bemiddel en voel dat hulle nie sinvol oorkom nie, het vergeet dat kommunikasie nie net met informasie te doen het nie, maar ook met 'n verhouding wat die informasie tot handeling laat oorgaan. Pieterse (1988:93) verwys na die elementêre simmetriese kommunikasiestruktuur vir 'n meer geslaagde kommunikasie. Elkeen in die gesprek moet gelyke kanse hê om in die kommunikasieproses as ontvanger en sender deel te neem.

Alhoewel daar reeds in 'n groot mate rus in die metodologiese stryd oor kommunikasie aangebreek het, word die vraag oor die effektiwiteit van geloofsbemiddeling nie minder belangrik nie. In hierdie navorsing word gevra: In

watter mate word tieners tot geloofshandelinge gestimuleer deur die huidige algemene verbale bemiddelingsmetodologie? 'n Belangrike bydrae word deur Jürgen Habermas gemaak, wat na kommunikasie as kommunikatiewe handelinge verwys. Dit gee 'n praktiese koers aan die nadenke oor kommunikasie. Om geloof aan tieners te bemiddel en hul daardeur self tot geloofsbemiddelaars te lei, stel sekere vereistes. Habermas (1984:177) stel vier voorwaardes waaraan 'n ideale gespreksituasie moet voldoen: *“Ideale Sprechsituationen müssen zunächst zwei triviale Bedingungen erfüllen:*

> (1) Die duskussie moet sonder handelingsdruk gevoer word, anders ontbreek die ruimte vir 'n ongestoorde uitwisseling van argumente.
> (2) Alle gespreksgenote moet die gelyke geleentheid hê om verklarings, bewerings, bevele en regverdiginge op te stel, die geldingsaanspraak daarvan te problematiseer, te begrond of te weerlê.

Habermas (1984:178) meen: *“Die Freisetzung des Diskurses von Handlungs-zwängen ist nämlich nur im Kontext reinen kommunikativen Handelns möglich”.:*

> (3) Tot die diskussie moet slegs sprekers toegelaat word wat gelyke geleenthede het om representatiewe spreekhandelinge aan te wend, dit wil sê hulle instellings, gevoel en wense tot uitdrukking te bring.
> (4) Tot die diskussie word net sprekers toegelaat wat die gelyke geleentheid het om regulatiewe spreekhandelinge uit te voer, dit wil sê om te beveel, om hulle te verset, om te verbied om beloftes te maak, om rekenskap te gee en te vra.
>
> (Vos 1996:5, vgl ook Habermas 1984:177 -178)

Die geskrewe Woord moet dus so aan tieners bemiddel word dat dit tot vrymoedigheid sal lei om te reflekteer en tot sinvolle handeling te kom. Simboliek moet in geloofsbemiddeling as kanaal dien om die woord tot handeling te bring. Die diep kleurvolle uitdrukkings en waarhede van die Bybel moet aksie oproep. Die tiener moet in die verbeelding en simbolisering van die Bybel deur rituele die gestalte van 'n handelende Jesus Christus opmerk.

> ... kommunikatiewe handelinge is in die Naam van God. Die intensie is in hierdie geval om die jeug te help om te word wat hulle geskep en geroep is om te wees: mense wat weer in die handelinge van God ingeskakel word in diens van die kommunikasie van die evangelie en die gekome en komende Ryk van God in die samelewing. Wat hier van belang is, is dat jeugbediening vra na 'n goed ontwikkelde teologiese kommunikasieteorie, 'n prakties-teologiese perspektief op die ekklesiologie, die antropologie en die agogiek. In die jeugbediening gaan dit om komprehensiewe, intensionele en gedifferensiëerde kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie.
>
> (Nel 1998:4-5)

### 6.2.2 Elemente van kommunikasiemodelle

Volgens Erasmus en andere (1996:4-5) bestaan die elemente van kommunikasiemodelle uit 'n sender, kodering, 'n boodskap, 'n ontvanger, dekodering, kanaal of medium, terugvoering en steurnisse. Dingemans (1991b:141-152) onderskei op grond van die aard van kommunikasie tussen drie soorte kommunikasie: (1) liniêre kommunikasie, (2) sirkulêre kommunikasie en (3) interaksionele simboolkommunikasie. Om die liniêre kommunikasie te verduidelik verwys Dingemans na C. Shannon en W. Weaver se diagram: Liniêre kommunikasie (vgl diagram 31: *Liniêre kommunikasie*). Die sender (S) kodeer 'n gedagte of saak (M1) vanuit 'n eie verwysingsraamwerk tot 'n boodskap (M2) en versend dit deur 'n kanaal (C) na die hoorder (R) wat die boodskap dekodeer (M3) en interpreteer binne 'n eie verwysingsraamwerk. Hierdie proses kan versteur (N) word. Om geloof dus effektief te bemiddel moet daar ooreenkomste tussen die sender en hoorder met betrekking tot die taal of simboliek wees. Hoe minder die ooreenkomste is hoe minder sal die hoorder die sender verstaan.

> Men kan vanuit dit communicatiepatroon vragen naar de validiteit van de overlevering van bijbelse teksten (tekst-kritisch onderzoek), naar de tekentaal, waarin de boodschap is vervat (linguïstisch en literair-kritisch onderzoek van die bijbel), naar de boodschap van de schrijvers, voorsover de teksten de oorspronklijke bedoeling laten reconstrueren (historisch-kritisch en semantisch onderzoek) en naar de overleveringsgeschiedenis van de boodschap in de (westerse) cultuur (ideeën- en dogmengeschiedenis).
>
> (Dingemans 1991:143)

Dingemans (1991b:143) meen omdat die ontvangers en hul kulturele sisteem al hoe verder van die oorspronklike teks en kultuur verwyder word, moet die teks verklaar en uitgelê word. Hierdie afstand (die lengte van die kanaal) moes met die verloop van tyd al hoe meer oorbrug word. Veral die kulturele verwysingsraamwerk en die tekensisteem van die senders ($\alpha$) en van de ontvanger ($\beta$) verskuif steeds verder uitmekaar, sodat die postmoderne hoorders dit moeilik vind om die boodskap van lank gelede, ook in die kodering van die verre verlede, te verstaan. Dit is ook die bedoeling van geloofsbemiddeling deur middel van bekende simbole en rituele om die gaping tussen die Bybelse konteks en die postmoderne konteks nouer te maak. Deur middel van dramatisering, musiek en skeppende kunste word die betekenis van die Bybelse tekste opgevang en oorgedra in 'n moderne verwysingsraamwerk.

Omdat geloofsbemiddeling ook tot handeling of reaksie moet lei, is dit van belang om ook kennis te neem van wat Dingemans (1991b:144-146) sirkulêre kommunikasie noem (vgl diagram 32: *Sirkulêre kommunikasie*, wat aan Fauconnier ontleen word). Met verwysing na die fokusgroepmetodiek om gesprekke te stimuleer, wat 'n kwalitatiewe navorsingsmetode is, beklemtoon die sirkulêre kommunikasie die dialogiese kommunikasiesisteem. Die sender begin die gesprek en die hoorder reageer waarop die sender weer reageer, ensovoorts. Op hierdie wyse word daar nader aan die verstaan van die teks beweeg. Die onderwerp is in hierdie geval nie altyd van uiterste belang nie, maar die soeke na gemeenskaplikheid, belangstelling en gevoelens. In sirkulêre kommunikasie verwissel sender (S) en ontvanger (R) voortdurend rolle. Hulle is beurtelings spreker en luisteraar. Die oorspronklike

gedagte en die interpretasie daarvan verander sodat die twee gespreksgenote mekaar al hoe meer verstaan om tot 'n gemeenskaplike insig oor die saak te kan kom. Hierdie metode is veral van belang in 'n multi-kulturele situasie om tot gemeenskaplike handeling te kom.

Die derde kommunikasiemodel waarna Dingemans (1991b:147-152) verwys, is interaksionele simboolkommunikasie (vgl diagram 33: *Interaksionele simboolkommunikasie*). Interaksionele simboolkommunikasie kan ook indirekte kommunikasie genoem word. Hierdie manier van kommunikasie veronderstel dat daar 'n verbintenis van die hoorder en die spreker met 'n bepaalde saak is waaroor hulle saam wil gesels. Dit word ook die ABX-kommunikasiesisteem genoem. Spreker A en die hoorder B is in die gesprek gerig op saak X. Die vraag is of die kommunikeerders A en B mekaar oor saak X reg verstaan. Tussen die sprekers vind 'n uitruiling van tekens en simbole plaas. A en B probeer vir mekaar informasie oor X gee om gevoelens en oordele oor X oor te dra. Beide A en B maak van simbole gebruik om die saak waaroor dit gaan te verwoord. Die tekens of simbole waarborg egter nie die korrekte oordra van betekenis nie, maar dit ontlok betekenis by die hoorder uit en roep betekenisgewing op. Die gebruik van tekens en simbole is gewoonlik ingebed in 'n bepaalde kultuur en dit veronderstel dat daar deur sulke middele tot die verstaan van bedoelinge en gevoelens gekom kan word. Die werklikheid word op 'n eie en intersubjektiewe manier geken. Daarom is die gerigtheid op X deur A en B tog van mekaar te onderskei vanweë 'n intersubjektiwiteite wat by beide aanwesig is. Sodra daar dus na die gemeenskap met vele kulturele kante uitgereik word, veronderstel dit dat daar ook gewaak moet word vir misverstande in die oordrag van informasie soos by geloofsbemiddeling.

Vos (1996:178) lewer kritiese kommentaar oor Dingemans se interaksionele simboolkommunikasie omdat hy van mening is dat die begrip “simbool” wat in Dingemans se model gebruik word nie die preek in al sy dimensies kan omvat nie.: *“In die literatuur het die woord ‘simbool’ buitendien ‘n bepaalde betekeniswaarde …. Deur die hele kommunikasieproses onder ‘n simboolsisteem te probeer tuisbring, word die onderskeid tussen simbole en metafore nie genoeg in ag geneem nie”.*

Volgens Van Schoor (1988:4-5) het die mededeling en vertolking van boodskappe die struktuur van 'n drieluik. 'n Drieluik bestaan uit twee syluike en 'n middelste luik wat gewoonlik die grootste is. Die luike is met skarniere aanmekaar vasgeheg sodat die luike aan die kante kan toevou oor die middelste luik. In kommunikasie is die twee syluike die mededeler en die vertolker en die middelste luik die boodskap. Elke individu is op die een of ander manier 'n mededeler en vertolker van boodskappe. Wanneer ek iemand groet en na sy welstand verneem, is ek 'n mededeler. My groet is die boodskap en die manier waarop die vertolker my groet beantwoord, is sy vertolking van my boodskap. Dit sal daarop dui of die vertolker die groet aanvaar, of die twee luike oor die middelste luik, die groet, toevou.

Daar moet egter gewaak word teen die wanbegrip dat die mensdom ingedeel kan word in mededelers en vertolkers. Geen mens is ooit uitsluitend mededeler of vertolker nie. Om 'n mededeler te wees, is om tydelik 'n bepaalde rol in die samelewing te vervul en dieselfde geld vir die posisie van die vertolker. So 'n stelling is 'n oorvereenvoudiging, want ons beset gewoonlik albei rolle: jy deel mee en is op dieselfde moment ook vertolkend gerig op jou deelgenote in die boodskapverkeer. In

'n gesprek is die spreker baie bedag op die uitdrukkings op die gesig van die luisternaar en vertolk hy voortdurend sy gesigsuitdrukkings.

In die ontwikkeling van die gesinsbedieningsmodel word gekonsentreer op die oordragmiddels van die geloofsinhoud en op die hindernisse wat die bemiddeling van geloof teenwerk. Vos (1996:10) beweer: *"Daar het 'n gaping ontstaan tussen die funksies van religie soos dit blyk uit die vertolking van die Woord in kerk en teologie enersyds en dit wat moderne mense dink en ervaar en nodig het vir hulle bestaan".* Vos is van mening dat jongmense nie meer die religieuse gemeenskap nodig het om sosiaal te kan funksioneer nie. Dit plaas hierdie navorsing voor die uitdaging om vanuit die huidige sosialiseringsprosesse van tieners en hul ouers 'n gesinsbedieningsmodel te ontwikkel wat geloof kan bemiddel. Omdat daar baie steurnisse in enige bemiddelingsproses, geestelik van aard of nie, bestaan, moet 'n deeglike studie daarvan gemaak word om die gaping tussen die Woord, kerk en teologie aan die eenkant en die postmoderne mens aan die ander kant nie nog wyer te laat word nie.

Die persone (sender en ontvanger), boodskap (bepaalde inhoud), media (kommunikasiemiddele) en ander elemente betrokke by die oordra van 'n boodskap word in die volgende diagramme uitgebeeld.: Diagram 34: *Kommunikasieprosesse soos deur Lasswell voorgestel* en diagram 35: *Kommunikasiemodel van Jakobson* (vgl Erasmus, Bowler en Goliath 1996:3). Alhoewel hierdie diagramme die kommunikasieproses op 'n eenvoudige wys probeer voorstel, is die ingewikkeldheid van kommunikasie primêr geleë in die voorverstaan en verstaan van die gespreksinhoud deur beide sender en ontvanger. Die diagramme kan ook as basismodel saam met dié van Dingemans (1991b:141-12) vir die bemiddeling van geloof gebruik word. Die kommunikasiemodel van Jakobson verreken die steurniselement. Erasmus en andere (1996:33-40) verwys na steurnisse wat by geloofsbemiddeling in gedagte gehou moet word. Dit word vir die doel van hierdie navorsing direk met geloofsbemiddeling aan tieners gekoppel: (1) Fisiese steurnisse sluit in enige geraas of demping in klank wat by tieners op intensiewe wyses voorkom, veral musiek. (2) Fisiologiese steurnisse kan swak gesondheid behels, maar dit kan ook die skielike fisiese ontwikkeling van tieners insluit. (3) Psigologiese steurnisse kom in 'n hoë mate by tieners voor, naamlik woede, depressie, vrees, senuweeagtigheid, verveeldheid en wantroue. (4) Perseptuele steurnisse soos agtergrond, kultuur, geslag, persoonlikheid, opvoeding, belange en behoeftes speel ook 'n besliste rol by die geloofsvorming van tieners. (5) Semantiese steurnisse het met die betekenis van woorde en die verkeerde verstaan daarvan te doen soos wanneer verskillende betekenisse aan 'n spesifieke woord of uitdrukking geheg word. (6) In die huidige situasie in Suid-Afrika kom interkulturele steurnisse en groot kultuurverskille geredelik voor. (7) Verskansing of opsetlike vermyding van 'n gesprek as gevolg van vrees vir iets wat jy verkeerd gedoen het, kom ook algemeen by tieners voor.

Van der Ven (1993:53-59) bespreek 'n aantal beperkinge of stoornisse in kommunikasie. Die mislukking in geloofsvorming by tieners het in 'n hoë mate te doen met blokkasies tussen die bemiddelaar en die bemiddelde van die geloofsinhoud: *"… there are times when communication falls short of its objectives"* (Van der Ven 1993:53). Van der Ven bespreek die kommunikasiebeperkinge rondom die (1) persone betrokke, naamlik die sender en ontvanger, (2) die taal van die

sender en ontvanger in hul interaksie, (3) die verhouding tussen sender en ontvanger asook (4) die beperkinge wat deur die konteks veroorsaak word.:

(1) Die persone betrokke in die geloofsvormingsproses maak soms afleidings as gevolg van swak konsentrasie of onvoldoende kennis van die spesifieke onderwerp ter sprake. Mense maak foute en dit is moeilik om dit altyd te erken: *"Even more important is the fact that they are also capable of deception – either consciously or unconsciously"* (Van der Ven 1993:53). Die persoon wat geloof bemiddel se persoonlikheid kan die bemiddelingsproses ook nadelig beïnvloed.

(2) Misverstand en misleiding is inherent in die taal wat gebruik word by interaksie tussen gespreksgenote. Van der Ven (1993:54) onderskei tussen twee aspekte van taalgebruik wat tot misverstand kan lei en dit is (a) spraakhandelinge en (b) taalsimbole. Wat die spraakhandelinge betref moet gelet word op die verskille tussen spraakhandelinge ten opsigte van waardes en norme in die objektiewe wêreld en kommunikasie op die vlak van persoonlike gevoelens in die subjektiewe wêreld. Wat taalsimbole as steurnis betref, ondeskei Van der Ven (1993:54) tussen drie aspekte: (i) die semantiese wat dui op die verhouding tussen die simbool en werklikheid; (ii) die sintaktiese wat met die inhoud van die konsep van die simbool binne die groter simboliese konteks te doen het en (iii) die pragmatiese aspek wat die verhouding tussen taal en handeling in die konteks aandui.

(3) Dit bring Van der Ven se betoog by die beperkinge wat inherent in die verhouding tussen sender en ontvanger aanwesig is. Van der Ven (1993:55) bepaal hom hier tot die "ek"-, "jy"- en "ons"-verhouding. Die beperkinge in die kommunikasie kom voor as gevolg van 'n selfbeeld wat bestaan wat Van der Ven (1993:55) die *"ego-image"* en die *"alter-image"* noem. Beide het met die dialektiek tussen "ek" en "my" te doen: *"Through the process of self-evaluation … these images of self may be placed in a good or a bad light".*

(4) Van der Ven (1993:57) sê dat kommunikasie in 'n onvolmaakte wêreld plaasvind. Hierdie onvolmaaktheid is nie iets wat net by die sender, ontvanger of in die taal en interaksie van sender en ontvanger geleë is nie, maar kom ook in 'n kontekstuele netwerk voor. Hierdie konteks kan volgens Van der Ven (1993:57-59) in verskillende faktore verdeel word: (a) Die demografiese faktore kan as die belangrikste invloed op kommunikasie gesien word. In 'n verstedelikende situasie word godsdiens al hoe meer as privaat beskou. (b) Ekonomiese faktore soos gelyke ekonomiese voorregte, aanbod en aanvraag asook belegging en beloning kan genoem word. Hierdie faktore speel nie noodwendig 'n openlike rol in kommunikasie nie. (c) Politieke faktore kan nie maklik gestuit word as daar na geloofsbemiddeling oorgegaan word nie. Politieke faktore het te make met 'n sosiale orde en verhoudings en plaas soms beperkinge op kommunikasie. (d) Van der Ven (1993:59) meen: *"From a cultural point of view, social order and unity are not governed by the economic and politcal factors of exchange and power, but rather by a concensus between the members and groups of which the society is composed".* Kulturele faktore wat bepaalde opvattings, waardes, rolle en funksies insluit, bepaal naas godsdiens die handelinge wat plaasvind.

Erasmus en andere (1996:38) noem 'n paar maniere om hierdie interaksiesteurnisse te voorkom: Praat waar moontlik van aangesig tot aangesig. Probeer so veel

moontlik te wete kom watter verskillende steurnisse daar is wat met kommunikasie kan inmeng. Wees altyd sensitief oor iemand anders se agtergrond. Gebruik direkte, ondubbelsinnige en eenvoudige taal. Herhaal die boodskap mondelings of skriftelik om seker te maak dat dit korrek verstaan word. Vermy subjektiewe, emosionele taal. Bou 'n vertrouensverhouding tussen geloofsbemiddelaar en die ontvanger op. Wees onbevooroordeeld en ontvanklik vir voorstelle. Waak teen 'n verdedigende houding en wees 'n goeie luisteraar.

Om geloof in die konteks van die totale gemeenskap te bemiddel, vra 'n groter sensitiwiteit vir steurnisse, want dit lei tot die onhoorbaarheid van die Woord. Daarom moet daar genoeg tyd bestee word aan die bou van onderlinge verhoudinge en die waarneming van die gemeenskapstaal wat gebruik word. Dit sluit die gebruik van simbole en rituele in wat nie noodwendig binne die verskillende sosiologiese vlakke van die gemeenskap dieselfde betekenis het nie. Die kulturele verskeidenheid soos rituele, simbole, begrippe en tienersleng in die tienersubkultuur (vgl Davies 1991:22-24 in paragraaf 6.2.4 (5)) kan een van die belangrikste steurnisse wees indien dit nie in ag geneem en verstaan word nie, want dit kan dialogiese kommunikasie verhinder. Daar is dus nie 'n eenvoudige manier om geloof aan tieners te bemiddel nie. Vir tieners kan sirkulêre kommunikasie moontlik die beste wees omdat die onderwerp nie so belangrik is as die gemeenskaplikheid, belangstelling en gevoelens nie (vgl diagram 68: *Geloofsbemiddeling as verstaanshandeling* in paragraaf 9.5.2 (5)).

### 6.2.3 Dialogiese kommunikasieteorie

Dialogiese kommunikasie is 'n gesprek wat as 'n proses beskou moet word wat binne 'n bepaalde situasie troos en hoop moet bring met 'n spesifieke doel – 'n ontmoeting met God (vgl diagram 36: *Die dialogiese kommunikasieteorie,* 'n samevatting van Pieterse in Vos en Pieterse (1997:19-27) se uiteensetting van 'n dialogiese kommunikasieteorie). Die vorm waarin hierdie dialoog geskied moet oop wees en die inhoud daarvan is die Woord van God. Vos en Pieterse (1997:19) maak die opmerking dat verskeie denkers deur die eeue heen die gesprek as die wesenlike element van alle menslike kommunikasie uitgesonder het. Dit vorm die grondstruktuur van intermenslike kommunikasie. Gesien in die lig van Lasswell en Jabobson se modelle is die beklemtoning van dialoog en veral die terugvoering van die ontvanger wat die boodskap dekodeer van groot belang. Dit bepaal of daar werklike dialoog plaasgevind het en in watter mate die steurnisse dit verhinder het en die metodes om steurnisse te voorkom werklik benut is.

Binne die verbondsgesin is dialoog of gesprek die sleutel om tot verbondenheid te lei. Pieterse in Vos en Pieterse (1997:21) meen: *"Gesprek is vir verbondsmense 'n houding en 'n verhouding met medebroers en -susters".* Hierdie houding en verhouding kom op verskillende maniere in die gesprek of stilgesprek tot uiting. Met laasgenoemde word die talle ander maniere van gesprekvoering bedoel, wat op nie-verbale vlak geskied (vgl die verskillende kommunikasiekategorieë by paragraaf 6.2.4). Die dekodering van boodskappe vind soms op 'n nie-verbale vlak plaas en veral in die intieme verhouding van die gesin, maar ook in 'n multi-kulturele gemeenskap. Dit dui daarop dat kommunikasie 'n proses is wat nie eindig wanneer daar nie woorde uitgespreek word nie. Die gesprek gaan ook in stiltes voort wanneer daar byvoorbeeld oor God nagedink word of tydens stilgebed. Pieterse in Vos en Pieterse (1997:22) verwys na Berkhof (1973:476-484) en Heyns (1978:127-137) met

betrekking tot die mees fundamentele insigte van 'n teologiese antropologie: (1) Die mens staan in verhouding tot God omdat God as skepper van die mens in verhouding met die mens staan. (2) Menswees as geskapene deur God beteken saamwees met God en medemens. (3) Die mens staan ook in verhouding met homself. "*Menswees is nie net oopwees vir die A(a)nder nie, maar is ook selfwees en selfbly. Trouens, die openheid na buite veronderstel iemand wat oop is en wat homself in liefde kan gee*" (Heyns 1978:134). (4) Die mens staan ook in 'n besondere verhouding tot die natuur (vgl Gen 1:26, 28 en 2:15) – die een is van die ander afhanklik. (5) Die mens staan ook in verhouding met die kultuur *"… anders kan Gods bestemming met die natuur nie verwesenlik word nie"* (Heyns 1978:137). Anderson (2001:255) meen: *"Human beings are defined by the social structures of their behavior as well as by the ritual forms of their culture".* (6) Die mens staan ook in verhouding tot die strukture in die gemeenskap wat behalwe die persoonlike verhouding as bópersoonlike verhoudinge onderskei kan word. Binne hierdie verhoudings vind die kommunikasieproses verbaal en nie-verbaal plaas. Sommige verhoudinge is meer van verbale kommunikasie afhanklik, maar in die meeste van hierdie verhoudinge is nie-verbale kommunikasie moontlik.

Vir die bespreking van 'n gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid, is die kommunikasiesituasie en verhoudinge waarin elke gesinslid staan van uiterste belang. Omdat die tiener nie werklik afhanklik is van religieuse situasies om te sosialiseer nie, moet daar wyer oor die kommunikasiesituasie gedink word. Vir tieners kan dit baie ideaal wees as gelowiges op 'n informele en sosialiserende manier kommunikeer. Dit is vir hulle 'n ruimte van bevryding, 'n pastorale konteks wat op genesing en verlossing dui. Hebbard (1995:186) gebruik die begrip *"edutainment"* en bedoel daarmee dat humor, drama, media en sang kragtige media vir kommunikasie is.

Die doel van 'n gesinsbedieningsmodel is om gesinslede en lede van die gemeenskap opnuut bewus te maak van geleenthede en maniere om in 'n ontmoeting met God en mekaar te gaan. Dit is die uiteindelike doel van dialogiese kommunikasie binne die raamwerk van teologiese kommunikatiewe handelinge. Louw (1999:121-122) verwys na die bepaalde posisie wat elke gesinslid moet inneem. Binne hierdie posisionering van gesinslede moet die doel van dialogiese kommunikasie raakgesien word. Die posisie in die gesin het 'n direkte invloed op die gesprek of dialoog wat plaasvind. Wanneer die posisies van gesinslede nie respekteer word nie of misbruik word, is die gesprek tot monologie gedoem: *"Gesprek beteken dat alle deelnemers 'n geleentheid het om 'n mededeling te maak en so mededeler te word, en dat hulle nie slegs die ontvanger van boodskappe of betekenisse is nie"* (Vos en Pieters 1997:26).

Geloofsbemiddeling aan tieners kan meer effektief binne die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele geskied. Dit beteken dat die Bybelse boodskap van die evangelie van Jesus Christus binne hierdie verbondsmatige situasie asook binne die ruimer konteks van die samelewing wat die ekologie van die gesin insluit, bemiddel moet word. Pieterse in Vos en Pieterse (1997:27) meen: *"Die Skrif met die evangelieboodskap is in hierdie kommunikasieteorie in beginsel oop vir 'n korporatiewe of gemeenskaplike interpretasie"*. Dit moet egter wyer gesien word as die gemeentelede binne 'n eredienssituasie. Dit moet ook die korporatiewe genesing

van die gemeenskap insluit waar die korporatiewe pyn deur die verlossingsboodskap van die evangelie aangeraak moet word (vgl Hebbard 1995:76-77).

### 6.2.4 Kommunikasiekategorieë

Behalwe kommunikasie-elemente moet kommunikasie-kategorieë of maniere van kommunikasie by geloofsbemiddeling in ag geneem word. Elke kommunikasie-kategorie het ‘n eiesoortige bydrae te lewer tot geloofsbemiddeling. Met verwysing na Erasmus en andere (1996:5-20) word die volgende kommunikasiekategorieë onder die aandag gebring:

***1. Intrapersoonlike kommunikasie:*** Intrapersoonlike kommunikasie vind binne die denke van die mens self plaas. Dit sluit in die skryf van 'n dagboek, beplanning van 'n aanbieding, nadink oor gebeure, dagdromery.

***2. Interpersoonlike kommunikasie:*** Interpersoonlike kommunikasie vind tussen persone in gesprekke, vergaderings en onderhoude plaas. Interpersoonlike kommunikasie word in (a) verbale en (b) nie-verbale kommunikasie verdeel. (Vergelyk diagram 37: *Interpersoonlike kommunikasie* - Erasmus en andere 1996:8). Die bemiddeling van geloof is 'n interpersoonlike of verhoudingsmatige proses en verloop dialogies tussen God en mens asook mense onderling.

***(a) Verbale kommunikasie:*** Verbale kommunikasie bestaan uit direkte en indirekte mondelinge en skriftelike kommunikasie.

***(b) Nie-verbale kommunikasie:*** Ratclif en Davies (1991:165) verwys na Albert Mehrabian se verslag wat sê as 'n verbale en nie-verbale boodskap nie korrespondeer nie, sal 93% van die mense op nie-verbale riglyne vertrou. Dit dui op die besondere trefkrag van nie-verbale kommunikasie omdat dit met soveel meer dimensies van mens-wees te doen het. Erasmus en andere (1996:10 ev) onderskei tussen verskillende tipes nie-verbale kommunikasie wat ook semiologie genoem word:

* ***Visuele semiologie:*** Visuele semiologie bestaan uit liggaamsbewegings, grafieke of voorkoms. Dit sluit die volgende in: *kinesiek* soos gesigsuitdrukkings, gebare en houding; *prosemiek* wat 'n studie van afstand, ruimte of kontak in menslike kommunikasie is, byvoorbeeld die intieme sone, die persoonlike sone, die sosiale sone en openbare sone; *grafiese voorstellings* wat simbole, grafiese tekens, illustrasies, grafieke en lettertipes insluit; *kleur* wat in betekenis van kultuur tot kultuur kan verskil; *algemene voorkoms* soos netheid, haarstyl, klere sê baie oor die persoon se houding, selfvertroue, status, waardes en ambisie.

* ***Akoestiese semiologie:*** Akoestiese semiologie bestaan uit verskillende soorte klanke. *Paralinguistiek* is 'n studie van die toonhoogte, tempo, ritme, intensiteit en aksent van die stem. *Akoestiese semiologie* sluit verder tussenklanke (embolofrasia), musiek en selfs stilte in.

* ***Takesiek:*** Takesiek is kommunikasie deur aanraking. 'n Arm word op iemand se skouer geplaas om hom te troos. 'n Klop word op die rug gegee vir aanmoediging.

Iemand se hand of arm word aangeraak om aandag te trek. 'n Drukkie word gegee om liefde te toon. 'n Stoot, slaan of klap word gegee om aggressie of woede te toon.

***3. Ekstrapersoonlike kommunikasie:*** Kommunikasie wat tussen 'n persoon en 'n dier of voorwerp plaasvind, byvoorbeeld jy voel lus om op jou rekenaar te skree omdat hy nie doen wat jy verlang nie.

***4. Massakommunikasie:*** Massakommunikasie vind tussen 'n sender en 'n groot aantal mense plaas wat mekaar nie ken nie en word gewoonlik deur die massamedia soos televisie, radio, koerante, boeke en rekenaars oorgedra.

***5. Patiese kommunikasie:*** Dit is die gebruik van woorde om gevoel eerder as betekenis oor te dra, byvoorbeeld: "Goeiemôre! Hoe gaan dit?"

In die geloofsbemiddelingsproses kom al hierdie kategorieë wel voor, maar miskien vind die nie-verbale kommunikasie meer onbewustelik plaas en daarom word die waarde daarvan soms onderskat. Daar is egter redes om dit nie te onderskat nie, veral as daar na die bediening van Jesus Christus gekyk word (vgl paragraaf 6.12.6).

Davies (1991:22) sê: *"Contemporary adolescent subculture depends upon channels of communication for survival. The necessary conduit is provided through the mass media. Without such visual and verbal linkage, it is doubtful if the youth culture would be maintained"*. Tienersleng is 'n unieke vorm van kommunikasie. Alhoewel tieners dieselfde terme, idiome, simbole en rituele as volwassenes gebruik, het dit nie altyd dieselfde betekenis nie. Dit bemoeilik die koderingsproses in kommunikasie om tot 'n verwagte dekodering en geloofshandeling deur tieners te lei. Navorsing oor tienersleng is nodig vir effektiewe geloofsbemiddeling. Min navorsing is oor tienersleng gedoen. Davis (1991:23-24) verwys na Sebald (1984:250-252), 'n jeugspesialis, wat wel hieroor navorsing gedoen het.

## 6.3. Bydraes oor kommunikasie deur ander dissiplines

Dingemans (1996:26) sê dat die geloofsgemeenskap nie los van hul sosiale en kulturele konteks staan nie en dit vra 'n breë sosiaal-wetenskaplike ondersoek van godsdienssosioloë, godsdienspsigoloë en kulturele antropoloë. Die godsdienssosioloë bestudeer die deurwerking en gestaltgewing van die evangelie in die gemeenskap. Die kulturele antropoloë bestudeer die totale veld van vormgewing van die evangelie in die kultuur. Die godsdienspsigologie bestudeer die wyse hoe mense die evangelie in hul lewens integreer (vgl Dingemans 1996:137).

***1. Sosiologiese benadering:*** Omdat hierdie navorsing ook gemeenskapsgerig is, is die godsdienssosiologie 'n belangrike element in hierdie studie. Die Bybel het sy ontstaan binne 'n sosiologiese sisteem gekry en daarom is die religieuse teks in 'n bepaalde verhouding aan dié gemeenskap gekoppel. Die bestudering van die Bybel vra kennis so ver moontlik van die sosiale situasie waarbinne die Bybel sy ontstaan gekry het. Dingemans (2000:62) verwys na gekompartimentaliseerde, burokratiese en onpersoonlike samelewing en sê: *"Onze pluriforme, multiculturele en multireligieuze samenleving vraagt om een nieuwe doordenking van de relatie tot de werkelijkheid en dus ook van de wijze waarop het christelijk geloof kijkt naar de eigen cultuur en naar andere godsdiensten".* Montague (1997:137) beweer: *"In recent*

*decades the social sciences have contributed considerably to our understanding of the world in which the Bible took place. … It focuses on values, social structures and conventions common in the culture in which the biblical author lived".* 'n Deeglike kennis van die postmoderne gemeenskap is nodig waarin die geloofswaarhede bemiddel moet plaasvind. Die praktiese teologie sal dus van die sosiologiese interpretasies gebruik moet maak. Morgan en Barton (1988:148) sê: *"It is evidently possible to describe a religion in social-scientific terms and at the same time to practise it"*. Tracy (2000:232-233) meen: *"… without a critical social theory, the linkage between debates on reason or rationality in theology (e.g., on faith and reason) and between debates on modernity (and postmodernity) are difficult if not impossible".*

In die algemeen verbreed die sosiologiese benadering die eksegetiese ondernemingsgees en verskaf daaraan positiewe aspekte. Kennis van sosiologiese data wat help om die ekonomie, kulturele en religieuse funksionering van die Bybelse wêreld te verstaan, is onontbeerlik vir historiese beoordeling. Daar bestaan wel spanning tussen sosiologie en teologie. Tidball (1983:17) meen: *"The root of the tensions which exist between a sociological interpretation of behavior and a theological interpretation of the same behavior usually lies in the imperialist claims which each discipline makes".* Sosiologie en teologie moet dus in die vinnig-veranderende wêreld al hoe meer 'n geopende houding teenoor mekaar se bevindinge inneem.

***2. Kultureel-antropologiese benadering:*** Naas die sosiologiese benadering sal ook van 'n kultureel-antropologiese benadering gebruik gemaak moet word. Hierdie twee dissiplines staan in 'n noue verhouding met mekaar. Veral waar die gemeente met 'n gemeenskapsgerigtheid werk, sal die antropologiese insigte van die mens met wie gewerk word, help om die teks in die spesifieke antropologiese milieu te bemiddel. Stackhouse (2000:39) sê: *"… those who focus on how societies and cultures work in a more analytical, structural, or functional way, especially in the twin disciplines of sociology and anthropology, give helpful perspectives on how things work in a society, …".*

Terwyl die sosiologiese benadering die ekonomiese en institusionele aspekte bestudeer, is die antropologiese benadering geïnteresseerd in wye verskeidenheid van ander aspekte soos dit deur die taal, kuns, godsdiens gereflekteer word, ook klere, ornamentele, viering, dans, mites, legendes en alles wat met etnografie te doen het, word deel van die belangstellingsveld. Deur dit in aanmerking te neem, kan die simboliese en rituele meer effektief, doelgerig en korrek aangewend word om die geloofsinhoud tot verstaan te bring.

Vir Porter (1995:11) is die gesin *"… a cultural construct, reproducing traditional, social, religious, political, and cultural values".* Porter sê dat hierdie waardes na vore kom deur vieringe, alledaagse sleurgang, taal, rituele, familietradisies en breër kulturele interaksie. Kulturele weë sluit in opvoeding, godsdienstige instellings, kulturele feeste, handwerk, kuns, dans, musiek, films, drama en biblioteke. Hierdie kulturele goedere bied vir geloofsbemiddeling in die samelewing 'n groot verskeidendheid bemiddelingswyses.

***3. Sielkundige en psigo-analitiese benadering:*** Die sielkunde en sosiologie bied vir die praktiese teologie meet-instrumente om op 'n empiriese wyse die effektiwiteit van geloofsbemiddeling te meet en aan te pas. Meer hieroor word in hoofstuk nege, paragraaf 9.19 vermeld. Naas die empiriese metodieke, hou die sielkunde hom ook besig met psigo-analise.

Die moderne uitbreiding van sielkundige navorsing oor die dinamiese strukture van die onderbewuste bied nuwe moontlikhede vir die interpretasie van antieke geskrifte, insluitend die Bybel. Dit het egter al tot vurige debatering gelei en vrae is gevra hoe daar te werk gegaan kan word om deur middel van sielkundige en psigo-analitiese navorsing tot 'n dieper verstaan van die heilige Skrif 'n bydrae gemaak kan word. Sielkundige en psigo-analitiese studies het wel 'n verrykende bydrae te lewer tot eksegese in terme van die beter verstaan van lewenservarings en gedragsnorme. Die religieuse staan in 'n spanningsverhouding met die onbewustheid. Dit speel 'n beduidende rol in die regte oriëntering van die menslike drange.

## 6.4 Geloof in praktyk

Dingemans (1996:16-32) gee 'n bondige en duidelike uiteensetting oor die vraag na die praxis van die praktiese teologie (vgl paragraaf 2.6 asook Pieterse 1993:172 in paragraaf 6.1) Met geloof in praktyk word bedoel geloofsverbintenis wat tot geloofshandelinge lei. Burger (1991:73) meen: *"Dit gaan in die woord 'geloofsverbintenis' om die daad-kant van geloof. Daar word tradisioneel onderskei tussen twee kante van geloof, naamlik die inhoud-kant (genoem die fides quae) en die daad-kant (fides qua)".*

Wanneer daar in hierdie navorsing nagedink word oor geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin, is dit omdat die motief van 'n vaste geloofsverbintenis so sentraal in die hele Bybel en verbondsteologie staan. Hierdie sentrale plek van geloof as daad in die Bybel beklemtoon ook die belangrikheid van geloofservaring by tieners in die geloof- of verbondsgemeenskap, in besonder die gesin, maar ook binne die gemeenskap as eko-sisteem van die gesin.

Volgens Heitink (1993:164) is die verhouding van teorie en praxis op bemiddeling aangewese, 'n woord wat enersyds wederkerigheid uitdruk en andersyds verwys na mense en instansies wat as intermediêr hierdie bemiddelende rol op hulself neem. Burger (1991:77) meen: *"Die kerk moet sy bediening aan die geloofsgemeenskap intensioneel rig op die geloofsformasie (geloofsopbou) van mense; meer geleenthede skep vir publieke geloofsbelydenis en belydenisvernuwing; ruimte maak vir geloofskontrolering en voordurend soek na geloofsverbreding en –verdieping by al sy lidmate".* Anderson (2001:48) beweer: *"When we speak of praxis, we are referring to a practical form of knowledge that generates actions through which the church community lives out its beliefs (holistic, theory-laden action)".* Die ontwikkeling en infasering van die gesinsbedieningsmodel vereis die verrekening van die gedifferensieerde situasie van geloofsbemiddeling in die praktyk om die geloofsinhoud in die gemeenskap so te bemiddel dat dit tot handeling of aksie sal oorgaan.

> Er vindt bemiddeling plaats in het gezin, tussen ouders en kinderen; in de school tussen leerkrachten en leerlingen; in groepswerk en

> volwasseneneducatie; in emancipatoire netwerken; in een kerkelijke gemeenschap, tussen ambtsdragers en gemeenteleden en tussen gemeenteleden onderling; in de samenleving via individuen en instanties, binne de groepsverbanden van het maatschappelijk middenveld, via organisaties en vormen van dienstverlening, in openbare discussies via de media, in politieke en maatschappelijke sectoren.
>
> (Heitink 1993:165)

'n Goeie voorbeeld hiervan is volgens Heitink (1993:165) die ekklesiologie van H. Berkhof wat sê dat die kerk die bemiddelende beweging tussen Christus en die mense is en soos die instituut Christus na die gemeente toe bemiddel, so bemiddel die gemeente op sy beurt Christus na die wêreld toe. Alles en almal staan in diens van Christus. Die kerk-syn is dus nie staties nie, maar 'n voortdurende beweging, 'n bruggebeure waar praxis een na praxis twee vra. Heitink (1993:165) sê dat dit hoë eise aan die metode wat vir hierdie bemiddeling gebruik word, stel en dat die doel van die kommunikatiewe handeling nie alle middele heilig nie. Prins (1997:43) meen: *"Die wyse waarop jongmense hulle keuse maak, dwing die kerk ook om sy aanbod vandag op 'n ander manier te doen. Geloofswaarhede en geloofslewe moet nie outokraties van bo af meegedeel word nie, maar deur middel van dialogiese kommunikasie. Dit wat die kerk aan sy jeug wil bied, moet as 'n egte aanbod aangebied word. Dit beteken dat die jongmens se vryheid om 'n keuse te maak, erken word".*

Praxis twee is nie slegs die dekor waarteen praxis een homself afspeel nie, maar vorm die konteks van die geleefde lewe, waarin mense, gelowig of nie, as akteurs verantwoordelikheid dra vir hul eie lewe, vir dié van ander en vir die samelewing as geheel. Daar kan 'n heilsame werking van praxis een uitgaan na praxis twee wanneer die kerk en sy lede deelneem aan die kommunikatiewe handeling in uiteenlopende lewensverbande. Dit beteken dat Christene vanuit hul geloofsoortuiging verantwoordelikheid aanvaar vir ontwikkeling in die samelewing (vgl Heitink 1993:164).

Die dekor van praxis twee is besig om vinnig te verander en Osmer (2001:49) meen: *"Virtually all interpreters of globalization point to the need for new forms of education that can equip coming generations to respond to the challenges which globalization poses to the human community".* Die praktiese teologie sal indringend aandag moet gee aan die bemiddeling van geloof aan tieners in 'n multikulturele wêreld wat deur globalisering teweeggebring word, waarvan tieners moontlik meer deel is as die teoloë wat praktiese teologie beoefen omdat tieners daarin opgroei en niks anders ken nie. Van der Ven, Dreyer & Pieterse (1997:878) het 'n ondersoek onder Suid-Afrikaanse jeug gedoen oor hul geloof in God en hul verhouding tot hul godsdienssosialisering en praxis en het bevind: *"… the most important elements in religious socialization are to be found in the realm of observational learning, that is the parent's religious saliency and belief in God, and in the realm of experiental learning, that is religious transfer".* Geloofsbemiddeling aan tieners in die verbondsgesin met 'n gemeenskapsgerigtheid in 'n Suid-Afrika wat besig is om deur 'n oorgangsfase te beweeg in 'n postmoderne tyd en globalisering, stel hoë eise aan die praktiese teoloog, ouers en jeugleiers.

## 6.5 Invloede wat geloofsbemiddeling versteur

Ons beleef die huidige oorgangsperiode in Suid-Afrika na 'n nuwe bedeling nog intens (vgl paragraaf 5.2, Energiepunte in die communitas-tyd). Die effek van 'n oorgangsperiode moet in die geloofsvorming verreken word. Van Schoor (1988:1) verwys na die geskiedenis van kommunikasiekunde waar veral in die oorgangstye van die Westerse beskawing vrae gevra is en kritiek deur persone soos Sokrates en Plato oor die retoriek gelewer is wat 'n belangrike rol in die opvoeding en demokrasie van die stadstaat gespeel het. Van Schoor sê dat Plato daarmee die grondslag van die kritiese kommunikasiekunde gelê het. Van Schoor verwys ook na die vierde eeu van ons jaartelling met die val van die Romeinse Ryk toe Augustinus ook vrae oor kommunikasie gevra het na sy bekering en die klassieke dialoog gebruik het om geloof aan die massa oor te dra. Van Schoor (1988:1) verwys in die verband na Kierkegaard: *“En in die middel van die negentiende eeu het Kierkegaard met sy eksistensiële begrip van kommunikasie die massakommunikasie bevraagteken wat weldra die twintigste eeu sou oorheers. Die kritiek van Kierkegaard was die voorloper van die vrae wat vandag oor die sin van kommunikasie gevra word”.*

Dawn (1995:20) meen: *“Primarily we must comprehend that television has changed the way our culture perceives reality. Postman demonstrates that the technological process culminating in the television age began when telegraphy robbed from us relevance, power, and coherence”.* In 'n era waarin kommunikasiemiddele astronomies toeneem, moet die vraag gevra word of die kerk met geloofsbemiddeling in voeling bly met die mens wat van hierdie middele gebruik maak en daardeur kommunikatief beïnvloed word. Dawn (1995:21) verwys na die groot hoeveelheid informasie wat elke dag oor mense spoel, maar wat nie tot betekenisvolle handeling lei nie en sê met verwysing na Postman: *“Because we cannot do anything about the abundance of irrelevant information that we receive, television has dramatically altered the information-action ratio”*.

Jakobson en Dingemans se modelle in paragraaf 6.2.2 verwys spesifiek na die geraas of steurnisse wat die oordra van die boodskap nadelig beïnvloed. Tieners stel hulself in 'n hoë mate bloot aan 'n groot hoeveelheid informasie wat nie tot handelinge lei nie en net passief aangehoor word. In watter mate tree hierdie stroom inligting as steurnis op vir geloofsbemiddeling aan tieners? Die sukses van geloofsbemiddeling kan gemeet word deur ondersoek in te stel in watter mate die sender en hoorder die boodskap dieselfde vertolk en of dit tot effektiewe en die verwagte geloofshandelinge lei. Dawn (1995:21), en seker elkeen wat met geloofsbemiddeling besig is, worstel met die feit dat geloofsbemiddeling tans tot weinige handelinge lei: *“In my naivete I believed that most people put truth into practice, that we all seek coherence between what we know and how we live, that knowledge leads to integrity of character and life. Now it seems indisputable to me that television has habituated its watchers to a low information-action ratio, that people are accustomed to ‘learning’ good ideas (even from sermons) and then doing nothing about them”.*

Daar is dus sterk invloede aanwesig wat mense se denke beïnvloed en hoe daar oor die waarheid gedink word en wat werklik waarheid is. Dawn (1995:24) is van mening dat: *“Television’s influence on our culture’s perception of thinking and truth is one of the drastic changes in the social fabric that have evolved with the onset of the*

*technological milieu"*. Die hoeveelheid "waarhede" het meer geword en 'n keuse moet tussen hierdie "waarhede" gemaak word om as waardes te dien. Dit skep ernstige probleme om teen hierdie agtergrond van die evangelie as waarheid te praat of om dit te probeer bemiddel. Gelowiges en nie-gelowiges word al hoe meer bewus van worstelinge binne die kerk oor wat waar en nie waar is nie en aanvaar daarom nie meer soos vroeër die woordverkondiging van predikante voor die voet as waar nie. Die Jesus-seminaar het reeds binne teologiese kringe groot opskudding veroorsaak (vgl Müller 2002:8).

Behalwe teologiese verwarring, dui Deist en Burden (1980:115) aan hoe weinig daar van die oorspronklike teks by die hoorder uitkom net as gevolg van eksegetiese prosesse (vgl diagram 38: *Betekenisverlies by geloofsbemiddeling*). Die lyne in die diagram wat afwaarts loop en al hoe minder word, stel die betekenisverlies voor soos dit deur die verskillende eksegetiese metodes en prosesse beweeg totdat daar iets van die oorspronklike teks by die postmoderne hoorder uitkom. Aan hierdie verskraalde boodskap gee die hoorder ook nog 'n eie interpretasie. Daar kan dus met reg gevra word met hoeveel suiwerheid en versteuring gaan die bemiddeling van die geloofswaarhede gepaard? Hoe moet daar bemiddel word sodat die boodskap so suiwer as moontlik en met die minste verliese by die hoorder of vertolker uitkom? Simbole en ook rituele kan maklik foutiewelik gebruik of vertolk word. Daarom moet daar met die nodige versigtigheid met die Bybelse simbole omgegaan word. *"A fool sees not the same tree a wise man does"*, het die bekende digter William Blake gesê. Hierdie uitspraak is in baie opsigte 'n raak gesegde oor die wesensaard van visuele geletterdheid. Om die evangelie aan tieners of die millennium-generasie (vgl paragraaf 7.6.5) of enige ander persoon in die postmoderne tyd te bemiddel, vra dat dit met die nodige wysheid en kundigheid gedoen sal word.

## 6.6 Opvoedingsverbondenheid tussen ouer en tiener

Van Rensburg, Kilian en Landman (1981:169) sê: *"Verhouding dui op 'n ontmoetingsverhouding waarin die gerelasioneerdes (in verhouding) voor die opgawe gestel word om hulle op 'n bepaalde wyse tot mekaar te verhou (in verhouding te tree). Die aard van hierdie verhouding word deur die wyse van hulle gesitueerdheid bepaal".*

Volgens Alberts (1990:11 ev) is die suksesvolle opvoedingsverhouding drieledig van aard: Dit moet 'n (1) *vertrouensverhouding*, (2) *begripsverhouding* en (3) *gesagsverhouding* kweek en koester. As daar by een van die drie opvoedingsverhoudinge 'n leemte ontstaan, word aldrie nadelig geraak en die opvoedingsproses geskaad. Die begrip "verhouding" is afgelei van die Latynse woord *"relatum"*, wat beteken: "om te dra", "te ondersteun" of "om met ander te kommunikeer, om hom te bevoordeel deur bemoeienis met hom te maak" Die ouer is in die opvoedingsproses met die kind besig tot die kind se eie voordeel, maar dit is onmoontlik sonder 'n innige verhouding. 'n Opvoedingsverhouding is eers werklik ter sprake wanneer die opvoeder en opvoedeling met mekaar in vertroue, met begrip en gesag kommunikeer wat die opvoedingsverloop verseker (vgl Pretorius 1990:14). Die opvoedingsverhouding kan ook as 'n opvoedingsverbondenheid tussen ouer en kind beskou word. Die opvoedingshandeling spruit hieruit voort (vgl Zorgman 1980:10).

### 6.7 Die doel van geloofsbemiddeling

Geloofsvorming is 'n dinamiese handeling tussen God en mense en daaruit voortvloeiend 'n handeling tussen die skepsele van God. Dit sluit in geestelike, sosiale en interaktiewe prosesse. Dit vra die verrekening van die hele mens met sy emosionele, kognitiewe, affektiewe, linker- en regterbreinaktiwiteite met geen oorbeklemtoning van die een of die ander nie. Geloofsvorming vra dus 'n ruimte waarbinne al hierdie elemente van menswees benut kan word. Hierdie ruimte vereis 'n totale geopendheid en oorgegewendheid waardeur 'n ontmoetingsgebeure kan plaasvind. Geloofsvorming as skeppende en herskeppende aksie van God kan vergelyk word met 'n kunstenaar wat onbevange en ongesteurd die medium waarmee gewerk word, opneem om te laat gebeur wat moet gebeur. In kerklike kommunikasie en geloofsvorming, moet al die verskillende media deeglik benut word om die ware vorming of restourasie te laat plaasvind. In besonder is dit van toepassing vir tieners wat ingestel is op eksplorasie en eksperimentering. Daar moet 'n ware ontmoeting tussen God, die Skepper en die mens as geskapene plaasvind. Die hand van die Skepper moet by die krake van die skepsel uitkom om dit te restoureer. By die skepping was dit 'n monologiese handeling, maar by die herskepping is dit 'n dialogiese handeling.

Pieterse in Vos en Pieterse (1997:24) meen: *"'n Ware ontmoeting tussen subjekte is 'n voorwaarde vir dialoog en intermenslike verhoudinge wat daaruit kan groei".* Die doel van geloofsbemiddeling is 'n ontmoeting tussen God as Kunstenaar en die mens as kunstige weefsel. Hierdie ontmoeting vereis vertroue in die bemiddelings- of restourasieproses. As proses, dui dit op 'n voortdurende handeling. Hoe meer die mens met God kontak maak en in Hom vertrou, hoe meer kom hy agter hoe betroubaar God is om die heil (restourasie) te bewerk. In hierdie onderlinge verhouding of persoonlike ontmoeting kan 'n dialogiese kommunikasie van heil plaasvind. Hierdie verhoudings, insigte en waarhede wat handelend gekommunikeer word, vorm en herskep en hierdie proses word geloofsvorming genoem.

Die kunstenaar soek 'n vrye lewensruimte om te skep. In hierdie vrye lewensruimte vind daar oorreding plaas deur die wisselwerking van gedagtes op gelyke voet en op 'n basis van vryheid om nuwe idees te aanvaar of nie (vgl Vos en Pieterse 1997:25). 'n Gereelde ware ontmoeting lei tot die ontwikkeling van onderlinge begrip. As daar só gekommunikeer word, skep dit ruimte vir 'n bevryding van die mens – 'n bevryding deur die bemiddeling van die evangelieboodskap om die oorspronklike skepping na die beeld van God weer na vore te laat kom wat deur baie ideologieë, filosofieë en teologieë verberg geraak het.

In hierdie navorsing is dit belangrik om duidelikheid oor kommunikasie en wat daaronder verstaan word, te verkry omdat swak of verskraalde kommunikasie as die wortel van alle kommunikatiewe kwaad beskou kan word. Om te vra wat onder kommunikasie verstaan word, beteken dat daar gesoek en ondersoek moet word. Van Schoor (1988:1) meen: *"Daar is 'n breë en smal weg in die kommunikasiekunde. Op die breë weg lê die kennis mooi en blink en gerieflik voor die hand, maar op die smal weg wat ons inslaan, lê duwweltjies van onsekerheid wat 'n mens verplig om versigtig vorentoe te beweeg"*. Met hierdie waarskuwing kan daar wel gewaag word om geloof deur middel van Bybelse simbole en rituele aan tieners binne die

leefruimte van die gesin te bemiddel met 'n rimpelende effek na die samelewing en die uithoeke van hierdie wêreld. Louw (1989:69) meen: *"Die Christelike gesin is nie 'n na-binne-gerigte opgeslotenheid op sigself nie. Wat vir die gemeente in 1 Pet 4:10 geld, geld ook vir die gesin …".*

Die kerk is die konteks waarbinne die gesin se spiritualiteit gehanteer moet word. Sonder hierdie konteks sal die kulturele heidense verering van die nukleêre gesin beslis weer versterk word. De Vries (1994:122) beweer: *"Only in the church will young people move from the idealistic pseudo-faith of individualistic Christianity into the real world of following Christ alongside other imperfect people".* Tieners het 'n groter geloofsgemeenskap soos die gemeente nodig, maar ook 'n meer intieme geloofsgemeenskap soos die gesin om tot geloofsvorming te kom. Die kategeseklas kan byvoorbeeld nie as plaasvervanger van die gesin as klein intieme geloofsgroep beskou word nie. Louw (1989:94) meen: *"Die gesin is die plek waar Skrifkennis en verbondskennis geïntegreer word tot 'n lewenstyl wat Christus-gesentreerd is".* De Vries (1994:125-126) meen: *"If our youth ministries are going to have lasting impact, we must move away from our traditional model of placing highly programmed youth activities at the heart of our work. Instead, we must give a central place to the more significant ministry of connecting young people to their own 'great cloud of witnesses'".* Hiervoor het God die gesin as intieme geloofsgemeenskap bestem om die geloofsinhoud van die Woord van God deel van hul lewens te maak, dit te beoefen en vandaar dit in die gemeente en gemeenskap uit te leef.

Neff (1991:171-173) gee die volgende mikpunte vir geloofsbemiddeling aan tieners:

***1. Maksimaliseer kommunikasie tussen tieners en God:*** *"In other words the ministry serves to increase the shared understanding or shared meaning between participants and God"* (Neff 1991:171).

***2. Maksimaliseer kommunikasie tussen tieners en ouers:*** *"In the case of teenagers, the goal of Christian education is expanded to include assisting in the development of shared meanings between young people and their parents"* (Neff 1991:171).

***3. Voorsien 'n Christelike omgewing vir die proses van volwassewording:*** *"The teen years are the time when young people move out of complementary relationships with most adults and seek their own points of view and positions on issues"* (Neff 1991:171).

***4. Wees bewus van potensiële probleme:*** Om die voorafgaande mikpunte na te streef lei nie noodwendig tot 'n suksesvolle bediening aan tieners nie. Die probleem lê by die insluiting van al die betrokke vennote in geloofsbemiddeling. Neff (1991:171) meen dat: *"... in the real world of the Christian education professional there are at least three participants, or triadic communication".* Dit bemoeilik geloofsbemiddeling al is die omstandighede hoe ideaal. 'n Jeugwerker kan byvoorbeeld 'n wonderlike verhouding met die tieners hê, maar deur die ouers uit te sluit, miskien nie doelbewus nie, kan hy geen goeie verhouding met die ouers hê nie. Hier kan talle voorbeelde van sulke drietalle genoem word. Die drietal wat die verskillende vennote verteenwoordig kan deur drie sirkels uitgebeeld word wat met mekaar moet oorvleuel voor daar sprake van kommunikasie kan wees. Die punt van

oorvleueling moet gesoek word om almal se betrokkenheid by geloofsbemiddeling maksimaal te benut.

Neff (1991:173-175) noem ook 'n paar faktore hoe om hierdie mikpunte te bereik:

***1. Modellering:*** Kommunikasie is meer effektief as dit gemodelleer word. Neff (1991:174) beweer dat: *"This modelling process is most effective when it is consistently exemplified before both the teens of the church and their parents"*. Omdat kommunikasie nie noodwendig verbaal is nie, kom al die ander vorme van kommunikasie wat reeds in hierdie hoofstuk bespreek is ter sprake met die klem op simbole en rituele.

***2. Beskikbaarheid:*** Omdat kommunikasie en verhoudings hand aan hand gaan, konsentreer die geloofsbemiddelaar op 'n bediening van beskikbaarheid. Net om beskikbaar te wees om te doen wat tieners wil doen, laat hulle voel dat die geloofsbemiddelaar vir hulle omgee en deel van hulle lewens wil wees.

***3. Hulp om te kommunikeer:*** Omdat kommunikasie weens verskeie redes in gesinne afgeneem het, is dit nodig om gesinne te help om weer te kommunikeer. Neff (1991:175) beweer: *"Seminars on listening or on nonverbal communication can be conducted on the local church level as ongoing programs, or as a special weekend ministry"*. Neff (1991:175) stel voor dat kommunikasie gefasiliteer moet word, want ironies genoeg het baie van die programme in die gemeente die geneigdheid om kommunikasie in die gesinne met tieners te minimaliseer. Neff (1991:175) verwys na 'n voorbeeld: *"For instance, those ministries which demand a great deal of parental time for church administration may need to be evaluated as to their real mission"*. Neff (1991:175) verwys ook na die spesiale dienste van die gemeente wat basies net op volwassenes toegespits is alhoewel tieners welkom is, maar van die programme spreek nie hul belangstelling of behoeftes aan nie.

Geloofsbemiddeling het dus ten doel om die tiener en sy ouers nader aan God en nader aan mekaar te bring om 'n hegte, sterk en gesonde geloofseenheid te vorm wat binne die gemeenskap 'n opboudende rol kan speel. Die ontmoetingsproses staan sentraal in hierdie verhoudingsmatige in die verbondsgesin waar geloofsbemiddeling en –vorming moet plaasvind.

## 6.8 Geloofsbemiddeling in 'n multi-kulturele situasie

Die hindernisse om geloof te bemiddel het meer geword as die middele. Die negatiewe uitwerking van die hindernisse in geloofsbemiddeling moet nie onderskat word nie en daarom moet die middele vir geloofsbemiddeling dringend aandag kry om vas te stel waarom die huidige middele nie meer doeltreffend is of doeltreffend genoeg aangewend word om die kommuniksiesteurnisse teen te werk nie.

Histories verskuif die Bybelse konteks waarin die Woord van God na die mens gekom het al verder van die daaglikse konteks waarin die geloofsinhoud bemiddel moet word. Maar die God van die Woord is nog steeds Immanuel binne die konteks van die postmoderne mens. Daar moet egter na weë gesoek word om geloof binne die huidige komplekse netwerk van kommunikasie en talle steurnisse al hoe duideliker te bemiddel. In dié tipe bemiddeling moet die mens God se teenwoordigheid ervaar om tot verstaan van die blye boodskap te kan kom. Omdat

geloofsbemiddeling 'n proses is, is bewuswording en ervaring iets wat deur verskillende vlakke moet beweeg. Heitink (1993:190) praat van interpretering as ‘n sirkulêre proses. Die hermeneutiese sirkel van verstaan, verstaanbaar maak en tot verstaan kom, het betrekking op ‘n ingewikkelde proses, waarin verskillende beïnvloedbare faktore is wat onderskei kan word. Allereers moet rekening gehou word met die voorverstaan, wat bepaal word deur historiese, sosiologiese en psigologiese faktore. Hoe mense die woorde van die Bybel verstaan en in ‘n konkrete situasie toepas, word bepaal deur hul historiese konteks, deur die *“Wirkungsgeschichte”* van die tradisievorming binne die groep waartoe dit behoort en deur hul eie persoon. Vos (1996:12) verwys ook na die drie momente of vlakke van Heitink (1993:190) wat onderskei kan word in die koms van God in sy Woord na die mens:

***1. Verstaan (begryp):*** Hieronder word verstaan 'n hermeneutiese proses waarin die ontsyfering van die historiese betekenis van die teks plaasvind. Dit kan as 'n fase voor bemiddeling van geloof aan die postmoderne mens beskou word omdat die kontras tussen die historiese konteks en verstaan van die teks in daardie tyd en die postmoderne konteks en wyse van die huidige verstaan daarvan te groot is om tot verstaan te kom.

***2. Verstaanbaar maak (verklaar):*** Vir die gesinsbedieningsmodel is een van die grootste uitdagings om die boodskap van die Bybel vanuit 'n vervreemde konteks oor te dra na die verworde konteks van die postmoderne tyd. Die gesin se konteks en ekologie waarbinne die geloof bemiddel moet word, verskil soms drasties van gesin tot gesin. Die gesinsbedieningsmodel moet dus aanpasbaar wees vir hierdie verskille wat soms skerp kulturele verskille insluit vanweë die toenemende aantal gesinsvorme en samestellinge veral binne dieselfde samelewing wat drasties van die vorige bedeling in Suid-Afrika verskil. Die verstaanbaar maak moet dus meer gevoelig wees vir elke individu binne die gesin waar daar selfs drastiese gapings tussen gesinslede kan bestaan vanweë verskillende religieuse en kulturele belewinge. Dit maak die oorbrugging van die tydsafstand in geloofsbemiddeling ingewikkeld. Hart (2000:310) in sy bespreking van die probleme rondom die verstaan van die teks verwys ook na die probleem rondom komplekse verhoudings van die mens self en onderskei drie vlakke om dit te benader: *“… our own personhood, our experience of the world, and the ways in which language functions with respect to these”.*

***3. Tot verstaan kom (toe-eien):*** Teen die agtergrond van wat reeds gesê is oor die verskeidenheid binne gesinne en wat vinnig meer word, sal die toe-eiening van die Bybelse boodskap al hoe meer met 'n kritiese ingesteldheid plaasvind. Waarheid is vir die postmoderne generasie 'n relatiewe begrip. Die toeëiening van geloofswaarhede vind plaas binne 'n verskeidenheid van moontlikhede en nie meer binne 'n samelewing waar 'n meer univormige geloofsbeoefening plaasvind nie. Die geloofsverskeidenheid kan nie bloot teengewerk word om die toeëiening van 'n bepaalde geloofswaarheid makliker of moontlik te maak nie. Geloofsbemiddeling moet al die kommunikasiekategorieë in die bemiddelingsproses verreken om die geloofswaarhede te kan verhelder om tot geloofshandeling te kom. Dit is eers wanneer kommunikasie tot handeling kom, dat daar sprake van tot verstaan kom of toeëiening van geloof is.

### 6.8.1 Geloofsbemiddeling aan tieners in die postmoderne konteks

Om die geloof aan tieners te bemiddel, is 'n komplekse fenomeen (vgl diagram 39: *Geloofsbemiddeling aan tieners in die postmoderne konteks*). Jeugbediening vra 'n holistiese benadering. Sommige tieners moet leer dat die Christelike geloof nie 'n abstrakte leerstelling of misterieuse godsdiens is wat slegs binne die ou Bybelse konteks verstaan kan word nie, maar 'n praktiese dimensie van die lewe is wat alle ander lewensdimensies direk en konkreet raak. Geloof is dus iets meer as 'n verbale belydenis. Dit is 'n liefdes- en geloofsverhouding met God wat toelaat dat daar met Hom kontak gemaak mag word. Geloof is 'n geskenk van God (Joh 15:16), maar vra ook iets van die tiener. Dit maak 'n krag in die tiener los wat van God kom (vgl Boran 1996:18-19). Boran (1996:19-22) gee drie perspektiewe oor geloof by tieners:

***1. Geloof wat ontvang word:*** Geloof wat ontvang word, kom vanuit die omgewing waar die tiener lewe, naamlik die gesin en gemeenskap. Tieners glo hoofsaaklik vanweë die invloed en druk van ander en min persoonlike besluite word geneem. Ongelukkig bly die meeste volwasse Christene by hierdie stadium en word “kulturele Christene”. In die verlede was hierdie soort geloof algemeen en vir kerklike strukture was dit die enigste modus wat ter sprake was. Hierdie soort geloof is nie meer in staat om die veranderende omgewing teen te staan nie. “Kulturele Christene” wankel onder die druk van 'n nuwe en pluralistiese kultuur wat alle gelowe bevraagteken.

Dit is egter nie 'n negatiewe stadium in geloofsvorming nie. Dit word alleen negatief wanneer geloofsvorming by hierdie stadium stagneer. Op hierdie moment in die jong persoon se lewe is sentimente en betekenisvolle ervarings belangriker as intellektuele redenasies. Die hart is belangriker as die kop. God bewerk geloof op 'n inkarnerende wyse deur middel van verskillende media. Elke stadium word op die vorige gebou. Daarom moet hierdie stadium nie van minder belang beskou word nie. Dit kan as 'n basis dien vir die meer diepgewortelde geloof wat later kom. Baie tieners het weens verskeie redes nie die basis van geloof wat ontvang is nie. 'n Jeuggroep is dikwels vir baie teiners die eerste kontak met die kerk. Baie tieners het nooit met gemeenteleiers gepraat of in 'n gemeente gedeel nie. Dit verduidelik die toenemende probleem om tieners in 'n proses betrokke te kry wat tot bekering lei (vgl Boran 1996:20-21). Die verstaan van hierdie bevraagtekeningsfase is belangrik vir effektiewe tienerbediening. 'n Onvermoë om dit te verstaan kan hierdie gesonde oorgang van 'n tiener na 'n stadium van meer volwasse lewe laat misluk. Die stadium van “geloof ontvang” is belangrik gedurende die vroeë adolessensie. Dit kan ook die metodologie bepaal wat in jeugbediening gebruik word (vgl Boran 1996:21).

***2. Toeëiening van geloof:*** By geloof wat toegeëien word, neem tieners self verantwoordelik vir hul geloof, handeling en lewenstyl. Dit is 'n stap vorentoe in geloofsgroei vanaf geloof wat ontvang word en wat afhanklik is van die outoriteit van die gemeente. Om saam met die stroom te gaan is nie meer ter sprake in hierdie stadium van geloofsvorming nie. Dit is nie meer langer moontlik om in die groep weg te kruip nie. Die tiener moet nou 'n persoonlike respons gee vir Jesus Christus se uitnodiging om Hom te volg.

'n Meer persoonlike geloof kom na vore vanuit die vorige bevraagtekende en kritiese geloof wat ontvang word. Dit kan 'n traumatiese tydperk vir tieners wees om van 'n fase met vrae, vertwyfelinge en konflik te beweeg na 'n persoonlike oortuiging wat as

'n sinvolle lewe beskou kan word. Op hierdie stadium is die kopgodsdiens netso belangrik as die hartgodsdiens. Geloof moet dus sosiaal-relevant wees. Geloof word gesien as die vrymaking van die mens in totaliteit en nie net as iets wat die menslikheid beperk of begrens nie. Soekende geloof is 'n intellektuele godsdiens wat die hartgodsdiens predomineer. Die intellek begin soek vir die regverdiging van geloof. Die persoon probeer om oortuigings te ontdek wat sin maak om voor te leef en te sterf (vgl Boran 1996:21).

***3. Geloofsvorming as proses:*** Geloofsvorming is 'n lewenslange proses. Die tiener- en gesinsbedieningsmodel moet die gemeente tussen teorie en praktyk deur al die lewensprosesse in geloofsvorming na volwassenheid laat beweeg. Dit is 'n kommunikatiewe proses tussen mense en God asook tussen mense onderling. Dit is 'n wordingsproses van dit wat jy reeds in Jesus Christus is en in die lewe hierna gaan wees.

Hierdie lewenslange geloofsvormingsproses bestaan uit verhoudings. Elke individu het 'n persoon en God nodig om in 'n geloofsverhouding te kan staan. God het die mens geskape om in verhoudings te staan, want slegs so kan God se karakter uitgebeeld word. Jesus Christus het deur sy lewe op aarde getoon hoe die menslike wesens in verhouding met mekaar as sosiale en geestelike wesens moet leef. Geloofsvorming is dus 'n geestelike en sosiale proses. Dit is die skaar van gelowiges rondom jou wat jou kan bou of breek. In hierdie navorsing is reeds by die probleemstelling aandag gegee aan die faktore wat geloofsontwikkeling of geloofsbemiddeling nadelig kan beïnvloed of stuit. Daarom is dit van belang om in die ontwikkeling van 'n model vir tiener- en gesinsbediening aandag te skenk aan die faktore wat geloofsbemiddeling en geloofsvorming stimuleer.

### 6.8.2 Die prosesse wat die groei van geloof beïnvloed

Richards (1983:76-80) verwys na vyf prosesse wat die groei van geloof beïnvloed. Dit is prosesse wat (1) die behoort aan 'n gesonde geloofsgemeenskap kommunikeer, (2) deelname aan 'n gesonde geloofsgemeenskap behels, (3) lede van die geloofsgemeenskap help om modelle vir mekaar te wees, (4) Bybelse riglyne verskaf om die lewe te kan interpreteer en (5) die uitoefening van persoonlike keuses aanmoedig. Brink en andere (2001:14-15) verwys ook na hierdie vyf prosesse en voeg 'n sesde een by, naamlik prosesse waarbinne die verskillende generasies bewus kan word van die belangrike bydraes wat hulle in die geloofsvorming van die ander generasies kan lewer en daarom in verhoudng met mekaar moet lewe. Dit kan as inter-generasionele prosesse beskrywe word. Brink en andere (2001:45) sê dat kinders se geloof binne 'n geloofsgemeenskap deur prosesse gevorm word…

* waardeur kinders liefde en geborgenheid ervaar,
* waardeur kinders geleentheid kry om self deel te neem,
* waardeur kinders kans kry om ander na te volg,
* waardeur kinders 'n voorbeeld vir ander kan wees,
* waardeur kinders leer om die Bybel vir 'n sinvolle lewe te gebruik,
* waardeur kinders bemagtig word om keuses uit te oefen,
* waarbinne die generasies van mekaar leer,
* om geloofsvisie te vorm,
* om aan God en aan mekaar deur liefde en deelname verbind te word en

* om aan mekaar en die wêreld diens te lewer.

Hierdie prosesse is van belang binne die bedieningskonteks van die gesin ten opsigte van elke gesinslid. Dit dek die basiese uitgangspunt van 'n gesin wat in die samelewing 'n verskil kan maak. Dit begin by die ervaring van liefde en geborgenheid waarna jongmense en die samelewing luid roep.

Burger (1991:20) bespreek die basiese teorie oor die dinamika van 'n geloofsgemeenskap: *"Dié teorie kom kortliks daarop neer dat 'n gemeente reg funksioneer, … indien vier prosesse tegelyk en in ewewig effektief in beweging gehou kan word".* Hierdie vier prosesse van 'n gemeente se dinamika is: (1) 'n Gedeelde visie op die koninkryk van God; (2) 'n vaste geloofsverbintenis aan dié visie; (3) 'n sorgende gemeenskapslewe en (4) 'n sterk georiënteerdheid op dade wat van Christelike diens spreek (vgl Burger 1991:21).

Die toenemende geloofstwyfel en uitbeweeg uit die Christelike kerk, nie net onder tieners nie, moet nie net aan sekularisasie en globalisering toegedig word nie. Wanneer daar na die geloofsbemiddelingstrategieë of –modelle gekyk word en die kritiese beoordeling daarvan, word bemerk dat 'n gemeenskapsgerigte benadering om geloof te bemiddel nie werklik realiseer nie. Die huidige tendens vir geloofsbemiddeling aan tieners bestaan nog steeds slegs binne strukture soos die erediens, kategese en jeugaksies. Te min of geen aandag word aan die tiener se eko-sisteem geskenk as geloofsbemiddelingsisteem. Dit het daartoe bygedra dat die kerk irrelevant in die gemeenskap geword het. Geloofsbemiddeling moet die tiener se totale menswees en lewensruimte insluit. Tieners is slegs vir 'n kort tydjie in die geloofsbemiddelingsituasie of –sisteem van die gesin, kategese, jeugaksie en portuurgroep waarna hy die breër samelewing betree. Dan moes hy reeds geleer het hoe om in die samelewing sy geloof uit te leef en nie net binne die kleiner en meer beskermde geloofsvormende eenhede nie. Tieners groei in 'n globaliserende samelewing op waar die stem van die kerk al hoe stiller word en die stem van die ekonomie, tegnologie en verskillende sekulêre wetenskappe al hoe duideliker gehoor word. Wanneer Beukes (1993:36-39) jeugmodelle krities bespreek en na Müller (1990:117-126) verwys wat Louw (1984:140-146) en Raubenheimer (1988:77-88) se modelle afwys, beweeg hy self nie verder as erediens, kategese, pastoraat en jeugaksies nie. Alhoewel Beukes na die missionêre gerigtheid van die kerk en evangelisasie as belangrike komponent binne die prediking, kategese, pastoraat en jeugaksie verwys, gee hy geen duidelike riglyne hoe die kerk meer relevant in die gemeenskap kan raak nie.

### 6.8.3 Geloofsbemiddeling as 'n konkrete proses in 'n geloofsgemeenskap

Teen die agtergrond van geloofsvertwyfeling en die ontwikkeling van 'n gesinsbedieningsmodel word 'n besondere insig in die hermeneutiek vereis, omdat die gesinsbedieningsmodel die bemiddeling van die Christelike geloof aan gesinslede onderling en spesifiek aan die tiener binne die postmoderne gemeenskap ten doel het. Met die betekenisverlies van die Bybelse teks en konteks, vanweë verskillende faktore soos eksegetiese en hermeneutiese metodes, intersubjektiwiteit, steurnisse, eie interpretasies moet die konkrete ervaring van die teks nuut oordink word om tot geloofshandeling te kan kom.

Die bemiddelingsproses om geloof konkreet te ervaar, word verinnig met die inkorporering van simbole en rituele. Dit beteken om van die visualisering van geloof bewus te word en dit ook handelend tot uitdrukking te laat kom. Dit is miskien gewaagd om van latente geloof te praat, maar dit is slegs 'n manier om te sê dat nie almal wat glo werklik die daad by die geloof voeg nie. Oor 'n baie lang tyd het 'n hoofsaaklik kognitiewe ingesteldheid by geloofsbemiddeling gewerk, maar is beslis nie meer so effektief of affektief nie. Die millenniumgenerasie vra 'n meer holistiese benadering vir geloofsbemiddeling. Daarmee word bedoel die verrekening van alle bemiddelingskomponente soos die visuele, tasbare, reukbare, hoorbare en beweegbare as geloofservarende momente. Geloofsbemiddeling as ‘n holistiese proses vra die erkenning van die biologiese, antropologiese, sosiologiese, psigologiese, ekonomiese en teologiese komponente van die mens.

Om te praat van geloof wat sin moet maak, klink meer na sien is glo, eerder as om te glo in die dinge wat ek nie sien nie. Die postmoderne mens wil godsdiens meer konkreet beleef tussen die talle ander belewenisse van die daaglikse lewe wat gekonkretiseer word. Die sterk steun op die verbale om geloof te bemiddel het met die koms van 'n nuwe kommunikasiemedia, die visuele, drasties verander. God se teenwoordigheid lê nie net in die naam Immanuel nie, maar in die ervaring van God se teenwoordigheid as Immanuel. Sou daar nie binne 'n bemiddelingsmodel met erns aandag aan die ervaring van God se teenwoordigheid geskenk word nie, sal die verduistering van sy heilige teenwoordigheid al hoe meer plaasvind soos dit reeds met die gesag van die Bybel gebeur het. Dingemans (2000:100-101) beweer: *“Van deze godsverduistering krijgen, in onze tijd, meestal de emancipatie, de selfstandig wording van de mens, de Verlichting en de opkomst van techniek en economie, de schuld … We leven niet alleen in een crisis van de kerk of de godsdienst of de theologie, maar in een ‘crisis van de cultuur’ …”.* Oor geloof in God meen Strommen en Hardel (2000:73) dat die huidige kultuur, in kontras met dié van vorige geslagte, nie meer godsdienstige geloof ondersteun en aanmoedig nie. Dit is eerder besig om godsdiens te ondermyn. Godsdiens het eerder iets geword om teengestaan te word. Benaminge vir vakansieseisoene soos Kersfeestyd word verander na Desembervakansie of -seisoen om die Christelike inhoud of verbintenis te verwyder. Strommen en Hardel (2000:74) sê ten spyte van die huidige kultuur wat nie geloofslewe ondersteun nie, is godsdiens besig om deur middel van die koerante onder die publiek se aandag te kom. Daar is ook verskeie geestelike programme wat godsdiens beklemtoon. Robertson (2000:60) meen die bedreiging van die tradisionele kultuur deur globalisering kan met die term “relativering” saamgevat word: *“Globalization brings cultures into closer contact and thus often leads to the sense that ‘one’s own’ culture is under threat”.*

Vos (1996:9) met verwysing na Rossouw (1981:19) sê: *“Die Christelike teologie het die taak om die Christelike tradisie oor te lewer. Dit beteken dat hy die Woord van God hoorbaar en verstaanbaar moet maak. As hermeneutiese term dui verstaan op die ervaring en toeëiening van sin. Sin is die manier waarop gegewens hulle belang, hulle waarde of relevansie toon vir die mens in sy konkrete situasie”.* Die teologie het die taak om die Woord van God binne hierdie kulturele veranderinge en krisis duidelik te laat klink. Globalisering van kulture moenie as ‘n skrikaanjaende term of gebeure beskou word nie. Robertson (2000:53) beweer: *“… the future for religion and culture generally is bright, even though one finds a widespread view that so-called traditional religions and indigenous cultures are under great threat by globalization”.*

Hierdie bedreiging sal gewis vir die kerk al hoe groter word as die Christelike tradisie en die Woord van God al hoe stiller in die gemeenskap word. Tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid het dus die taak om die Christelike tradisie en geloof midde in die globaliserende wêreld oor te dra.

In praktyk is die antieke Bybelse konteks en teks, histories gesproke, besig om al hoe verder van die postmoderne konteks en "teks" verwyder te raak, maar deur 'n aktuele selfverstaan van die kerk deur middel van 'n hermeneutiese proses binne die postmoderne konteks kan die probleem oorbrug word. *"Dat doen ze door herhaaldelijk de situatie te analyseren en te interpreteren, hun eigen mogelikheden (potenties én beperkthede) onder ogen te zien en voortdurend te luisteren naar de traditie"* (Dingemans 2000:270 en vgl paragraaf 9.19 – Evaluering van model en diagram 39: *Geloofsbemiddeling aan tieners in die postmoderne* konteks). Croatto (1987:14) sê: *"Without this common milieu – linguistic, cultural, social, geographical, and so on, or as many other dimensions as human reality may be said to have – language remains polesmous".*

Om tot geloof te kom deur middel van geloofsbemiddeling vra na godsdienstige rituele wat dieselfde funksie het as die alledaagse rituele in 'n multikulturele wêreld. Vos (2001:141) meen: *"Dit bring ook menslike emosies en ervaringe tot uitdrukking. Voorts skep dit kanale vir emosies, dit het sosiale funksies, dit bepaal mense by hulle verantwoordelikhede en bied 'n perspektief daarop".* Naas die ritueel moet die waarde van simbole in 'n sekere sin herwin word (vgl Farley 1996:1-2 in paragraaf 6.12.2) om die band tussen die werklikheid van die postmoderne tyd en die werklikheid van God te vernuwe. Om die kontekstuele en die teks van die Bybelse tyd in verband te bring met die postmoderne konteks, en omgekeerd, moet die hermeneutiese 'n ekosistemiese benadering insluit (vgl Müller 1991:93). Sodoende kom die pastoraat voor die deur van die *"living human web"* te staan wat meer behels as die geestelike versorging (cura animarum) van mense. Etiek en pastorale versorging moet as onafskeidbare entiteite beskou word. Die dienaar-etiek moet sentraal staan om die kerk te help om as alternatiewe gemeenskap te funksioneer. *"Pastoral care to the living human web needs Christian organizations which can set up alternative structures of communication and public control of the mass media, through mechanisms linked with civil society independently of the state, 'telecoms' and broadcasting corporations* (vgl Louw 2002:346-349). Die kerk, alle lidmate, moet sy plek in die samelewing volledig inneem en nie tevrede wees met predikante in studeerkamers, op preekstoele of by vinnige huisbesoeke nie.

In die antieke tyd het die Israeliete die deur- of uittog uit Egipte in herinnering geroep met die oog op die pad wat nog voorlê (vgl Deut 2:7). Dearman (1992:150) meen: *"Deuteronomy defines a state in theological terms and is, therefore, a political document. … [S]ome scholars have proposed that Deuteronomy is more specifically a plan for national reform or a type of theocratic restoration, …".* Met die verloop van tyd het die huidige deurtog, communitasfase in Suid-Afrika, verwyderd geraak van die deurtog, communitasfase van die Israeliete, wat met die kragtige dade van God gepaard gegaan het. Wanneer taal as sisteem van tekens of simbole met grammatikale wette en sintaks van spraak as gebeure onderskei word, moet verwag word dat korrekte taaluitleg en hermeneutiek sonder gebeurtenisse of ervaringe weinig betekenis binne die postmoderne tyd sal hê. Dit is veral van toepassing by tieners wat ervaring- of gebeurtenisgeoriënteerd is. Dit sal dus nodig wees om van

gebeure na die teks te beweeg om die teks te verstaan en nie maar net deur middel van die teks na gebeure te verwys nie, veral nie na die historiese gebeure van duisende jare gelede nie. Die boodskap van die historiese Bybelse gebeure word eers vir die postmoderne mens sinvol as dit aan meer resente gebeure gekoppel word. Die Bybelse teks en konteks moet dus vanuit die huidige konteks binne die samelewing en die verstaan en benutting van die woord, simboliek en rituele as gebeure benader word. Dit verg 'n deeglike verkenning van die antieke en postmoderne kontekstuele en kommunikatiewe prosesse. Die gebeurtenisse en verhale van die Bybel verbleek en verdwyn soms onder die stortvloed van postmoderne informasie en gebeurtenisse. Die hermeneutiese taak van die praktiese teologie is om die inhoud van die Bybel wat onder die sediment van verskillende filosofiese strominge versink geraak het, weer met ‘n nuwe paradigma uit te haal.

Gebeurtenisse en rituele gee geboorte en betekenis aan woorde en simbole. Daarom word in hierdie navorsing gesoek na 'n model wat op gebeurtenisse afgestem is om aan die woorde van die Bybel meer praktiese betekenis te gee. Geloofsbemiddeling in hierdie sin is dus gebeurtenisgeoriënteerd, kommunikatief-handelend, en vra dus sisteme waarin daar reeds gebeurtenisse, handelinge of rituele plaasvind waarby aansluiting gevind kan word om die Woord van God en die simboliek daarin tot verstaan te bring. Die afstand van die antieke en postmoderne woordgebeure moet op hierdie wyse oorbrug word. Dingemans (2000:258) meen die Christelike kerk het ‘n brugfunksie tussen mense wat geborgenheid soek en die lang tradisie van ‘n rigtinggewende boodskap van die Bybel: *“De christelijke gemeenschap staat tussen de overgeleverde traditie (bewaarfunctie, conserverend) en de uitdaging van de vragen en behoeften van de moderne samenleving (vernieuwing, progressie)”.* Soos die Israeliete aan die vorige gebeurtenisse herinner is, moet die huidige geslag ook weer herinner word aan die historiese en meer resente gebeurtenisse om God se heerskappy te beklemtoon. Vanweë 'n tydsgaping moet pogings aangewend word om dit tot belewing te bring. Twee aspekte van die moderne kommunikasie wat vandag al hoe meer by geloofsbemiddeling ter sprake kom, kan byvoorbeeld in drama gekombineer word om gebeurtenis van die verlede op te roep wat tot geloof en geloofsvorming gelei het. Hierdie twee aspekte is (1) 'n multisintuiglike kommunikasie wat meer as een sintuig gelyktydig betrek en (2) die narratiewe wat tans weer herontdek word (vgl Janse van Rensburg & Prins 1997:293). Deur die multisintuiglike kommunikasiemedium van die tiener in die postmoderne tyd saam met die kommunikasiemedium van die Bybelse leefwêreld, die narratiewe, te kombineer, kan hierdie twee wêrelde bymekaar gebring word om die tiener tot geloof en geloofsvorming te lei (vgl Janse van Rensburg & Prins 1997:296).

Klein, Blomberg & Hubbard (1993:12-20) bespreek hermeneutiese uitdagings rondom die probleem van die verskillende afstande tussen die Bybelse en moderne tyd, naamlik die tyd wat verloop het, kulturele, geografiese en taalafstand. Dit blyk dat afstand een van die grootste probleme is wat oorbrug moet word om geloof te bemiddel. Die twee wêrelde waarin die Bybel geskryf is en dié waarin dit vandag verstaan moet word, verskil drasties. Daar is ook nie voldoende informasie van die Bybelse konteks om vanuit daardie konteks die teks beter te verstaan vir toepassing in die huidige konteks nie. Ook die afstand tussen die gebeure en die neerskrywe daarvan moet in ag geneem word. Kultureel is daar ook gebruike, gelowe, praktyke, simboliese en idiomatiese uitdrukkings wat nie veel sin maak vir die moderne mens nie. Die taalafstand is seker een van die hoofprobleme vir baie moderne mense se

interpretasie van die Bybel omdat hulle nie die Hebreeus, Aramees of Grieks ken wat in daardie tyd gebruik is nie. Klein en andere (1993:16) sê: *"The distances between the various biblical worlds and our own require objective historical study if we are to understand those and what people wrote in the Bible".*

Dit moenie uit die oog verloor word dat die woorde van die Woord deur God self op die harte en in die gedagtes van mense geskryf word nie (vgl Jer 31:33 en 2 Kor 3:3). Dit bly God se heilige Woord wat nie slegs deur die verskillende historiese en rasionele metodes van interpretasies tot verstaan gebring kan word nie. Pieterse (1993:135) sê: *"Die werk van die Gees is, in die verbreiding van die evangelie na die hemelvaart van Jesus Christus, ook wesenlik kommunikatief".* Hermeneutiek is ten diepste pneumatologies van aard (vgl paragraaf 6.13.1). Die oorbrugging van hierdie afstand tussen die huidige en die Bybelse konteks, maar veral van die menslike begrip van die Woord van God en wat God met sy Woord aan die mens bedoel, bly van die leiding van die God self afhanklik, naamlik sy Gees wat Hy uitgestort het om die mens te begelei. Paulus bid dat God deur sy Gees wysheid sal gee en Hom so sal openbaar dat Hy geken sal word (Ef 1:17-18). *"Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer"* (1 Kor 2:13). Dit is egter 'n moeiliker taak as om bloot praktiese wenke te gee vir 'n meer doeltreffende kommunikasie soos die volgende wenke van Erasmus en andere (1996:6-7): Hou die tipe persoonlikheid van die persoon met wie jy gaan onderhandel in gedagte en bly bewus van die verwysingsraamwerk van mense. Dit verwys na die wyse hoe mense oor ander mense en die wêreld dink en voel. Alles wat jy sê of skryf moet sin maak. Hou altyd jou emosies in bedwang.

Kommunikasie wat tot handelinge wil lei, moet op die werklike lewe fokus en die bemiddelaar moet soms meer met dade as met woorde spreek. Dan sal die hoorder begin doen wat die bemiddelaar doen. Franciscus van Asissi het gesê dat daar voortgegaan moet word om die evangelie te preek, indien nodig, met woorde.

'n Preek is dikwels monologies, maar kommunikasie wat tot handelinge lei, is dialogies of interaksioneel. Dit vra kennis van die hoorder se kultuur, taal en verwysingsraamwerk. Dit vra 'n persoonlike gesprek in plaas van massakommunikasie. Dit is nie net informatief nie maar 'n stimulasie tot aksie. Die inhoud van die kommunikasie bestaan nie uit geykte woorde of uitdrukkings soos *"God het jou lief"* nie, maar verwys na praktiese voorbeelde soos die verlore seun en die barmhartige Samaritaan. Dit nooi uit tot persoonlike ontdekkings en handel nie oor wat vertel word nie, maar wat self ontdek word. Jesus het sy volgelinge tot ontdekking gelei. Hy het nie by die bergrede gestop met sy kommunikatiewe handelinge nie. Pieterse in Pieterse en Vos (1991:4) meen: *"Kommunikasie hang af van die vraag of die deelnemers 'n gemeenskaplike verwysingsveld het".* Dit sluit in 'n verstaanbare taal met 'n kennis van die begrippe wat gebruik word en 'n ervaringsveld wat vir almal bekend is. Die vind van 'n gemeenskaplike verwysingsveld is een van die probleme waarmee in hierdie navorsing geworstel word waar die klem op gemeenskapsgerigtheid val. Dit is moontlik ook een van verskeie redes waarom die kerk in die gemeenskap nie meer met dieselfde verstaanbaarheid spreek as voorheen toe die kerk meer prominent in die gemeenskap gedien het. Die kerklike taal en die gemeenskapstaal het vir mekaar vreemd geword. Om in die gemeenskap geloof te bemiddel, sal 'n studie van

gemeenskapstaal vereis om tot verstaan van mekaar en die geloofsinhoud van die Bybel te kom (vgl tienersleng in paragraaf 6.2.4 (5)).

### 6.8.4 Geloofsbemiddeling wat tot handeling lei

Den Dulk (1998:205) gee vyf aanwysings uit Deut 6:6-8 hoe met die teks om te gaan sodat dit tot handelinge sal lei. (1) Die teks moet nie net as objek van ondersoek opgeneem word nie, maar ook as onderwysende subjek hanteer word. (2) Die leerling word uitgenooi om self leraar te word: *"Jy moet dit inskerp by jou kinders…"* (Deut 6:7). (3) In die gesprek word 'n verband geweef tussen die verhaal van God en die verhaal van mense (vgl Müller 1996: *Om tot verhaal te kom* en Marais 2001: *Sewe familiegewoontes wat geloof laat groei*). (4) Die gesprek het 'n etiese strekking. Die verband tussen die woorde van Moses en die mens se eie verhaal het praktiese betekenis: *"Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande…"* (Deut 6:8). (5) Die woorde wat gehoor word, in die hart bewaar word en in die gesprek aan die orde kom, moet ook 'n sigbare werklikheid (*"…en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees."* O.V.) word – tot handeling kom.

In die volgende vier diagramme word uitdrukking aan geloof as 'n komprehensiewe proses gegee: diagram 40: G*eloof as affektiewe proses,* diagram 41: G*eloof as kognitiewe proses,* diagram 42: *Geloof as konatiewe proses* en diagram 43: *Geloof as komprehensiewe proses.* Die mens ontwikkel op grond van God se genadegawes, sy liefde vir sondaars en sy betroubaarheid 'n passie vir mense en 'n behoefte om verhoudings te bou (vgl diagram 40). Binne hierdie verhoudings vind 'n verstandelike verbintenis plaas deur die aanleer van geloofswaarhede onder leiding van die Heilige Gees (vgl diagram 41). Met 'n passie in die hart vir mense en 'n verstandelike verbintenis met die Woord as die waarheid word 'n wilsbesluit tot handeling geneem. Die affektiewe en kognitiewe verbintenisse lei tot geloofshandelinge in gehoorsaamheid aan die visie en missie wat God in sy Woord en deur die werking van sy Gees aan mense as verteenwoordigers in sy koninkryk gee (vgl diagram 42). Geloof wat tot handelinge kom, as verlangde verwagting van geloofsbemiddeling aan tieners, sluit dus die affektiewe, kognitiewe en konatiewe geloofsprosesse in en word daarom as 'n komprehensiewe geloofsproses beskou (vgl diagram 43 en diagram 68: *Geloofsbemiddeling as verstaanshandeling*).

Dit is nie 'n eenvoudige saak om lewende geloof te beskryf nie omdat dit met die totale wese van die mens te doen het soos reeds deur middel van die affektiewe, kognitiewe en affektiewe dimensies van die mens verduidelik is. Strommen en Hardel (2000:74) sê dat geloof kompleks en dinamies is: *"… a vibrant faith permeates every facet of our existence, manifesting itself in what we trust, value, and do"* (Strommen en Hardel 2000:75). Geloof betrek die emosionele lewe, het te doen met kognitiewe verbintenisse in die denke en dit lei tot geloofshandelinge.

### 6.8.5 Geloofsbemiddeling deur gesinne

Volgens Strommen en Hardel (2000:81-98) kan die gesin op die volgende vier maniere 'n bydrae lewer om geloof te bemiddel:

***1. Deur evangelie-georiënteerde ouers te word:*** Evangelie-georiënteerde ouers ontwikkel 'n noue gesinsverhouding met God. Kinders van sulke gesinne is ook meer geneig om geloof en waardes te aanvaar.

***2. Deur morele waardes te kommunikeer:*** Strommen en Hardel (2000:85) beweer dat waardes kragtig deur ouers oorgedra word. Kinders kan ook sterk deur hul maats en portuurgroepe beïnvloed word, maar dit sal slegs dominerend funksioneer as hul verhouding met hul ouers nie na wense is nie. Ouers wat wel vir hul kinders omgee is die belangrikste kommunikeerders van waardes in hul kinders se lewens. Die algemene waardes wat ouers in hul kinders se lewens verlang, is omgee vir die gesin, goed doen aan ander, beskerming van die swakkes, betoning van vrygewigheid en medelye, om beloftes na te kom en om nie vergoeding vir goeie dade hoog te ag nie. Hierdie waardes word bereik deur 'n etiek van verantwoordelike liefde, omgee vir ander en 'n persoonlike geloof. Strommen en Hardel (2000:88) vra hulself af hoe hierdie waardes deur ouers gekommunikeer kan word? Dit kan deur geesverwante verhoudings, modellering, verbale mededeling, die geskrewe woord, induksie en 'n beleefde benadering gedoen word. Benson (1997:181-182) gee verskillende idees hoe ‘n gesin met op- en inbou van waardes kan begin. Alhoewel daar geen bepaalde orde vir hierdie stappe voorgestel word nie, kan die volgende voorstel van Benson (1997:182) ‘n moontlike beginpunt wees: *“Developing a family mission statement that focuses on building assets, then using it as a guide for family decisions and priorities”.* Benson (1997:184-189) bespreek ook vier strategieë om gesinne toe te rus, veral ouers, om met ‘n waardeboustelsel in die gesinne te begin: (1) ondersteuning aan ouers, (2) opvoeding van ouers, (3) die voorsiening van geleenthede vir gesinne om saam te wees en (4) inisiatiewe van die plaaslike gemeenskapsorganisasies.

***3. Betrokkenheid in dienslewering:*** Alhoewel tieners van aksie, avontuur en om 'n verskil in die lewe te maak, hou, bly dit nog steeds vir die plaaslike gemeente moeilik om hulle tot diensbaarheid te lei en te aktiveer. Dit het ten dele te doen met die prestasiegedrewe samelewing waarin eer, geld en lof aan mense 'n baie sentrale plek inneem. Strommen en Hardel (2002:94) stel dit soos volg: *“According to the Gospels, the disciples’ thinking was becoming more like that of the Pharisees, who loved prestige, honor, money, and the praise of men”.* Dit is in hierdie opsig dat Jesus ook sy dissipels aangespreek het: *“Dit verseker Ek julle: as julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel”* (Mat 18:3-4). Jesus het sy dissipels toegerus en uitgestuur om deur diens in hul geloof versterk te word en 'n lojaliteit teenoor ander te beoefen.

In die gesinsbedieningsmodel moet die klem op geloofsbeoefening en -versterking deur diens in die gesin, gemeente en samelewing geplaas word. Strommen en Hardel (2000:94) maak die volgende opmerking wat genoemde paradigma onderskryf: *“If a preoccupation with status and position can destroy faith, humble service apparently can restore it. The giving of one’s life in service to others, and ultimately to Christ, is faith enhancing”.*

Een van die vier basiese leerstyle, praktiese leerders, gebruik diens as uitgangspunt (vgl paragraaf 9.5.2 (3)). Dienslewering hoef nie met 'n kursus voorafgegaan te word nie. Die sop en toebroodjies op 'n koue wintersaand aan die haweloses op die

sypaadjie bevat genoeg ervaring, leermateriaal en 'n heroorweging om aan die gesin se prioriteite te begin werk. Indien gesinne slegs gewoontes rondom dienslewering ontwikkel, betaan die moontlikheid baie sterk dat tieners se basiese behoeftes rondom kerkwees en hul geestelike lewe bevredig sal word. Vergelyk paragraaf 9.5.1 (6), die tien eienskappe van 'n jeug wat 'n verbintenis in hul geestelike lewe aangegaan het.

Die passie vir diens in die samelewing moet binne die gesin gebore word. Iemand in die gesin moet met dienslewering begin en die kanse is goed dat die res van die gesin op een of ander stadium daarby betrokke sal raak. Louw (1989:90-94) onderskei sewe basiese gesinsfunksies waaraan geen bepaalde orde van belangrikheid gegee word nie, maar die affektiewe funksie, naamlik erkenning, warmte, nabyheid en aanvaarding is sekerlik een van die belangrikste funksies om met dienslewering in en deur ‘n gesin te begin. Die ander funksies wat Louw bespreek wat direk met die kind se opvoeding in verband staan, is die sosialiseringsfunksie waardeur kinders leer dat hulle verhoudingswesens is, die opvoedingsfunksie om kinders te lei tot selfstandige keuses, die vormingsfunksie om die kind se persoonlikheid en karakter te vorm en die godsdienstige funksie wat in die volgende paragraaf bespreek word. Vir dienslewering deur die gesin is ‘n gesonde gesinsamestelling en funksies nodig.

***4. Geloofsmededeling in die huis:*** Wat in die voorafgaande paragrawe reeds oor geloof wat tot handelinge moet kom, bespreek is, word bondig en prakties in Deut 6:4-9 saamgevat as die kern van geloofsbemiddeling in gesinsverband (vgl Den Dulk 1998:205 in paragraaf 6.8.4). Met gesag wat van God kom (vgl Rom 13:1, 1 Tess 4:2, Tit 2:14, 1 Tim 3:4), word vaders, moeders of ander geestelike leiers bemagtig om as God se verteenwoordigers geloofswaarhede deur middel van simboliese handelinge te bemiddel (vgl Marais en ander 2001: *Sewe familiegewoontes wat geloof laat* groei).

Die kerk het nagelaat om ouers toe te rus om die geloof aan die volgende geslag te bemiddel. Ouers steun op eredienste, kategese en godsdiensonderrig op skole en beskou dit as voldoende vir hul kinders se geestelike opvoeding. Louw (1989:94) beweer dat baie van die gesinsfunksies, onder andere godsdienstige funksies al hoe meer deur buite-instansies oorgeneem word: *“Eintlik het slegs die affektiewe funksie oorgebly”.* Strommen en Hardel (2000:97) bevestig hierdie aanname soos volg: *“Though Christian parents, too, have felt an obligation to pass the faith on to their children and their children’s children, it has not been emphasized as a parental responsibilty. When asked, only 7 percent of Christian education coordinators in six major Protestant denominations said their church emphasized helping parents promote faith in their children”.* Strommen en Hardel (2000:97) verwys na navorsing wat aantoon dat 67% van die moeders en 43% van die vaders geloof aan die volgende geslag bemiddel. Volgens Strommen en Hardel (2000:97) bevind slegs 5% van die jeug hulle op 'n gereelde basis in 'n geestelike gesprek met hul vaders en 12% het 'n ervaring van gesprekke met hul moeders oor geloofsake. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid om deeglike aandag aan gesinsbediening te skenk. Die navorsing van De Wet (1981:29) toon 'n beduidende verband aan tussen meelewing van ouers en kinders in die gemeente. Die gesinne wat hul geestelike lewe tuis beoefen om hul geloof binne gesinsverband te versterk, is ook die gesinne wat in die

gemeente betrokke is. Dit korrespondeer met navorsing waarna Strommen en Hardel (2000:98) soos volg verwys:

| BETROKKENHEID VAN TWEE JEUGGROEPE | | |
|---|---|---|
| Jeugbetrokkenheid | Jeug wie se ouers nooit uitdrukking aan geloof gee nie. | Jeug wie se ouers dikwels uitdrukking aan geloof gee. |
| Deelname in die kerk | 28% | 46% |
| Verbind aan geloof | 18% | 37% |
| Diens aan ander | 12% | 29% |
| Algehele gemiddelde | 19% | 37% |

Janssen (2003:3) meen: *"De eens zo onbetwisbare vitaliteit van het godsdienstige toont tekenen van verval. De massa is óf bijgelovig geworden of lichtgelovig, óf zelfs onverschillig voor religie".*

### 6.9 Geloofsbemiddeling deur skeppingsopenbaringe

De Vries (1994:137) verwys na C.S. Lewis (1947:51) wat meen dat daar 'n aansienlike hoeveelheid mense is wat in 'n Christengemeenskap opgroei sonder noemenswaardige geestelike ervarings, maar wat byvoorbeeld deur die lees van sterrekundige literatuur tot die besef kom hoe min die mens van die werklikheid weet en wat as gevolg daarvan godsdiens verwaarloos en selfs verwerp. So 'n persoon kan byvoorbeeld deur na die sterre te kyk, soos die digter van Psalm 8, weer in verwondering kom oor die grootheid en uniekheid van die skepping en wat tot 'n bewuswording van God as Skepper daarvan kan lei. Psalm 8 begin met 'n loflied oor die openbaring van God deur die bekendmaking van sy Naam, Jahwe en dan word die skeppingsopenbaring van God deur kinders en suigelinge besing, *"JHWHs Zuwendung zu den Kleinen"* (verse 2-3) asook deur ander, *"JHWHs Zuwendung zum Menschen"* (verse 4-9), (vgl Hossfeld & Zenger 1993:77 en ook Ps 19:2; 66:3; 89:6 en 104:24). Geloofsbemiddeling vra soms meer na 'n visuele bewuswording van die grootheid van God as die verbale mededeling daarvan. Croatto (1987:76) sê: *"It is important to notice that God's revelation in events, and not only in transmitted words, helps us to an in-depth understanding of biblical tradition".*

Wanneer in hierdie navorsing van 'n paradigmaskuif gepraat word, dan is dit om die tieners gebeurtenisgedrewe te maak in plaas daarvan om hulle vanaf die kansel of in die kategeseklas tot aksie te probeer dryf. Geloofsbemiddeling en –vorming vra naas 'n verbale openbaring van God ook 'n visuele openbaring. Oor die algemeen word meer van verbale geloofsbemiddeling gebruik gemaak, alhoewel dit 'n beperktheid bevat. Hierdie beperktheid dwing die soekende mens na ander metodes van geloofsbemiddeling. Daarom wend sommige hul tot die Oosterse godsdienstige praktyke wat meer gebeurtenisgedrewe is. Dingemans (2000:67) beweer: *"Kranten en televisie besteden relatief veel aandacht aan Oosterse mystiek en meditatie. Yoga, concentratie- en meditatieoefeningen zijn duidelijk in de mode"* (vgl Janssen 2003:3)

Die bemiddeling van geloof kan dus meer doeltreffend wees as die breë spektrum bemiddelingsmedia benut word wat naas die verbale ook simbole en rituele insluit. Dit beteken nie dat die gereformeerde tradisie, *"sola Scriptura"* van minder belang

geag word nie. Dit bly nog steeds *“sola”* omdat daar net een *“Scriptura”* is, maar wat nie net uit woorde as simbole bestaan nie, maar ryk is aan simboliek en rituele om die dieper dimensies van die woorde na vore te bring. Dit beteken dat simbole en rituele in diens van die Woord staan en nie daarsonder moet funksioneer nie. Pieterse (1988:21) sê: *“Kommunikasie waarin een persoon 'n boodskap (inhoud) aan 'n ander deur gesproke woorde oordra, word vergesel van die nie-verbale uitdrukkinge van die gesig en die liggaam, gesindhede, egtheid of onegtheid, woede of vriendelikheid, ens.”* God openbaar Homself deur sy Woord en skepping en wil dat geloofsbemiddeling binne hierdie twee openbaringsvorme die verskeidenheid binne die simboliese en rituele sal benut (vgl diagram 39: *Geloofsbemiddeling aan tieners in die postmoderne konteks* en diagram 44: *Verbale en nie-verbale openbaring*). Daar moet 'n weg of brug gevind word om die teks, ten spyte van 'n taal- en kultuurafstand aan die tiener en sy gesin asook die gemeenskap te bemiddel. Dit moet hoorbaar, ervaarbaar en verstaanbaar wees om tot 'n ontmoetingsgebeure te lei. Geloofsbemiddeling en -vorming in die verbondsgesin, vereis 'n begeleidingsmetodiek aan ouer en kind. In gesinsverband kan die handelinge of rituele meer prakties en sinvol geskied as byvoorbeeld in 'n erediens of by kategese. In die eredienste is die neiging nog steeds in die moderne tyd, met baie kommunikasietegnieke en –tegnologie, om in 'n vorm van verbalisme gevange te bly. Die moderne mens is blootgestel aan nuwer kommunikasietegnieke en raak al hoe meer daardeur gerig en ook kragtig beïnvloed.

Om die tiener se geloof te kan vorm, moet hierdie kommunikasiemetodes in die geloofsbemiddelingsproses geïntegreer word om 'n meer holistiese benadering te volg wat die kognitiewe - die aanhoor van die Woord, ook te laat oorgaan in 'n wilsbesluit - die konatiewe, om by die handelende of affektiewe van geloof uit te kom. Binne gesinsverband kom die nie-verbale kommunikasie in elk geval met die verloop van tyd al hoe meer voor. Die gesinslede verstaan mekaar met verloop van tyd al hoe beter met al hoe minder woorde. Voorbeelde soos lyftaal deur middel van gesigsuitdrukkings en liggaamshoudings kan genoem word. Dit is veral nuttig om dit wat soms nie in woorde gesê kan word nie tot uitdrukking te bring soos stilgebed as 'n begin vir 'n gesin wat voorheen nooit saam gebid het nie. Kniel as ritueel kan byvoorbeeld benut word om 'n sterker uitdrukking te gee aan die gebedsgebeure as 'n gebaar van afhanklikheid van God. 'n Multi-sintuiglike benadering deur middel van 'n breë spektrum bemiddelingsmedia met die klem op 'n visuele bewuswording van God se grootheid sal heelwat meer aandag in die kerk moet geniet om die geloofsinhoud meer hoorbaar, ervaarbar en verstaanbaar te maak.

## 6.10 Kommunikasie en visuele persepsie

Die verskraling van die Bybelse boodskap is deels geleë in die onderbenutting van die sintuiglike waarneming by die bemiddeling van geloof. Menigmaal word die sintuiglike begrawe onder verbale of is die oorbenuttig van die verbale die rede vir 'n onderbenutting van die nie-verbale. In dieselfde asem kan gesê word dat die linkerbrein ten koste van die regterbrein gebruik word.

Geloofsbemiddeling se effektiwiteit neem toe soos die benutting van sintuie in kommunikasie toeneem. Dit wil voorkom of die kerk vir die bemiddeling van geloof die breë spektrum van perseptuele waarneming wel onderbenut. Die mens het 'n hele aantal sintuie om tot geloof te kom waarvan sommige by geloofsbemiddeling

wetend en onwetend buite rekening gelaat word. Gouws en Snyman (1994:1) voer aan: *"Om te kan sien, kan beskou word as die mens se primêre perseptuele instrument. Visuele persepsie vorm bykans altyd die primêre grondslag van ons verstaan van die wêreld. Daarbenewens is visuele persepsie ook 'n belangrike onderdeel van die mens se algehele soeke na sin en betekenis. Om die rede is dit nodig om die visuele proses in 'n ruimer konteks te beskou, en wel as vermoë van die mens as patroonsoekende betekenismaker".* Van geboorte af tot en met die dood ervaar 'n mens die werklikheid deur middel van die sintuiglike waarneming. Vervolgens word na verskillende beelde by waarneming verwys (vgl Fourie 1983:7): (1) Die kosmiese beeld: Die materiële werklikheid bestaan onafhanklik van die mens en is nie afhanklik van waarneming nie. Die mens se waarneming van die kosmiese laat egter 'n onuitwisbare indruk op sy gees en denke. (2) Die mentale beeld: Die beelde wat in die onderbewussyn versamel word en wat in hul totaliteit die mens se psigiese werklikheidsbeeld vorm, staan as mentale beelde bekend. Dit is daardie beelde wat die mens in sy geestes- en gedagtewêreld vorm oor sy ervarings en belewenis van sy werklikheid en van 'n kollektiewe werklikheid. (3) Die simboliese beeld: Die simboliese beeld word onderskei van kosmiese en mentale beelde omdat dit nie natuurlike beelde is nie, maar tot stand kom op grond van die doelbewuste en berekende bedoeling van 'n mededeler. Dit word gekenmerk aan die gebruik van kodes (tegnieke) met die bedoeling om 'n bepaalde boodskap (betekenis) op 'n bepaalde wyse oor te dra. Die klem val op berekendheid in terme van die keuses by beide die mededeler en die ontvanger.

Gouws en Snyman (1994:6) meen: *"Visuele geletterdheid is die vermoë om al die eienskappe van visuele taal te kan verstaan en te kan gebruik om sodoende die samehang in visuele tekste te kan uitlees, oftewel, die vermoë om visuele boodskappe te kan dekodeer".* Hierdie stelling impliseer dat dit moontlik is om al die eienskappe van visuele taal te kan verstaan, wat sterk betwyfel word. Hoe meer 'n mens bewus word van die kompleksiteit van die medianetwerk en steurnisse waardeur boodskappe oorgesein word, met behulp van woorde, simbole en rituele teen die agtergrond van individuele kosmiese, mentale en simboliese persepsies hoe meer begrip is daar dat boodskappe foutief gekodeer en gedekodeer kan word. Daarom kan die onkundige benutting van al die faktore wat 'n rol in kommunikasie speel 'n verdraaiing van die Bybel by geloofsbemiddeling teweegbring. Dit vermaan geloofsbemiddelaars tot uiterste versigtigheid in hul omgang met simbole en rituele, veral in 'n multikulturele situasie soos in Suid-Afrika.

### 6.11 Geloofsbemiddeling deur middel van rituele

Voor daar oor geloofsbemiddeling deur middel van simbole nagedink kan word, moet geloofsbemiddeling deur middel van rituele aan die orde kom omdat rituele tot die gebruik van simbole lei (vgl diagram 45: *Rituele as 'n simbolies-kommunikatiewe handeling*). Rituele word deur simbole aangevul om tot sinvolle belewenis te kom. Rituele word as sinvolle handelinge ervaar in situasies wat soms persoonlik is soos by huweliksluiting, tydens siekte, Kersfeesviering, verjaardae, ensovoorts. Die konteks waarin die rituele plaasvind bepaal of die funksie daarvan effektief sal wees aldan nie. Nie alle kontekste het eweveel met krisisse of verhoudingsherstel te doen nie. Sommige groeperinge van mense soek eerder na selfidentifisering, soos tieners, wat nie gepla is oor veranderinge of die stabilisering van 'n samelewing nie. Hulle soek juis verandering. Persone wat pas tot bekering gekom het, sal weer 'n behoefte

aan rituele rondom godsdienstige verdieping hê. 'n Groot deel van die burgers van Suid-Afrika sal weer vra vir rituele om die politieke oorgangstyd meer gelowig te kan hanteer. Watter konteks of ritueel ook ter sprake is, dit moet die funksie hê om tot 'n beter leefwyse te lei wat neerkom op die dien van liggaam, siel en gees. Dit kan sosiale, godsdienstige of persoonlike rituele insluit. Dit moenie inhoudloos wees of slegs 'n uiterlike vertoon bevat nie. Joubert (1994:80) is van mening dat rituele en seremonies soos die doop en die nagmaal in die twintigste eeuse Christendom in ‘n groot mate hul vermoë om te kommunikeer verloor het en bloot uiterlike gebruike ter wille van die tradisie geword het.: *“… die verskillende wyses waarop genoemde rituele en seremonies bedien word, het vandag dikwels belangriker geword as die performatiewe en kommunikatiewe krag daarvan”* (Joubert 1994:80). Die betekenis van die brood en wyn as simbole by die nagmaalsviering word duideliker deur die manier waarop dit aangewend word. 'n Klein stukkie brood wat amper onsigbaar tussen die vingers van die bedienaar van die nagmaal gebreek word, spreek met minder impak as die breek van 'n groot brood ten aanskoue van al die nagmaalgangers. Die breek en uitdeel van brood deur lidmate aan mekaar met die byvoeging of herhaling van die instellingswoorde vorm 'n rituele handeling met dieper tref- en oordragskrag van die verbondsmaal as gemeenskapsmaal as die blote neem en eet daarvan op 'n individuele basis. Die tot handeling kom by die gebruik van simbole by die nagmaalviering en veral daarna in die dienskneggestalte in die daaglikse lewe, is 'n stap nader aan die verstaan van die geloofsinhoud en historiese gebeure van die verlossende genade van Jesus Christus as Offerlam. (Vgl Aerts 2002 in paragraaf 9.5.2 (3) - Ervaringsleer)

### 6.11.1 Rituele: Relevante definisies en aantekeninge

Barnard (2001:9) meen: *“Onder ‘ritueel’ verstaan wij ... een al dan niet religieuse symboolhandeling, met een min of meer herkenbaar en herhaalbaar patroon en verloop*”. Menken-Bekius (1998:18) onderskei drie probleemvelde wat 'n rol by die definiëring van 'n ritueel speel: *“... de veronderstelde relatie tussen de rituelen die mensen uitvoeren en hun beliefs. ... de veronderstelde verhouding tussen doen en denken, met betrekking tot rituelen. Een derde veld kan worden aangegeven met de woorden cultuur en identiteit”.* Menken-Bekius (1998:26) se werksdefinisie lui soos volg: *“Rituelen zijn vanselfsprekende, eenmalige of herhaalde, veelal symbolische handelinge, veelal vergezeld van bijbelhorende formules en teksten, waarin de mens lichamelijk en interactief betrokken is op een werklijkheid, die in het ritueel present wordt gestelt”.*

Volgens Wegman (1991:44) is die belangrikste miskien: *“… dat we door de samenbang van symbolen in het ritueel onze innerlijke gevoelens, overtuigingen, de zingeving die wij aan het menselijke bestaan geven, tot uitdrukking kunnen brengen. … Wat de anthropologie ons omtrent rituelen leert, geldt ook voor de christelijke. In dit opzicht verandert de christelijke religie de mens niet, maar bouwt zij verder op datgene wat des mensen is”.*

Volgens Van der Westhuizen (1993:15) word veral Turner se definisie van 'n ritueel in die antropologie aanvaar.: *“By ‘ritual’ I mean prescribed formal behavior for occasions not given over to technological routine, having reference to beliefs in mystical beings or powers. The symbol is the smallest unit of ritual which still retains the specific properties of ritual behavior; it is the altimate unit of specific structure in a*

*ritual context"* (Turner 1967:19). Turner het sy waarneming van simbole gedoen deur die waarneming van voorwerpe, aktiwiteite, verhoudings, gebeure, gebare en ruimtelike eenhede in rituele situasies. Turner beskou simbole as 'n noodsaaklike deel van sosiale prosesse. Die struktuur en eienskappe van rituele simbole kan afgelei word van die eksterne vorm en waarneembare kenmerke, interpretasies van spesialiste en leke asook vanuit die konteks wat hoofsaaklik deur antropoloë uitgewerk word (Turner 1967:19-20).

Met verwysing na die verskillende definisies van rituele sê Müller (1993:2-3) is daar sekere sentrale begrippe wat telkens na vore kom: Dit is simboliese handelinge waarby woorde en dade 'n rol speel. Rituele het met kommunikasie te doen. Dit is simboliese kommunikatiewe handelinge. Rituele as kommunikasie gee 'n antwoord op 'n bepaalde gebeurtenis aan 'n bepaalde persoon of gemeenskap, aan vorige of toekomstige geslagte, ten diepste aan God. Dit dui op formele en gestruktureerde handelinge. 'n Religieuse element is meesal betrokke, alhoewel nie altyd nie.

Die sinvolheid van rituele is geleë in die bydrae wat dit maak tot 'n beter begrip van die geloofsinhoud. Rituele, soos simbole, dien die Woord en Woordverkondiging en kan nooit as 'n selfstandige wyse van geloofsbemiddeling beskou word nie. Rituele is dus deel van die tot handeling kom van die geloofsinhoud wat ter sprake is, beide by die geloofsbemiddelaar en geloofsbemiddelde. Die eenstemmigheid oor die gebruik van rituele by die geloofsbemiddelaar en geloofsbemiddelde dui op die mate waarin geloofsbemiddeling geslaag het en ook in watter mate geloofshandelinge sal kontinueer. Die benutting van rituele deur verskillende dissiplines veral teologie, antropologie en sosiologie kan verbeter deur middel van 'n duidelike gestruktureerde netwerk van samewerking sonder dat een van dié wetenskappe hul eie identiteit hoef prys te gee.

### 6.11.2 Die aanleer van Christelike rituele

Gesinne moet rituele en tradisies van die Christelike gemeenskap asook gesinsimbole aanleer. Rituele en tradisies van die Christelike gemeenskap moet met die alledaagse lewe in die huis verbind word. Simbole en gebruike van die Christelike geloof was nog altyd belangrik om die Christelike verhale met die Christelike gemeentes en gesinne te verbind (vgl Deut 6:7, 20-21). Gesinstradisies soos daaglikse roetine, vieringe en gesinsverhale gee duidelik uitdrukking oor wat die gesinne glo en wat hul waardes is. Verskillende geleenthede soos tafelgebede, gebed voor slapenstyd, Kersboom, verjaardag of doopviering kan almal die goeie nuus van Jesus Christus kommunikeer. As oupa vir sy kleinkind vertel hoe goed God vir hom was, word dit later 'n gesinsverhaal en kan die kleinkind ook daarmee identifiseer. Oupa se storie word ook met die kleinkind se storie verbind. Die rituele, tradisies en gedragspatrone van die gesin is belangrik vir die geloofsvorming van die kind, reeds vanaf geboorte (vgl Strommen en Hardel 2000:150-151). Gesinne kan ook die beste gedefinieer word na aanleiding van die verhaal van die gesin en die verhaal is deurspek van simboliese en rituele handelinge, bewustelik of onbewustelik. Müller (2002:15) meen: *"In gesinne leef daar verhale oor wie hulle is, waar hulle vandaan kom en waarheen hulle op pad is. Wanneer hulle hierdie verhale met mekaar deel, is hulle tegelyk ook besig om hulle gesin te vorm of te konstrueer".* Indien gesinne gehelp word om tot verstaan te kom in watter mate rituele ook 'n terapeutiese funksie in die gesin het, sal daar ook 'n nuwe hoop geskep word vir

gesinne en die hantering van elkeen se behoeftes. Müller (2002:70-71) verwys na 'n film *"Angela's ashes"* wat handel oor die grootword van 'n seun en hoe die Roomse godsdienstige rituele hierdie seun deur sy stormagtige tienerjare begelei het. Müller sê (2002:71) dat dié verhaal hom laat besef het dat die Christelike rituele moontlik 'n groter behoudende invloed op kinders se ontwikkeling het as wat daar algemeen gedink word: *"Al voel ons as ouers hoe onbekwaam en bang, al beskik ons almal nie oor die vermoë om ingewikkelde teologiese gesprekke met ons kinders aan te knoop nie, kan ons almal dit regkry om sekere Christelike gewoontes in ons huise te vestig en in stand te hou. Die kerk moet ouers ook hierin begelei".*

Die bestaande familiegewoontes kan met geloofsinhoude ingeklee of verryk word. Dit sal egter sinvol wees om gesinne te begelei om tuis aan die hand van die kerklike jaar en eie familieverwante feeste Bybelse verhale aan gesinsverhale te koppel (vgl Marais en ander 2001: *Sewe familiegewoontes wat geloof laat groei* & Marais 1999: *Leesrooster vir lidmate, gebaseer op die kerklike jaar*). Die begeleidingsmateriaal en persone wat die begeleiding van gesinne waarneem, moet gesinne die geleentheid bied om kreatief met rituele om te gaan.

### 6.11.3 Verskillende soorte rituele en die indeling daarvan

Müller (1993:3-4) onderskei rituele in die volgende kategorieë (vgl diagram 45: *Rituele as 'n simbolies-kommunikatiewe handeling)*:

1. ***Oorgangsrituele:*** Byvoorbeeld huweliksluiting, geboorte, volwassewording en dood.
2. ***Genesingsrituele:*** Grün (2000:148) meen dat die salwing van die sieke twee betekenisse het: (1) intensiewe gebed vir geestelike en liggaamlike genesing en (2) die aanvaarding van siekte as 'n weg van transformasie en voorbereiding vir sterwe (Vgl Jak 5:14). Volgens Veenhof (1990:60) is daar by die Reformasie geen herwaardering vir genesingsdienste nie. Die evangeliese leer is egter genoegsaam met wondere bevestig dat dit nie meer vandag van belang is nie.
3. ***Verwisselings- en intensifiseringsrituele:*** Groetrituele by aankoms en vertrek en verwisseling van seisoene waarvan die kerklike feesdae ook deel uitmaak.
4. ***Gesinsrituele:*** Familiefeeste soos godsdienstige feeste en openbare vakansiedae, gesinstradisies soos verjaarsdae en ander herdenkings, geroetineerde patrone soos maaltye, slaaptye, naweek-aktiwiteite en maniere van groet.
5. ***Terapeutiese rituele:*** Om gees en liggaam, woord en aksie, logika en drama bymekaar te hou. Dit gaan alles oor die intrapsigiese behoefte om ambivalente emosies bymekaar te hou.

Van der Westhuizen (1993:16) deel rituele soos volg in:

1. ***Eenmalige rituele:*** Intrek in 'n nuwe huis en begrafnisse.
2. ***Herhalende rituele***: Etenstye, meditasie en gebed asook verjaardagvierings is hier tipiese voorbeelde van herhalende rituele.
3. ***Sosiale rituele***: Gesins- en skoolreünies, wittebrood en die viering van vadersdag is voorbeelde.
4. ***Godsdienstige rituele***: Die doop, Joodse Bar Mitzvah, eredienste, bidure en nagmaal kan hier genoem word.

***5. Persoonlike rituele***: Voorbereiding vir slaap, vir seksuele gemeenskap of om afskeid te neem, is tipiese persoonlike rituele.

Vir 'n gemeenskapsgerigte benadering is 'n grafiese voorstelling van die indeling van rituele meer sinvol as 'n kategoriale indeling. As uitgangspunt word veronderstel dat praktiese teologie, sosiologie, psigologie en antropologie in die gemeenskap vennote is in die benutting van rituele. Hierdie vennote word deur vier sirkels voorgestel wat mekaar gedeeltelik oorvleuel en wat gemeenskaplike punte aandui, maar ook ruimte laat vir elke dissipline se eie identiteit en werksaamheid in die gemeenskap. Omdat rituele slegs betekenisvol is as daar deelname is, sluit dit ook die kognitiewe, affektiewe en konatiewe dimensies van menswees in. Die effektiwiteit van die ritueel word dus bepaal in watter mate die genoemde dissiplines saam kan besin en in watter mate die dimensies van menswees verreken word. Daar sal egter gewaak moet word teen te veel verbalisering en te min simbolisering wanneer 'n diskoers oor rituele tussen genoemde dissiplines aangegaan word. Die doel is om deur middel van rituele die maksimum bydrae tot algemene karaktervorming en geloofsvorming van tieners en ander lede van die gemeenskap by te dra. Daarom kan alle moontlike indelings, soos die van Müller (1993:3-4) en Van der Westhuizen (1993:16) plek vind in die grafiese voorstelling om tot geloofsbemiddeling by te dra. Rituele het die taak om die gemeenskap tot communitas te lei. Communitas is 'n gebeurtenis wat die gemeenskap in 'n sosiale verhouding byeenbring met die hulp van rituele. Vanuit 'n geloofsoogpunt word die teologiese, sosiologiese, psigologiese, antropologiese en pedagogiese momente van die mens binne die ritueel verreken om tot geloofsgemeenskap en geloofsbelewing te kom. Dit veronderstel en beklemtoon 'n gemeenskapsgerigte model vir die geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van rituele en simbole.

### 6.11.4 Riglyne vir die ontwikkeling van terapeutiese rituele

Carter en McGoldrick (1999:212-213) bespreek sewe riglyne vir die ontwikkeling van terapeutiese rituele.: (1) Terapeutiese rituele is deel van 'n groter terapeutiese proses en word gebaseer op beplanning, versigtige gebruik en 'n goeie verhouding tussen terapeut en die gesin. (2) Die terapeut probeer om geskikte simbole en simboliese handelinge vir die gesin te vind. (3) Die terapeut ontwerp die ritueel en maak van die gesin se insette gebruik ten opsigte van waar en wanneer dit moet plaasvind. (4) Die terapeut skenk aandag aan veranderinge om kontradiksies in te sluit soos in plaas van om vas te hou ook te laat gaan. (5) Die terapeut neem 'n versigtige houding in om sekere aspekte van die rituele deur die gesin te laat ontwerp om sodoende die verbeelding te fasiliteer wat tot oplossings kan lei. (6) Terapeutiese rituele vir idiosinkratiese lewensfasegebeurtenisse maak sterk gebruik van normatiewe rituele. (7) Die terapeut bly oop vir die gesin se ontwikkeling van rituele, insluitend die keuse om nie die ritueel ten uitvoer te bring nie.

Terapeutiese rituele moet as proses gesien word om idividue en veral lede van gesinne te laat saamwerk aan die bestaande probleem. Dit herstel intieme verhoudings en lei tot selfterapie deur gesinslede met gesinslede wat selfstandigheid en balans in die gesin meebring. Van belang is die kommunikatiewe handelinge wat deur hierdie prosesmatige geaktiveer word.

Imber-Black (1999:202) beweer: *"Every culture makes rituals. Anchoring us with the past and where each of us comes from, while simultaneously moving us into the future, rituals capture and express the duality of continuity and change, constancy and transformation, required for families and cultures".* Dit is dus ondenkbaar om enigsins 'n poging in terapie aan te wend sonder die bystand van simbole en rituele om die gebeure van 'n bepaalde lewensiklus, soos verliese deur sterfte, effektief te begelei. Die talle kruise en blomme wat langs paaie na motorongelukke geplaas word, kan as voorbeeld dien vir die behoefte aan die simboliese hantering van bepaalde gebeurtenisse.

### 6.11.5 Betekenis en funksionaliteit van rituele

Grün (2000) het 'n interessante indeling van rituele gemaak om die konkrete funksie van rituele in die daaglikse lewe te verduidelik: (1) psigologiese rituele, (2) persoonlike rituele, (3) familierituele, (4) rituele wat tot gemeenskaplikheid en orde lei, (5) nuwe rituele, (6) kerklike rituele en (7) die uitwerking van Christelike rituele. Vir hierdie navorsing word slegs enkele gedagtes rondom die oorgangsrituele, rituele om met mekaar om te gaan, familierituele, rituele in jeuggroepe en die uitwerking van Christelike rituele vermeld. Met oorgangsrituele bedoel Grün (2000:32-33) die losmaak van jongmense van hul ouers deur sekere inisiasierituele. Dit lê in die psige van die mens om van die vader- en moederverbinding losgemaak te word. Grün (2000:40-42) meen dat rituele aangewend kan word om 'n eie identiteit te vind. Veral mense met onsekerheid ontdek deur rituele wie hulle is en kom so tot stabiliteit. Dit is veral van belang by jongmense en spesifiek dié met 'n depressiewe houding. In die rituele kan 'n duidelike gedragspatroon van mense ten opsigte van mekaar raakgesien word. Dit gee begrip vir mekaar en gee 'n heilsame vorm aan die omgang met mekaar. Dit gee vir jou 'n gevoel van deel wees van 'n bepaalde groep. Vir hierdie navorsing is dit veral van belang om mense in die samelewing deur middel van rituele, handeling, verskillende aktiwiteite weer die groepsgevoel en veral van gelowiges te laat ervaar. Daar is egter vele rituele wat binne die gemeenskap benut kan word om verhoudings te bou, veral die "begroetingsritueel" (vgl Grün 2000:42).

Vir jongmense met baie seer is dit veral sinvol om by 'n handeling uit te kom om die wonde te deurleef. Hendriks (2003:27) stel voor dat in die ontwikkeling van jeugwerk moet daar in die jeugpastoraat 'n gespreksmodel ontwikkel word om na verskillende aspekte van die jeug te luister: waarmee is hulle besig, waarvan hou hulle en waarvan nie, wat is vir hulle belangrik en met watter verwagting leef hulle? Hierdie vrae moet gevra word teen die agtergrond dat tieners wel in geloof belang stel, *"… maar alleen als je wat van het geloof ervaren kunt. Juist in dat opzicht hadden zij in kerkdiensten niets te zoeken. … 'We beleven er niets, het gaat niet over ons. De kerk is er voor ouderen'. Selfs jeugddiensten voldeden niet"* (Hendriks 2003:32). Dit is nie altyd wenslik om jongmense met hul verlede of hul kerkbywoning te konfronteer nie en dit is soms beter om deur kreatiwiteit die seer te verwerk. Daarom moet die tiener midde in die proses van die ontwikkeling van tiener- en gesinsbediening asook tienerpastoraat staan. Die betrokkenheid by en in verhouding staan met 'n aktiwiteit waaraan die tiener self vorm kan gee, is reeds 'n terapeutiese proses wat met talle handelinge en rituele gepaard gaan. Grün (2000:64) sê: *"Het is niet de bedoeling dat men het leven een kunstmatige vroomheid geeft"*. Dit gaan eerder oor wat vir die spesifieke persoon sinvol is en wat vir hom goed sal wees. Rituele in jeuggroepe het

'n besondere waarde en bespaar baie energie vir jeugleiers. Waar daar geen rituele bestaan nie, groei lede van groepe nie na mekaar toe nie (vgl Grün 2000:98-99).

Gesinne het almal basiese rituele wat uitgevoer word en waardeur verhoudings gebou word en probleme verwerk word. Dit is ook nodig dat gesinne bewus gemaak moet word van die verskillende moontlike rituele, maar ook van die waarde van die rituele wat reeds in elke gesin plaasvind, wat soms onbewustelik uitgevoer word en sodoende die diepere waarde verloor.

Soos met Christelike simbole en die benutting daarvan, het die bron van simbole, naamlik rituele, ook al meer op die agtergrond begin skuif. Dit het gebeur ten spyte van die dinamiese uitwerking wat Christelike rituele het. Daar is talle Christelike rituele wat hier genoem kan word soos feeste, kreatiewe rituele wat verbeeldingskrag vra, rituele wat die estetika na vore bring en die heerlikheid van God beklemtoon, rituele wat orde in die lewe bring, onderlinge verbondenheid smee en genesing bring. Hierdeur word sin in die lewe gebring, maar dit vra spesifieke aandag en beklemtoning asook op- en uitbouing.

Menken-Bekius (1998:40) verwys na die nuttigheid van rituele deur van 'n funksiedriehoek van die ritueel te praat. Daar is drie pole waaromheen al die funksies van rituele groepeer (vgl diagram 46: *Die funksiedriehoek van die ritueel*). Hierdie drie pole is altyd op die een of ander wyse by rituele betrokke, naamlik A: die individu, B: die groep en C: die simboliese betekenissisteem. By elkeen van hierdie pole is daar ook bepaalde funksiegroeperinge, naamlik A: psigo-higiëniese, B: sosiale en C: noëtiese funksies. Menken-Bekius (1998:41) sê: *"Met dit geheel aan interactiepatronen staat 'de mens' in de grotere context van de hem omringende cultuur (culturen). Wanneer we de functieclusters koppelen aan deze drie polen, dan zien we drie lijnen waarlangs de drie polen elkaar wederzijds beïnvloeden".*

Volgens Menken-Bekius (1998:42-70) kan die drie groeperinge van die funksies van rituele soos volg beskrywe word:

***A: Die sosiale funksie:*** Een van die funksies wat die ritueel het, is dat dit die mens van geboorte tot die graf deur middel van posisie (status), wat hy of sy in die samelewing beklee, begelei. Dit sluit onder ander in die geboorte-rituele, skool toe gaan, puberteit, toetrede tot die arbeidsmark, huweliksluiting en aftrede. Die betekenis van sulke rituele neem toe namate die verskille in klas of stand in 'n samelewing groter word. Menken-Bekius (1998:44-45) verwys na die teorie van Durkheim wat op die volgende drie komponente neerkom: (1) Dit is 'n kausale teorie oor die wyse hoe daar deur middel van rituele "religieuse" (sosiaal-kulturele simboliese) kollektiewe voorstellinge en gevoelens na vore gebring, versterk en vernuwe word. (2) Die teorie verskaf 'n bepaalde interpretasie van hierdie voorstellinge en praktyke. Die interpretasie is gerig op die opspoor van die sosiale verhoudinge binne 'n samelewing. (3) Die teorie het betrekking op die konsekwensies van religieuse voorstellinge en etiese praktyke. Die individue word deur die opvoeding van rituele in hul sosiale natuur versterk. Sodoende vernuwe die groep sy eenheid en gevoelens van sosiale kohesie.

Vir hierdie navorsing met 'n gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening en in besonder met betrekking tot 'n oorgangsfase, ook hier in Suid-Afrika, word ook na

Turner se communitas-konsep verwys. Menken-Bekius (1998:47) verwys na Turner (1977) se gebruik en uitbouing op A. van Gennep se model. Turner lê die klem op die middelste fase van Van Gennep se model – die sentrale fase waarin die eintlike oorgang plaasvind. Menken-Bekius (1998:47) beweer: *"Een van de belangrijkste in de hele dynamiek van overgangsrituelen is de spontane communitas, die geboren wordt onder mense die zich als lotgenoten in een liminale situasie bevinden, dat wil zeggen vertoeven in een grensgebied dat gekenmerkt word door de woorden 'betwixt and between'".* (Vergelyk diagram 47: *Rituele in die liminale fase* volgens E. Leach, 1976 en Van der Hart, 1990:89, wat ietwat anders deur myself voorgestel word). Die woord "status" dui in hierdie diagram op 'n bepaalde toestand, byvoorbeeld status A kan na adolessensie of 'n getroude vrou verwys en status B kan weer na volwassenheid en 'n weduwee verwys. Menken-Bekius (1998:49) verwys na die liminale periode wat dikwels ryk is aan simbole en rituele wat vastigheid bied in 'n onseker en spanningsvolle tydperk. Die oorgangsperiode word gekenmerk deur afskeidsrituele van die vorige societas, grensgebiedrituele om hulp te verleen om deur die liminale periode te kan kom en die verenigende rituele of post-liminale rituele om binne die nuwe societas van hulp te wees om te groepeer. Vir die bemiddeling van geloof binne gesinsverband met 'n gemeenskapsgerigtheid, is die benuttig van verenigende rituele van uiterste belang.

***B: Die noëtiese funksie:*** Menken-Bekius (1998:51) sê: *"Bij de noëtische functie moeten we onderscheiden tussen het wat, de substantiële inhoud van de voorstellingen en cognities die mensen hebben bij de rituelen die zij uitvoeren en het hoe van deze functie".* Die hoe-vraag het te doen met die wyse hoe met behulp van rituele tradisionele of nuwe kennis oorgedra, verwerf of ingestel word. Menken-Bekius (1998:52) sê oor die wat-vraag van 'n ritueel kan slegs situasie- en tradisiegewys gepraat word. Menken-Bekius (1998:52) verwys na Jennings se siening hoe kennis deur rituele verwerf word: (1) Rituele is 'n manier om iets te wete te kom. (2) Rituele help by die oordra van kennis en die vind van 'n eie respons daarop. (3) Rituele leer wat rituele is. Menken-Bekius (1998:53) meen dat Jennings se betoog rondom drie punte draai: (1) Rituele kennis word verwerf deur die liggaam. Die hand weet eers wat hy moet doen en daarna kom die besef daarvan tot die verstand. (2) Die rituele kennis word nie deur studie, oordenking of waarneming verwerf nie, maar deur aksie en in aksie. (3) Rituele kennis word verwerf deurdat dit 'n verandering bring in dit wat te wete gekom moet word. Hierdie uitgangspunt dui op kennisverwerwig deur betrokkenheid. Dit is die kern van geloofsbemiddeling met 'n gemeenskapsgerigtheid. Die tiener moet tot ontdekking kom van wat hy moet weet in en deur aksie. Die tiener raak besig met godsdienstige take en kom eers later tot die besef waarmee hy besig is. Die algemene uitgangspunt is om eers 'n deeglike kursus vir evangelisasie aan te bied, maar rituele kennis word nie opgedoen deur afsondering of kursusse nie, maar deur betrokkenheid. Alhoewel dit ietwat maklik en miskien oordrewe deur Babin (1991:154) gestel word, maar tog waarheid inhou, sê hy: *"Do you want to set up a group? Arouse emotion! Create understanding by sharing. Run, dance, make music! Symbolic language does just that".*

***C: Die psigo-higiëniese funksie:*** Menken-Bekius (1998:56) sê: *"In een overzichtsartikel over het theoretische concept van ritueel in de psychologie constateert B. Boudewijnse (1996) dat er in de psychologie geen debat over rituelen wordt gevoerd, zoals dat in de antropologie het geval is".* Psigologiese uitsprake oor die funksie van rituele is altyd gebaseer op bepaalde mensbeelde en dus op

ideaalbeelde van wat *"gesond"* en *"ongesond"*, wat *"normale gedrag"* en wat *"afwykende gedrag"* is.

> Mensbeelden werken onmiddelijk door in de psychologische waardering van rituelen en de beskrijving van de functies. En vandaar vinden ze weer hun weg naar pastoraal-theologische scholen, met gevolg dat terwijl de ene pastor warm loopt voor het werken met rituelen zoals dat in de gedragstherapie is ontwikkeld (Nieuwkoop 1986), de andere waarschuwt dat zulk gebruik overdreven verwachtingen kan wekken en een soort magisch denken kan bevorderen.
>
> (Menken-Bekius 1998:57)

Daar bestaan dus gevare deur van simbole en rituele by geloofsbemiddel gebruik te maak, naamlik dat dit die gedagtegang in 'n verkeerde denkrigting kan stuur. Menken-Bekius (1998:70) sê: *"In de functiedriehoek vinden we een instrument om nader mee te bepalen welke soort beroepsbeoefenaar in welke situatie de aangewezen persoon is om leiding te geven aan een ritueel"*. Rituele kan op verskillende maniere help om die lewe te orden. Ons moet egter daarvan bewus bly dat met rituele in 'n positiewe of negatiewe sin 'n vorm van mag of invloed in die lewe van die individu uitgeoefen word. Rituele vorm een spesifieke wyse van kennisverwerwing oor wie ek is en hoe dit in die wêreld lyk. Hierdie kennis word in rituele oorgedra en word langs die weg van die liggaamlike interaksie tussen die deelnemers en die werklikheid verwerf wat in die ritueel teenwoordig gestel word. Rituele het 'n belangrike funksie in die psigiese huishouding. Dit dien daar spesifieke intra- en inter-persoonlike belange. Heitink (1990:129) sê dat die ritueel die enkeling help om te besef dat hy nie in sy voor- of teenspoed aan homself oorgelaat is nie, *"… maar staat in een traditie en zich gedragen mag weten door een gemeenschap. Rituelen zijn er op gericht om de voortgang van het leven mogelijk te maken"*.

Müller (1996:189-190) vat die funksionaliteit van rituele in sewe punte saam:

1. *'n Bevrydende en kanaliserende funksie:* Emosies wat met 'n krisissituasie gepaard gaan, word deur rituele gekanaliseer.
2. *'n Bemiddelende funksie tot die verlede:* Dit herinner mense aan hul herkoms en gee op grond daarvan hoop vir die toekoms.
3. *'n Etiese funksie:* Die uitvoer van die ritueel veroorsaak 'n heroriëntasie tot die wesenlike lewenswaardes.
4. *'n Beswerende funksie:* Deur die ritueel word die ware kwaad besweer en bely op 'n tasbare wys dat dit nie die laaste woord het nie.
5. *'n Ekspressiewe funksie:* Dit is 'n noodsaaklike uitdrukking van die self en gevoelens.
6. *'n Verdigtingsfunksie:* Die verlede en die toekoms word in die ritueel verdig tot die hede en so ingehaal, binne bereik gebring en beheersbaar gemaak.
7. *'n Sosiale funksie:* In die ritueel word na ander uitgereik met 'n oproep om saam te kommunikeer. Die ritueel help om die individu te red van disfunksionele isolasie soos by rousmart.

Van der Westhuizen (1993:18-21) vestig die aandag op die volgende funksies van rituele: (1) Rituele skep stabiliteit en hanteer veranderinge. Van der Westhuizen

verwys na Laird wat beweer dat rituele kontinuiteit, orde en stabiliteit aan die gesin verskaf deur die rolverwagtings van gesinslede te klassifiseer; grense tussen gesinslede en tussen gesin en omgewing af te baken. Die gesin se historiese en kulturele tradisie word hierdeur uitgedruk. Deur rituele kommunikeer die gesin aan homself, oor homself en word integrerende gesinstemas gereflekteer. As analogiese en metaforiese kommunikasie spreek rituele tot die nie-verbale deel van die self en bied 'n nuwe manier van organisering en integrering van gesinsverhoudings. (2) Rituele dra by tot die vorming, behoud en verhoging van die gesin en individuele lede se selfidentiteit en selfbeeld. (3) Rituele help om spanning te verminder. Die gesinslede van die hersaamgestelde gesinne word deur 'n ritueel die geleentheid gebied om op 'n bepaalde tyd en plek bymekaar te wees. (4) Rituele help met die verwerking van ernstige verliese. (5) Simbole en rituele gee uitdrukking aan emosies wat nie maklik beskryf kan word nie. (6) Rituele kan van hulp wees om die verlede, hede en toekoms met mekaar te verbind. Vergelyk wat reeds hieroor in die liminale periode deur Menken-Bekius genoem is.

### 6.12 Geloofsbemiddeling deur middel van simbole

Ter inleiding word 'n paar gedagtegange oor simbole uit verskillende nasionaliteit gegee, onder andere uit Frankryk, Duitsland, Nederland en Suid-Afrika.

Babin (1991:168) verwys na die gesin as die wiegie en selfs die baarmoeder waarin die simboliek vir godsdienstige opvoeding gebore word: *"For Christians, it is the first and the most powerful awakener of faith. It is the community cell in which the child is able to hear for the first time the message of Jesus and the call to his kingdom".* Streib (1991:11) sê: *"Faith is embedded in the context of symbols, metaphors and naratives. Faith means interpretation and being-interpreted. As Paul Ricoeur points out, faith and self-understanding derive from interaction with texts and contexts, faith derives from 'listening,' from 'hearkening.' Being introduced to faith means being introduced to understanding the symbolic world".* Dingemans (1996:91) meen egter dat dit in die normatiwiteit van die Christelike geloof nooit om abstrakte leerstellings gaan nie, maar die verhouding wat 'n mens met die normatiewe verhale het. Dit gaan dus nie by die gebruik van simbole om mense in kontak met die goddelike te bring nie, maar om handelingsimbole. Die brood en wyn is op sigself nie verteenwoordigend van Christus nie. Die handeling om die brood en wyn uit te deel, te neem en te eet, maak die mens van die goddelike bewus. Simbole vra rituele om geloof te bemiddel.

Müller (1990:23-25) sê dat die teologie met simbole werk omdat dit vanuit die onsigbare na die sigbare beweeg. Die konsep van die simbool is veelsydig en nie eenvoudig om te harmoniseer nie. Kortliks kan die geestelik-historiese situasie waarin die Christen homself vandag bevind soos volg geskets word: Die Christen lewe in 'n pluralistiese wêreld en word met ander wêreldbeskouing en godsdienste gekonfronteer. Die Christen bevind hom dus in die geselskap van 'n sekulêre wêreld. Müller (1990:78) sê: *"Die Symbolwirklichkeit als 'vermittelndes Feld' zwischen Transzendentalem und Kategorialem ruft die Bedeutung der menschlichen Einbildugskraft als der Mitte der Sinnlichkeit und Geistigkeit in Erinnerung".* Müller sê voorts dat die hoogste kennis van die geestelike mens wat hy in homself kan vind, word verpersoonlik en vind plaas in prente, woorde, klanke en gebare.

Omdat geloofsbemiddeling deur middel van simbole en rituele 'n sentrale element in hierdie navorsing is, word 'n motivering vir die gebruik daarvan wel bespreek, maar om duplisering te vermy word hier na die navorsing van Hanekom (1995) verwys. Hanekom (1995:174) sê die geleenthede waar simbole en rituele gebruik kan word, kan beter benut en selfs herwin word. Dit is geleenthede soos by die doop, nagmaal, die huisaltaar, huiskategese, jeugsubkulture en enige ander geleenthede waar geloofsbemiddeling beoefen word. Dawn (1995:270) sê: *"The value of symbols in the worship space is that they hint at more that can be seen. ... What symbols denote, however, must be taught, and churches must find new ways to involve the uninitiated in the delight and mystery of their meaning".*

Vervolgens word definisies en kort aantekeninge oor simbole uit verskillende tydperke en binne verskillende verbande gegee. Kurz (1980:65) het 'n verskynsel van terughoudendheid onder verskillende vakdissiplines rondom die begrip *"simbool"* gevind: *"In der gegenwärtigen literaturwissenschaflichen Diskussion herrscht eien auffallende Zurückhaltung gegenüber dem Begriff des Symbols, ganz im Unterschied zu anderen Disziplinen wie Psycoanalyse, Theologie, Ethnologie, Lernpsychologie und Soziologie".* In 'n globaliserende wêreld met kulturele vermenging kan verwag word dat hierdie dissiplines al hoe nader aan dieselfde verstaan van simbole en rituele sal kom en moontlik meer in vennootskap kan gaan rondom 'n wetenskaplike navorsing oor hierdie kommunikasie-elemente.

### 6.12.1 Simbole: Relevante definisies en aantekeninge

Die volgende beskrywings of definisies van simbole word vermeld spesifiek met betrekking tot konsepte en uitdrukkings wat in hierdie navorsing ter sprake kom, soos rituele, Bybelse beelde, simbole as wese van die mens, om tot begrip en verstaan te kom, simbole en kultuur, probleme rondom die gebruik van simbole, herkoms van simbole, simbole met betrekking tot God en mens, simbole as hermeneutiese en kommunikatiewe fenomeen, ensovoorts.

***1. 'n Eie definisie - Simbole en rituele:*** 'n Simbool is die versimbolisering van 'n ritueel wat deur handeling betekenis gee aan 'n bepaalde saak. Simbole word uit rituele gebore. Simboliek is die sigbare en kommunikatiewe voorstelling van Bybelse waarhede soos uitgedruk in bekende historiese of natuurkundige beelde waarna die Bybel heenwys.

***2. Simbole en psigo-analise:*** Eliade (1961:12) beweer: *"Symbolic thinking … is consubstantial with human existence, it comes before language and discursive reason".*

***3. Simbole verhelder:*** Toynbee (1976:53) meen 'n simbool is nie gelyk aan dit wat gesimboliseer word nie, maar word gereproduseer deur dit waarna dit verwys, naamlik die woorde, die handeling of ritueel. Die toets waardeur 'n simbool sal voortleef aldan nie is die verheldering wat dit oor 'n onderwerp of saak bring.

***4. Deur simbole word die onverstaanbare begryp:*** Jung (1978:20-21) sê: *"As the mind explores the symbol, it is led to ideas that lie beyond the grasp of reason. Because there are innumerable things beyond the range of human understanding, we constantly use symbolic terms".*

***5. Simbole en kultuur:*** Augé (1979:36) beweer: *"The connection between culture and symbol is the only one that would make it possible to close the circle…".* Augé meen dat elke kultuur 'n eie simboliese samestelling het. Maar die vraag wat Augé vra, is in watter mate stem al hierdie simboliese samestellings van die verskillende kulture ooreen met 'n sentrale simboliese tema? Dit is 'n uiters relevante vraag in 'n gesinsbedieningsmodel wat gemeenskapgerig is in 'n multikulturele tydperk.

***6. Kentekens van simbole:*** Paul Tillich (1964:196-197) verwys na vier kentekens van simbole: (1) die *"Uneigentlichkeit"* wat die grondliggende kenteken is, naamlik dat die handeling wat op die simbool gerig is, nie altyd van die simbool afgelei kan word nie as dit nie versimboliseer word nie; (2) die *"Anschaulichkeit"* op sigself bevat min betekenis; (3) *die "Selbstmächtigkeit"* dui op die inherente mag wat die simbool het; (4) die *"Anerkanntheit"* dui op die simbool wat sosiaal ingebed is en gedra word.

***7. Simbole word gebore en nie geskep nie:*** Biezais (1979:XX1) verwys na Fawcett wat meen dat simbole nie geskep word nie, maar uit lewensituasies gebore word. Simbole ontstaan nie soos tekens as 'n resultaat van menslike kreatiwiteit en verbeelding nie.

***8. Simbole is nie tekens nie:*** Biezais (1979:XXIII) beweer : *"... das Zeichen ist ein Hilfsmittel, ein Arbeitsrequisit, sowohl im täglichen Leben als auch in der wissenschaftlichen Arbeit, um die Orientierung und die Kommunikation innerhalb einer Gruppe zu erleichtern".* Biezais (1979:XXIV) verwys na 'n uitbeelding van Royce om die onderskeid tussen simbole en tekens aan te toon (vgl diagram 48: *Die onderskeiding tussen simbool en teken*). Let op dat tekens meer met wetenskaplike teorieë, die eksperimentele en die abstrahering van die mens se lewe te make het terwyl simbole op die mens se betrokkenheid in die universum fokus en met metaforiese patrone werk wat 'n eksistensiële waarde het. Hierdie diagram toon 'n holistiese siening van al die dimensies van mens-wees wat in 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel aandag moet geniet, byvoorbeeld die godsdienstige, die persoonlikheid, leer, sielkunde, psigo-analise en waarneming. Tekens word slegs kragtig, veral in 'n religieuse konteks, as dit met 'n simbool geassosieer word. Dit is dus van wesenlike belang dat daar 'n duidelike onderskeid tussen simbool en tekens getref moet word.

***9. Afbeelding van God en mens:*** Hultgård (1979:111) verwys na die verbod van die tora op die afbeelding van God en menslike figure. Die verbod op die afbeelding van die mens is geneem uit die tweede gebod van die tien gebooie. Gen 1:26-27 sê dat die mens volgens die beeld van God gemaak is. Tog kan die afbeelding van 'n mens nie gelyk gestel word aan 'n afbeelding van God nie, want die mens is deur God geskep om Hom te versimboliseer en te verteenwoordig.

***10. Simbole as hermeneutiese fenomeen:*** Kurz (1980:65) sê: *"Das Symbol ist kein semiotisches, es ist ein hermeneutisches Phänomen. Bei sprachlichen Zeichen deute ich nicht den signifiant, um den signifié zy verstehen".*

***11. Simboliek en pragmatiek:*** Kurz (1980:73) beweer: *"Das symbolische Verstehen setzt dieses pragmatische Verstehen voraus. Symbolische Verstehensprozeduren wenden wir dann an, wenn wir den Eindruck haben, dass mit der pragmatischen Bedeutung noch nicht alles erfasst ist, wenn sich noch eine*

*zusätzliche Bedeutung aufdrängt".* Kurz (1980:75) meen: *"Das Symbol hält eine Balance zwischen Bindung an das pragmatische Kontinuum und einer relativen Eigenständigkeit".*

***12. Simboliek en die struktuur van kultuur:*** Foster en Brandes (1980:371) meen: *"… in order to understand the meaning of symbolism and the nature of cognitive structure of culture, it is necessary to uncover the covert semantic arrangements that govern its forms. This can only be done comparatively, through examination and analysis of behavrioral schemata and behavioral products."*

***13. Simbole en visie, verbeelding en verstaan:*** Dillistone (1986:13) sê na aanleiding van 'n hele aantal definisies van 'n simbool: *"Taking these various writers together, we find widespread agreement that the symbol is a powerful instrument to extend our vision, to stimulate our imagination and to deepen our understanding".*

***14. Godsdiens as simboliese kommunikasie:*** Jetter (1986:140-141 en 143) beweer: *"Der Gottesdienst hat die Struktur darstellenden Handelns, wie immer man ihn theologisch definieren mag. … Der Gottesdienst ist symbolische Kommunikation in einer eigens veranstalteten Situation".* Jetter gee 'n heel insiggewende en oorkoepelende beskrywing van simbole en rituele vanuit 'n teologiese en antropologiese gesigspunt.

***15. Simboliese taal is soms gekompliseerd:*** Bronswijk (1987:8-9) beweer: *"Zelden zijn ze maar voor één uitleg vatbaar. Want met symbolen worden meestal abstracte, ingewikkelde gedachten kernachtig en geconcentreerd uitgelegd. … Symbolen, beelden kunst en liturgie hebben elkaar steeds wederzijds beïnvloed.*

***16. Uitdrukking, gedeelde bewussyn, kulturele impak en kennis:*** Cooke (1990:275 ev) noem vier gebruike van 'n simbool, naamlik (1) om oordele, houding en emosies tot uitdrukking te bring, (2) om gedeelde bewussyn bo die vlak van taal te kommunikeer, (3) dit het 'n kulturele impak en (4) dit dra tot kennis by.

***17. Simbole setel in verhoudings:*** Bourdieu (1991:170) meen simbole: *"… is defined in and through a given relation between those who exercise power and those who submit to it, i.e. in the very structure of the field in which belief is produced and reproduced".*

***18. Die simbool as samebindende faktor:*** De Chapeaurouge (1991:2-3) haal interessante uitsprake oor simbole uit die geskiedenis aan, byvoorbeeld Filippo Beroaldo (1508) beskryf die Christelike simbool as 'n samebindende *("Zusammentragen")* faktor.

***19. Normatiwiteit, bekoring en feilbaarheid van simbole:*** Farley (1996:3) gebruik die terme *"deep symbols"* en sê dat dit ten minste vier kenmerke het: normatiwiteit, bekoring, feilbaarheid en setel in meesterverhale (vgl paragraaf 6.12.2).

***20. Jesus Christus as simbool van God:*** Haight (1999:14) beweer: *"In the light of these two premises, that all faith and revelation are historically mediated, and that symbols can be devided into conscious and concrete symbols, we can state in a*

*straightforward way the place of Jesus Christ in the Christian religion: for Christians, Jesus is the concrete symbol of God".*

***21. Presentatiewe simbole:*** Barnard (2001:115-116) meen die presentatiewe simbole het betrekking op die nie-verbale en is verbonde aan 'n materiële bestaan wat met die sintuie soos die visuele, ouditiewe, smaak, reuk en tassin waargeneem kan word. Dit kan enige eenvoudige voorwerp of besitting van iemand wees wat 'n gebeurtenis of persoon oproep. Representatiewe simbole speel veral in die Christelike liturgie 'n belangrike rol waar simbole en ritule byvoorbeeld by die doop en nagmaal bymekaar gebring word.

***22. Ritualiteit gedra deur teken, simbool, rite en mite:*** Paul Post (2001:34-35) beweer: *"Een symbool is een teken met een meerwaarde. Elk symbool is een teken, maar niet elk teken een symbool."* Post (2001:34-35) noem drie dimensies wat die veelvoudige waarde van simbole bepaal: (1) Simbole veronderstel betrokkenheid of deelname (συμβαλλειν = saambring). (2) 'n Teken word 'n simbool vanweë ikonisiteit, byvoorbeeld water. (3) Simbole word bepaal deur samekomste en kulturele kodes. 'n Rite is 'n handeling waarin simbole verteenwoordig word. 'n Ritueel is dus 'n simboolhandeling deur woord en gebaar. Die rite is die taal van die simbole en simbole vorm die boustene van die mite.

***23. Simbool as gebonde taal:*** Van Leeuwen (2002:70) meen simbole lê verskuil om in die taal met krag deur te breek: *"De zeggingskracht schuilt niet zozeer in de woorden, als wel in krachten in de werklijkheid zélf, die kennelijk tot 'zegging' moeten komen".* Die simbool is dus aan iets gebonde wat die taal voorafgaan.

Die eenheid van 'n groep mense, soos al die kulturele waardes, moet simbolies tot uitdrukking kom. Mense se aandag word maklik deur 'n simbool getrek. Dit is 'n gemeenskaplike manier van kommunikeer en 'n algemene manier van verstaan. Alle kommunikasie, of dit deur 'n taal of ander media geskied, maak van simbole gebruik. Dit is moeilik om 'n gemeenskap in te dink sonder enige simbole. By hierdie simbole moet aansluiting gevind word tydens geloofsbemiddeling. Sleutelterme wat by die gebruik van simbole in gedagte gehou moet word, is die oorsprong daarvan, dat simbole rituele vra, die eenvoud daarvan, dat dit verhelderend is en verhoudings smee, hermeneutiese waarde het, dat dit visueel is, taal tot uitdrukking bring, in die kunste voorkom, dat dit mag en krag het en geloofshandeling stimuleer. Hierdie sleutelterme kan soos volg saamgevat word: Alhoewel nuwe simbole voortdurend uit rituele gebore word, het simbole in die algemeen 'n oergeskiedenis omdat die oertaal uit baie simbole bestaan het soos die tekens en tekeninge wat tot vandag in grotte en grafte bewaar gebly het. Simbole is in diens van 'n taal. In die taalgebeure het dit die funksie om te verhelder, maar dit vereis dat simbole so eenvoudig as moontlik gehou sal word. Omdat simbole in diens van woorde staan, het dit ook die hermeneutiese funksie om tot verstaan van die inhoud van begrippe te kom en daardeur tot verstaan van God en mens te kom. Op hierdie wyse dra simbole by tot die bou van verhoudings en die ontwikkeling van die kulturele lewe van die mens. Dit verskerp visie en gee mag en krag aan woorde om tot handeling te kom wat in 'n sekere sin ook intellektuele aksie genoem kan word.

**6.12.2 Simbole as "woorde" met krag**

Farley (1996) praat van diep simbole om aan te dui dat simbole uitdrukking gee aan die krag of gesag van woorde. Hy gee 'n beskrywing van die karakter en moontlikheid van diep simbole in die postmoderne gemeenskap. Hy is veral besorg oor die mate waarin die gebruik van simbole in die kontemporêre postmoderne gemeenskap reeds verdwyn het terwyl dit so 'n noodsaaklike normatiewe taal van die kultuur is. Die problematiek in die samelewing kan aan die verliese van simbole wat eenmaal kragtig gewerk het, gekoppel word. Dit is dus nodig om na te dink oor geloofsbemiddeling deur middel van simbole en rituele om die geloofsinhoud van die Bybel opnuut na vore te laat kom. Strauss (1995:88) meen: *"In 'n tyd van sekularisme en materialisme in die breedste sin van die woord – waarin dit al hoe moeiliker word om God werklik te ontmoet – is dit dringend noodsaaklik dat besin sal word watter waarde liturgiese simboliek kan hê om mense te lei tot 'n ware ontmoeting met God in die erediens".* Pieterse in Vos en Pieterse (1997:125) beweer: *"Die kommunikatiewe krag van simbole lê daarin opgesluit dat dit na wêrelde verwys wat buite ons sigbare werklikheid bestaan".*

***1. Die kleur en krag van simbole en rituele:*** Babin (1991:145) meen: *"Art and beauty are not specialties or compartments separate from the communication of faith; they are an essential dimension of it. This is particularly true today".* Die kleur en krag van simboliek en die rituele in die Bybel wat verlore gegaan het, moet herwin word om die geloofsinhoud in die praxis van die postmoderne konteks te verhelder. *"Words of power, that is, deep and enduring symbols that shape the values of a society and guide the life of faith, morality, and action, are subject to powerfull forces of discreditation and even disenchantment. This thesis applies not only to certain selected deep symbols but to the very idea of deep symbols. If this is so, we must either find ways to recover their power or live without them"* (Farley 1996:1-2).

Hoe vernuwend daar ook na die Bybel gekyk word, daarin gesoek word en daaroor geskryf word, kan daar nog steeds sterk standpunt ingeneem word dat die simbole en rituele van die Bybel nie werklik verdwyn het nie. Farley (1996:13) verwys in dié verband na Delbanco wat beweer dat selfs vir die sekulêre liberaliste het godsdienstige metafore nie heeltemal verdwyn nie. Hulle is nog steeds daar om uitdrukking te gee, maar is meesal slegs spraaktegniek. Bronswijk (1987:9) meen: *"Symbolen, beelden kunst en liturgie hebben elkaar steeds wederzijds beïnvloed".* Dit word opgemerk in die versierings, liedere en feeste in kerke.

***2. Simbole se historiese relatiwiteit:*** Een eienskap van simbole is hul historiese relatiwiteit - hul noodsaaklike verbinding met spesifieke mense en kulture. *"De wortels van de christelijke symboliek gaan ver terug in de oergeschiedenis. We komen er elemente tegen uit de oude Indo-Germaanse en Semitische voorstellingswereld"* (Bronswijk 1987:9). Omdat simbole relatief is, is hulle ook vatbaar vir verandering, en hulle kan selfs afsterwe. In die mate waarin simbole funksioneer om mense se kulturele voortgang te handhaaf, is dit moeilik om simbole bloot te vernietig. Tog dra dit geen waarborg van oorlewing nie. Die simbole van tradisionele gemeenskappe is wel blootgestel aan transformasie as gevolg van kulturele inmenging en historiese uitsterwing. Die saamgroepeer van mense, die einde van historiese tydperke en die invloed van nuwe charismatiese leiers het 'n einde gemaak aan sekere woorde wat mag gehad het en is ander woorde ingebring met mag. Wanneer mense kultureel saamgroepeer, sal simbole in 'n nuwe gedaante

oorleef of verdwyn. Dit kan ons reeds in die Suid-Afrikaanse multi-kulturele situasie waarneem en ook al hoe meer in die toekoms verwag.

***3. Simbole word gebore en sterwe:*** As gesê kan word dat 'n simbool mag het, kan ook na 'n simbool verwys word as iets wat lewe. Dit word gebore uit rituele en kan ook verouder en selfs sterwe. As simbole uiteindelik sterwe, is een van die redes dat daar niemand is wat die simbool lewe kan gee nie. In die geval van die Woord van God is dit nie die mens wat daaraan lewe gee nie, maar God self. In hierdie sin verwys Johannes (Joh 1:1-4) na Jesus Christus: *"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. ... In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. ... [D]ie duisternis kon dit nie uitdoof nie".* Sonder twyfel sal die woorde, simbole en rituele van die Woord van God bly lewe omdat Hy lewe.

Strauss (1995:87) beweer: *"… 'n rede vir die simboolarmoede in die gereformeerde liturgiese tradisie is die feit dat die universele Christelike kerk, nie net die gereformeerdes nie, gekapituleer het voor die Aufkläurung se neiging tot sogenaamde wetenskaplike objektiwiteit en intellektuele kommunikasie. Dit het gelei tot die geringskatting van die mens se behoefte om sy gevoelens ook simbolies uit te druk".* Simbole begin kwyn as die inhoud wat met die simbool geassosieer word, hul betowering begin verloor. Mense mag nog praat van die gesag van die Bybel, maar bedoel iets heeltemal anders, naamlik dat die Bybel bruikbaar, terapeuties of mooi is. "Teologie" word weggelaat as iets wat net aan akademici behoort. "Gesag" is iets wat opgegee moet word ten einde vry te kan wees. "Tradisie" moet deur 'n kognitiewe sisteem van moderne instellings vervang word (vgl Farley 1996:15-16). Dillistone (1986:219) beweer: *"Symbolism cannot live with literalism. Yet it can also be claimed that humans, without symbolism, cannot truly live. If a symbol is to retain its vitality it must be constantly re-adapted and re-interpreted within fresh contexts"*

Die veroudering van simbole is 'n teken van 'n proses wat in die samelewing aan die gang is, ten goede of ten kwade. Postmoderne of gevorderde industriële samelewings is die produk van 'n diep kulturele revolusie wat eeue gelede begin het en nog steeds aan die gang is. Christene leef in gemeenskappe met 'n toename van verskillende godsdienstige gelowe, etniese tradisies en sosiale houdings. Die ervaring van hierdie oorgang is nooit kalm of pynloos nie. Historiese oorgangstye is periodes van onstabiliteit, onsekerheid en onrus (vgl Farley 1996:17 en ook die bespreking van die liminale fase in paragrawe 6.11.5. en 6.12.4). Daar steek meer agter die veroudering van simbole as 'n sosiale omwenteling. Sou daar dan wel gesê word dat die tyd van Bybelse simbole verby is, is dit 'n uitspraak vanuit die mens se innerlike wat verander het. Die waarde en lewe wat God daaraan gegee het, bly onveranderlik. Farley (1996:21) sê: *"And if the words of power do atrophy, it suggests that something is eroding the interhuman itself, stealing away its reality. That which 'rots from within' is not simply the power of expression but relation itself."*

***4. Simbole funksioneer binne verhoudings:*** Die rede waarom die Bybel opnuut weer in die gesin herontdek kan word, is vanweë die besondere verhoudings in 'n gesin, goed of sleg. Dit is in so 'n relasionele situasie waar simbole veral meer waarde het as tussen vreemdelinge, want dit is waar dit tot betekenisvolle handelinge kan kom of geritualiseer kan word. Haight (1999:200) beweer 'n belangrike dimensie van simboliese kommunikasie bestaan in die feit dat dit deelname vra. Bourdieu

(1991:164) meen: *"For symbolic power is that invisible power which can be exercised only with the complicity of those who do not want to know that they are subject to it or even that they themselves exercise it".* Die simbool se lewe lê in die ritualisering daarvan in groepe. Eers as die geloof wat in woorde of ander simbole beskryf word tot gemeenskaplike handelinge oorgaan, kan van lewende simbole gepraat word. Simbole moet dus handelinge stimuleer. Farley (1996:21) sê: *"… it is evident that the words of power arise in connection with this primordial sphere of relation. To eliminate the relations that bond human beings to each other would also erase obligation, tradition, authority, and the 'thou shalt nots', that arise with these things".*

***5. Simbole in die postmoderne samelewing:*** Wat is die status van diep simbole in die postmoderne samelewing? As sekere simbole se funksie verminder, is dit ook nie altyd sleg nie. Is die postmoderne mens nie miskien ook postsimbolies nie en selfs post-Christelike nie? Die diep politieke simbole van die verlede is te besmet met rasisme, kolonialisme en seksistiese elemente om te kan herstel en benut te word. 'n Samelewing sonder simbole lei tot kultuurlose, mediagedrewe, verbruikers-georiënteerde samelewing. Diep simbole hou wel aan om die taal van ten minste sommige gemeenskappe te bemagtig. Dit lyk of die postmoderne nie die matriks van diep simbole, die sfeer van verhouding en die intermenslike opgehef het nie (vgl Farley 1996:23). Diep simbole verskaf die waardes waardeur 'n gemeenskap homself verstaan en waarmee dit na 'n doel mik. Soos mense in 'n gemeenskap opgroei, word hulle bewussyn met hierdie simbole geslyp. Dit gee krag aan die persone wat daaruit lewe asook vir die gemeenskap wat dit in verhale en rituele huisves. Stander (2000:11) met verwysing na die derde millennium wat geweldig visueel ingestel is, beweer: *"Die sterk beklemtoning van die visuele in die moderne wêreld maak dat ook Christene 'n groter behoefte het om hul boodskap deur middel van simbole of tekens uit te dra".*

***6. Kenmerke van diep simbole:*** 'n Diep simbool kan tot uitdrukking kom in 'n primêre term soos "verbond" of dit kan gekoppel wees aan 'n verskeidenheid van terme. Grammatikaal gesproke is 'n diep simbool meer 'n imperatief as 'n naamwoord. 'n Diep simbool gee uitdrukking aan die histories gedetermineerdheid van 'n gemeenskap. Die gemeenskap se besondere karakter, tradisie en situasie is die lokus van diep simbole. Dit beteken dat diep simbole histories is en as sodanig het hulle betrekking op 'n spesifieke gemeenskap en is veranderbaar. Diep simbole het volgens Farley (1996:6-7) ten minste die volgende vier kenmerke: (1) Normatief: Dit het die intensie om die gemeenskap na 'n beter bedeling te lei. (2) Betowerend: Vanuit diep simbole spring nuwe, magtige metafore en konsepte na vore. (3) Feilbaar: Diep simbole is feilbaar omdat dit sy mag onder andere kry uit die gemeenskap of die tydperk waarin dit na vore kom. (4) Simbole lokaliseer in 'n meesterverhaal. Hierdie kenmerke word as belangrike komponente in hierdie navorsing oor tieners, gesinne en die gemeenskap waarin hulle woon, beskou.

***7. 'n Woord aan geestelike leiers:*** Farley rig die volgende vermaning aan geestelike leiers om nie langer toe te laat dat gesinne Jesus Christus saam met die sogenaamde "stowwerige" Bybel wegbêre nie.

> The desymbolized society may not be our fate, but it certainly is our environment. … Pastors, teachers, students, lay leaders, and church members all risk the health of the church when they take the words

> of power for granted. … The mainline churches have already had a lesson in that risk. From the mid-1960's to the present, they lost a good part of the coming generation of their young. For some reason that generation, perhaps the first postmodern generation, could not enter the ecclesial collective unconscious, could not hear the grand narrative and the words of power. That loss should get our attention and summon us to a task, the reenchantment of the deep symbols where the absent God can somehow again be heard.
>
> (Farley 1996:27-28)

***8. Simbole lei tot ontmoeting:*** Baie van die samelewing se probleme het dus te make met die verloor van die samelewing se kragtige simbole. Dit versterk die gedagte dat geloofsbemiddeling aan tieners die benutting van simbole en rituele dringend nodig het. Die inbou van waardes by kinders, veral nog voor die tienerjare, is van kardinale belang. Die wyse hoe waardes ingebou word, is ewe belangrik. Die metaforiese taal wat hieruit na vore kom, kan die tiener help om die onbekende in terme van die bekende te verstaan. Simbole tree soos vensters op waardeur na die onbekende gekyk kan word om tot die verstaan daarvan te kom. Wanneer dit met rituele gepaard gaan, word tieners tot ontmoeting met God gelei en tot geloofshandelinge in hul daaglikse lewe gestimuleer en geaktiveer. Dit bring die alledaagse rituele en godsdienstige rituele, wat dieselfde funksie het, nader aan mekaar en word godsdiens al hoe minder as 'n private saak gesien en al hoe meer as 'n gemeenskaplike saak binne die geloofshandelinge van die geloofsgemeenskap beoefen. Op hierdie wyse word die verbondsverhouding tussen God en mens sigbaar in die gemeenskaplike lewe en word die gemeenskap tot verbondenheid uit hul verwondheid gelei. Dit moet gesien word in die lig dat simbole en rituele die intensie het om tot genesing, versoening en 'n beter bedeling te lei. Om hierdie gedagtegang tot verwesenliking te lei, moet 'n aanknopingspunt in die mens se gedagtewêreld gevind word wat wemel van simbole.

### 6.12.3 Menswees vra simboliese denke

***1. Die mens dink deur middel van simbole:*** Om dus mense daartoe te kan lei om weer diep na te dink, beteken om weer simbolies te praat en te lewe. *"That was Jesus' language, and it is the dominant language of the media today. …That was Jesus' method with his disciples"* (Babin 1991:146). Die werklikheid kan nie van die simboliese geskei word nie (vgl Joh 6:26-27). Die werklikheid kom juis met meer diepte na vore sodra dit versimboliseer word. Die mens kan alleen in terme van simbole dink en alleen van enige ondervinding sin maak deur simbole. Daarom word die simboliese en rituele langs mekaar ingespan om tot die verstaan van die Bybelse inhoud te kom en geloof tot beweging te bring. Dillistone (1986:vii) sê: *"Man's simian chatter becomes noble as it becomes symbolic. Facts of existence are simply facts, no more than 'cracklings' of an inexhaustible garrulity until they become symbols".*

***2. Die lewe word bepaal deur die misterie daaragter:*** Die betekenis van die lewe kom deur simbole tot uiting. Baldock (1990:1) verwys na Nicolas Berdyaeff wat meen dat die betekenis, belangrikheid en waarde van die lewe deur die misterie daaragter bepaal word, deur 'n oneindigheid wat nie gerasionaliseer kan word nie, maar slegs deur mites en simbole tot uitdrukking kan kom. Babin (1991:154) beweer: *"The ambiguous language is essential to the life of the churches. A church – or any society*

*– that does not give a place of honor to the discovery images and poems, to popular forms of expression, and to music and symbolic ambiguity is bound to oppress rather than liberate our minds".*

***3. Die kulturele lewe van die mens vra simbole:*** Die eenheid van 'n groep, soos al sy kulturele waardes, moet simbolies uitgedruk word. Benson (1997:120) meen: *"For many youth, there is considerable strength in the traditions, symbols, and values of their cultural heritage".* Die simbool is 'n bepaale fokus van belangstelling, 'n middel tot kommunikasie en 'n algemene basis van verstaan. Alle kommunikasie, of deur taal of ander wyses, maak gebruik van simbole. Die samelewing kan nie maklik sonder hulle bestaan nie (vgl Dillistone 1986:7). Daar is 'n dialektiese interaksie tussen die sosiale lewe as 'n geheel en spesialiteits-gemeenskappe daarbinne (vgl Dillistone 1986:110). Aan die een kant is simboliese vorme nodig vir die onderhouding van die algemene gesondheid en geordende bestaan van die hele gemeenskap. Aan die ander kant is daar simboliese vorme nodig om 'n gevoel te kweek vir die onbekende probleme in die individuele en gemeenskaplike lewe (vgl Dillistone 1986:111).

***4. Die nodigheid van simbole in die sosiale lewe en spesialiteits-gemeenskappe:*** Twee van Victor Turner se boeke dui op sy belangstelling in simboliese vorme, naamlik *"The Forest of Symbols: Aspects of Ndembu Ritual"* (1967) en *"The Ritual Process: Structure and anti-structure"* (1969). Hierdie boeke handel oor die funksie van simbole in die ordening van die sosiale lewe. Osmer (2001:48) is van mening: *"… that religion potentially plays an important, positive role in national and global civil societies, mediating virtues and practices important to democratic polity and the pre-political society".* In 'n gemeenskapsgeoriënteerde tiener- en gesinsbediening deur middel van simbole en rituele gaan dit primêr oor geloofsvorming en orde in die verbondsgesin, maar daardeur kom daar ook orde in die gemeenskap. Post (2001:33) beweer: *"Riten en symbolen worden vaak in uiteenlopende situasties instrumenteel ingezet voor genezing, heling of verzorging van geest en lichaam".* Simbole en rituele, met verwysing na die toename in Suid-Afrikaanse kunstefeeste, kom ook al hoe meer na vore in die alledaagse lewe. Volgens Dillistone (1986:110) is daar twee aspekte wat in gedagte gehou moet word: *"The establishment of roles and regulations making ordinary social existence possible and the emergence of communual groups, sharing common convictions and ambitions, and organizing themselves in ways different from those of the larger society".*

### 6.12.4 Die funksionering van simbole

***1. Riglyne vir die gebruik van simbole:*** Kommunikasie met simbole is nie sonder probleme nie. Omdat sommige simbole kragtig kan funksioneer en ander minder kragtig of soms geensins nie asook die wete dat binne elke simbool 'n samebundeling van emosies in 'n meerdere of mindere mate teenwoordig is, kan alle simbole nie op dieselfde vlak gehanteer word nie. Daar is sekere vereistes vir die gebruik van simbole. Strauss (1995:90-91) bespreek enkele voorwaardes vir sinvolle gebruik van simbole wat ook in die volgende samevatting voorkom:

* Simbole mag nooit 'n doel op sigself wees nie.
* Simbole moet verwys na die heilsdade in en deur Jesus Christus.

* Simbole moet getrou aan die kultuur, tradisie en beleweniswêreld van die gemeente wees.
* Simbole moet ongekulsteld, natuurlik, eenvoudig en tog kunstig wees.
* Simbole moet die mens in sy diepste wese ontroer.
* Die uitgangspunt rondom die verstaan van simbole moet die Skrif wees.
* Simbole moet teen die agtergrond van lidmate se kultuur gehanteer word.
* Die gebruik van simbole en rituele moet nie lidmate ongemaklik laat voel nie.
* Dis die oorheersende kultuur wat die gebruik van simbole en rituele bepaal.
* Simbole kan hul betekenis en waarde verloor en 'n beperkte gebruikstyd hê.

***2. Simbole bemiddel geloof:*** Met hierdie navorsing word gepoog om opnuut by die voete van Jesus Christus te gaan sit en uit die Woord en skepping die stem van God duideliker te hoor. Babin (1991:146) verwys na Jesus se taalgebruik as simbolies van aard en dat dit vandag die dominante taal van die media is: *"It adds modulation to abstract words. It is the best way of putting thought on show. … It is the oldest method of all, used in all religions. It is still the method used today on pilgrimages, in camps, and in group education".* Die grondbeginsels van Jesus se metodiek moet weer opnuut bedink en benut word. Hy het nie net vir ons 'n opdrag gegee nie, maar ook die gawes, talente en middele om dit uit te voer. Ons is sy verteenwoordigers op aarde en kan ook daarom sy leermeesterskleed aantrek om die brood van die lewe aan ander uit te deel. Daarvoor het Jesus se volgelinge metodieke en gesag ontvang.

Die dieper en misterieuse geestelike ervaringe kan weer herleef met die hulp van 'n transendentale aksie of metodiek. Simbole kan verstaan word as die woordlose taal wat gebore word uit rituele. Soos gesinslede mekaar al hoe beter leer ken, word die nie-verbale ook al hoe belangriker. Die Skepper praat in 'n hoë mate met sy skepsele deur middel van simbole en rituele. As die skepsel nie hierdie taal en handeling verstaan nie, verloor hy kontak met die Skepper. God het sy Seun na hierdie wêreld gestuur om aan die mens te openbaar hoe hierdie taal klink en hoe God handel. Jung (1964:21) wat meen dat ons deur simbole tot die bonatuurlike toegang kry: *"As the mind explores the symbol. It is led to ideas that lie beyond the grasp of reason".*

***3. Enkele gesigspunte vir die benutting van simbole:***

**** Simbole lei tot kragtige handelinge of rituele:*** Soos reeds bespreek, is die optrede, gedrag of handelinge van mense onlosmaaklik verbonde aan die simboliese. Mense gee uitdrukking aan hul gevoelens deur simbole en rituele. Bepaalde simbole het dus die neiging om mense te groepeer en daarteenoor om mense wat nie met die bepaalde simbole kan identifiseer nie, weg te dryf. Simbole kan dus kragtiger funksioneer as blote slagspreuke of woorde op plakate. Deur simbole bloot te ignoreer of te verwaarloos, kan 'n nadelinge uitwerking op die samelewing hê.

**** Simbole stimuleer die denke, regter- en linkerbrein:*** Simbole stimuleer die denke, veral die regterbreinaktiwiteite. Die regterbreinaktiwiteite word gekoppel aan die emosionele lewe. Vlae of foto's van vyande wat verbrand, waarop getrap of geskeur word, dui alles op die visualisering en ritualisering van wat in die emosionele wêreld van die handelende mens aangaan. Dit het ook gedurende die gerugte van 'n oorlog in 2003 in Irak asook tydens die oorlogvoering selfs wêreldwyd sigbaar

geword. Dit bly egter riskant om regterbreinaktiwiteite bo linkerbreinaktiwiteite te verhef, selfs ook in die betoog rondom 'n beter geloofsbemiddelingstrategie deur middel van simbole en rituele. Simbole en rituele is so nou ineen verweef dat kommunikatiewe handeling haas ondenkbaar is sonder simbole. Die Bybel kan gelees en verbaal bespreek word sonder enige handelinge of rituele. Dit lei tot 'n siening dat die kerk dood is.

* ***Sonder die funksionering van simbole en rituele is daar ook geen kulturele lewe nie:*** Geen kultuur kan bestaan sonder handelinge nie. Wanneer simbole uit die kultuur weggeneem word, word die kulturele lewe ernstig aangetas – in die mate dat dit sy voortbestaan selfs kan verloor. Simbole bring die betekenis en lewe van 'n kultuur na vore. Daarom word in hierdie navorsing gesoek na 'n meer gebalanseerde funksionering van die linker- en regterbreinfunksies.

As daar dan 'n besondere rede gesoek moet word vir die beskrywing wat tieners en volwassenes dikwels van die kerk gee, naamlik “droog” of “dood”, is die rede dikwels te vinde in die verliese wat die kerk op die terrein van simbole en rituele ly. Hierdie verliese het nie in die eerste plek met die verdwyning van skilderye, kruise, gekleurde vensters, waterfonteine, togas ensovoorts te doen nie, maar met wat in die diepste wese van mense aan die gang is. Die droogheid het ook te doen met die inkleding van die geloofsbemiddelingsproses. As die simboliese in die erediens verskraal en selfs verdwyn, kan daar nie verwag word dat dit binne die kategese, jeugaksies en huisgesinne beter sal gaan nie.

### 6.12.5 Die nut van simbole in oorgangstye

Pentikäinen (1979:156) verwys na Victor W. Turner wat Arnold van Gennep se idee oor liminale rites verder ontwikkel het.: *“Turner’s way of analysis is mainly symbolic and process oriented”.* Volgens Turner (1973:93) kom oorgangsrituele in alle gemeenskappe voor: *“… but tend to reach their maximal expressing in small-scale, relatively stable and cyclical societies, where change is bound up with biological and meteorological rhythms and recurrences rather than with technological innovations”.* In die afgelope dekade het Suid-Afrika beleef hoe minderheidsgroepe skerp gereageer het ten opsigte van politieke veranderinge en dit versimboliseer en geritualiseer het. Turner (1973:95) beweer: *“The subject of passage ritual is, in the liminal period, structurally, if not physically, ‘invisible’”.* Turner sê dit op grond van die feit dat mense in sulke tye net sien wat hulle wil of wat hulle verwag om te sien omdat hulle so gekondisioneer word. Turner (1985:159) lewer die volgende kritiek op Van Gennep se model: *“Indeed, van Gennep sometimes called the three stages ‘preliminal, liminal and postliminal,’ indicating that importance. But he never followed up the implications of his discovery of the liminal beyond mentioning that when individuals or groups are in a liminal state of suspension, separated from their previous condition, and not yet incorporated into their new one, they present a threat to themselves and to the entire group, requiring their segregation from quotidian life in a milieu hedged around by ritual interdictions”.*

Die simbolisme wat aan ‘n liminale *persona* gekoppel word, is kompleks en ongewoon: *“They give an outward and visible form to an inward an conceptual process”* (Turner 1973:96). Uitdrukkings deur simbole en rituele moenie op die oog af beoordeel word nie. Eers as die kultuur van die persone wat die simbole en rituele

gebruik bekend word, kan iets daarvan verstaan word. Turner (1972:8) beweer: *"People come together to perform ritual in terms of beliefs so powerfully held that they overcome all the forces that under other circumstances divide them from one another and set them at odds".* Mense kan deur simbole en rituele bo die grense van die normale sosiale struktuur met waardes, norme en verpligtinge uit beweeg. Daarom is dit ondenkbaar om in die Christendom hierdie "krag" in simbole en rituele bloot te ignoreer en net aan die politici en aktiviste oor te laat om boodskappe deur die hele wêreld te stuur (vgl diagram 49: *Die liminale fase by ritualisering*). Die diagram beeld die drie fases in die oorgangstyd uit. Die marginale stadium begin met rites van skeiding en eindig met rites van byeenbring wat nuwe statusverhoudings aan die gemeenskap bekend maak (vgl ook Menken-Bekius (1998:47) in paragraaf 6.11.5).

Turner (1973:93-110) het in sy ondersoek na rituele en simbole 'n teorie ontwerp oor die oorgangstye van die individu en gemeenskappe. Hy noem so 'n oorgangstyd 'n fase van liminaliteit (drempelbestaan) – *"Betwixt and between"*. Die vaste reëls en ordes van die vorige fase het verval. In die liminale fase is daar 'n gebrek aan vaste reëls en orde. Mense moet nuwe reëls en strukture in 'n nuwe fase van hulle lewe ontwikkel. In so 'n fase is daar groot behoefte aan simbole. In so 'n tyd van identiteitsoeke, onsekerhead en ongeborgenheid soos wat die lidmate van die reformatoriese Afrikaanse kerke nou beleef, is die waarde van simbole baie belangrik. Die onsigbare word sigbaar geteken.

In 'n oorgangstyd is die waarde van simbode belangrik, want dit vul die kognitiewe verstaan van die evangelie aan met 'n emosionele, estetiese en gemoedservaring. Simbole wek die denke en lei ook tot verstaan. Simbole en rituele word onder andere gebruik met die oog op die emosionele kant, beleweniskant en geheimeniskant van God. Dit betrek die mens kognitiewe, affektiewe en konatiewe.

'n Mens se eksistensiële moontlikhede en nood word simbolies uitgedruk. Dit gee inhoud en kleur aan die lewe in die algemeen. In 'n idividualistiese Westerse wêreld, bring simbole mense nie net nader aan mekaar nie, maar ook nader aan God. Simbole kan weer samesyn bring waar 'n koue front van apatiese houdings oor die kerk beweeg het as gevolg van 'n armoede in simbole en rituele. Simbole kan die saaklikheid uit geloofsbemiddeling haal wat een van die redes is waarom die kerk as koud of droog beskryf word. Simbole stel die mens in staat om geloof te sien, te ruik, te voel en te leef (vgl Jak.2:14-26). Die gebruik van simbole en rituele help om te verstaan wat Christene glo.

Pieterse in Vos en Pieterse (1997:122-123) verwys na Ricoeur se bydrae oor simbole en sê dat ons pas maar eers begin het om erns te maak met simbole: *"Ricoeur sien die simbool as gewortel in die psigiese, kosmiese en taalmatige dimensies."* Ricoeur (1971:17) beweer: *"Diese drei Dimensionen – die kosmische, onirische und poetische – des Symbols sind in jedem echten Symbol da; der reflexive Betracht der Symbole, den wir später prüfen werden … is nur in Rückbindung an diese drei Funktionen des Symbols zu begreifen".* Pieterse in Vos en Pieterse (1997:124) verwys ook na Biehl se siening dat simbole nie net die denke wek nie, maar ook tot verstaan lei. Die semantiese geladenheid van simbole is so ryk dat dit nie maklik uitgeput kan word nie. Dillistone (1986:129) sê in Ricoeur se filosofie word simbool en interpretasie onlosmaaklik aan mekaar verbind. Behalwe in streng tegniese

kontekste kan woorde twee of meer betekenisse hê. Volgens sy beskouing is die verhewe taak van die interpreteerder om bo die letterlike uit te styg om verborge betekenis te verhelder. Dit is sekondêre en verrykte betekenis, betekenisse wat waarskynlik slegs op 'n simboliese wyse tot uitdrukking kan kom. Dit is deur die ontdekking van simboliese betekenis dat die self oopgestel word vir 'n nuwe dimensie van bestaan. Om simbole te interpreteer en simboliese betekenis te ontdek, is om oor te gaan in 'n hoër en voller lewe.

**6.12.6 Bybelse simbole en rituele as hulpmiddels by geloofsbemiddeling**

Geloofsbemiddeling met verruklikheid vereis 'n deeglike kennis van die Bybelse simboliek en rituele. Sou die vertolking van Bybelse simbole en rituele op 'n impulsiewe wyse geskied, kan dit die Bybelse boodskap ernstige skaad. Dit beteken om die woorde in die Bybel sonder 'n kultureel-taalkundige verwysingsraamwerk met betrekking tot die simboliek en rituele daaragter te gebruik. Barnard (2002:15) meen dat simbole, rituele en metafore in die kultuur en liturgie 'n belangrike rol speel, maar: *"Wie daarop wil reflecteren en dus naar theorieën zoekt, zal stuiten op een veelheid van wetenschappelijke meningen, die elkaar dikwijls aanvullen maar soms ook tegenspreken".*

Die jeugwerker of ouer is as bemiddelaar of sender gerig op die ontvanger of vertolker, wat in hierdie navorsing die tiener is. *"Wat hy meedeel en sy bedoeling daarmee moet hy dus met 'n handeling uitvoer. Dit is nie voldoende om net vas te stel wat 'n mededeler met 'n boodskap bedoel nie, daar moet ook bepaal word hoe die mededeler die boodskap bekend stel en hoe hy dit aan die ontvanger oordra sodat dit vertolk kan word"* (Van Schoor 1988:5). Wanneer die ouer of jeugwerker besig is om die boodskap van die evangelie oor te dra, is die vertolker, die tiener, besig om die boodskap te vertolk deur op verskillende aspekte te let bo en behalwe die woorde wat hy hoor. Die lyftaal, gesigsuitdrukkings, handgebare, stemtoon en ook nog die eietydse simbole en handelinge of rituele waarmee die boodskap oorgedra word kan die vertolker help of mislei om die betekenis van die Skrif te verstaan. *"Die vertolker verstaan die boodskap in 'n mededeling in die mate wat hy in staat is om die mededeling na te boots"* (Van Schoor 1988:7) of te ritualiseer. Die hoorder gee eers 'n vertolking aan dit wat hy gehoor het en handel dan daarvolgens. Die vertolking is nie altyd 'n bewustelike proses nie. Terugvoering en veral handelinge by geloofsbemiddeling is belangrik omdat dit ook die effektiwiteit daarvan aantoon. Geloofsbemiddeling behoort nooit by die bemiddelde te eindig nie. Indien dit wel gebeur, was die geloofsbemiddeling nie effektief nie of sekere steurnisse het die boodskap verhinder. *"Let daarop dat ons hier met twee boodskappe te doen het. Die boodskap wat aanvanklik meegedeel is en die boodskap wat deur die ontvanger vertolk en verander is en nou meegedeel word aan die oorspronklike mededeler wat dit op sy beurt moet vertolk"* (Van Schoor 1988:8-9). In paragraaf 6.2.2 is reeds na hierdie verloop in kommunikasie as sirkulêre kommunikasie verwys.

Om so op die letter van die Skrifwoord te konsentreer, dat dit selfs belangriker word as die Gewer daarvan, bring doodsheid. Die Skrifwoord kom tot lewe binne die simboliese en rituele sisteem van die Bybel onder leiding van die Heilige Gees. God koppel die natuurlike deur middel van die simboliese aan die bonatuurlike. Barnard (2002:15) beweer: *"Wij leven in een gesloten domein, dat in en door het symbool wordt opengebroken".* Deur die simboliese word daar na die dinge gegryp wat nie

werklik met die oog gesien kan word nie en alleen deur geloof aanvaar kan word. Daarom maak leerstellings op sigself vir min tieners sin. Morgan en Barton (1988:32) meen: *“Doctrines make sense only in the context of a functioning religion or total system of symbols”.*

By die interpretasie van die Bybel kan en moet die ander wetenskappe ook 'n rol speel. Die hermeneutiese moet ook die uitleg van ander dissiplines met betrekking tot hoe mense tot verstaan kom in aanmerking neem. Morgan en Barton (1988:160) beweer: *“The task of interpreting the symbolic language of the Bible is the most immediately obvious theological task awaiting biblical scholars. Any system of thought and practice that is largely concerned with the interpretation of symbols, as is psychoanalysis, is bound to be suggestive in respect of method, and to interact with theology in content. The human sciences are near neighbours to theology. Good relations are desirable”.*

(Vergelyk diagram 50: *Dekodering van die teks deur middel van simbole en rituele*). In hierdie diagram word verwys na God as gesimboliseerde en die Bybel as simboliserende of gekodeerde teks wat deur middel van simbole en rituele aan die tiener gedekodeer of bemiddel word om tot kommunikatiewe handeling te lei. Die lewe van Jesus Christus op aarde, sy bediening en optrede het aan die gekodeerde Bybelse teks 'n besondere dimensie van dekodering gegee deur die gebruik van die bepaalde simbole en rituele wat aan die mense in die konteks waarin Hy opgetree het bekend was. Wanneer simbole by jeugbyeenkomste en in 'n erediens gebruik word, moet dit vir die hoorders of kykers relevant of bekend wees? Dit is dus nodig dat 'n ondersoek gedoen moet word om vas te stel watter simbole nog in 'n multi-kulturele samelewing relevant is. Kan ons onsself voorstel wat die Ou Testamentiese profesie, Psalms of die pentateug sonder die simbool van die verbond sou gewees het? Die meeste postmoderne samelewings is multi-kultureel waarin oorblyfsels van godsdienstige en etniese tradisies op 'n manier oorleef het. Om met die nodige versigtigheid simbole en rituele te gebruik moet daar voordurend die vraag gevra word watter bydrae simbole en rituele tot die dekodering van die teks kan lewer? Dit sal verhoed dat die gebruik van simbole en rituele geforseerd of wetmaties gebruik word. Post (2001:33) meen: *“Bij nader toezien worden de termen ‘rite’ en ‘symbool’ bij deze opvallende populariteit en belangstelling vaak enigszins intuïtief of ook wel slordig gehanteerd. Men geeft zich vaak geen rekenschap van de precieze lading van de consepten”.*

'n Belangrike begrip om as uitgangspunt by die benutting van simbole te gebruik, is om die etimologiese oorsprong van die woord “simbool” in Grieks in ag te neem: συμβαλλω wat beteken om bymekaar te bring. *“In een religieuze context betekent dat: het bij elkaar brengen van het menselijke en het goddelijke domein”* (Barnard 2002:15). Hierdie begrip is van strategiese belang in die hele betoog rondom die afstand tussen tekste, kontekste en kulture wat verhinder dat die menslike en goddelike domein nader aan mekaar gebring kan word en dat eerder die teendeel beleef word. Hierdie bymekaar bring van domeine moet ook binne die konteks van 'n duidelike kosmologiese betrokkenheid beskou word (Vgl Post 2001:34-35 in paragraaf 6.12.1 (22)).

Post (2001:39) meen: *“Ritualiteit is ten volle afhankelijk van de context. Eigenlijk moet hier consequent in het meervoud gesproken worden van contexten. Er zijn de*

*culturele contexten, van economie, van politiek, landschap ook. … de antropologische contexten van lichaam, gebaren en spreken, tijd- en ruimte-ervaring".* Om dus rituele en simbole in geloofsbemiddeling aan tieners te benut, moet hulle die kodes van 'n besondere kultuur aanleer. Hierdie kodes word deur opvoeding en rituele aangeleer. In die huidige Suid-Afrikaanse samelewing, maar ook gesien in die lig van globalisering, is daar vinnige veranderinge aan die gang en *"is er de voortdurende opdracht van inculturatie van de rituelen"* (Post 2001:9). Dit is nie nodig dat rituele voortdurend by 'n veranderende omgewing hoef aan te pas nie. Dit moet by geloofsbemiddeling en waardevorming in die gemeenskap 'n rol speel om teen die kontekstuele verwikkeling stelling in te neem om die Christendom te proklameer. Post (2001:39-40) meen dat daar 'n probleem bestaan dat die konteks versplinterd en verspreid raak oor verskillende sektore en deelkulture wat elk sy eie kodes het wat vir buitestaanders nie verstaanbaar is nie. Dit bring die algemeenheid van rituele op die rantjie van voortbestaan. In die huidige gefragmenteerde situasie in die kerk waar elke ouderdomsgroep met 'n eie repertoire van rituele werk, skep dit probleme waar die ouer geslag geloof aan die jonger geslag wil bemiddel sonder 'n deeglike kennis van die kodes in 'n tienersubkultuur.

### 6.12.7 Die doel met geloofsbemiddeling deur middel van simbole

***1. 'n Praktiese bemiddeling van geloof deur middel van simbole:*** In hierdie navorsing word daar gesoek na praktiese maniere vir geloofsvorming. Die uitgangspunt is dat geloofsvorming deur middel van simbole en rituele meer effektief is as die blote gebruik van verbale metodes. Klem word gelê op die gebruik van rituele by pastoraat wat deur die gesin self van toepassing gemaak kan word om die hermeneutiese ruimte, naamlik die gesin, beter vir geloofsbemiddeling te benut. Die kompleksiteit van die gesin moet nagevors word om vir simbole en rituele 'n plek in te ruim om binne hierdie komplekse sisteem geloofsvorming op die mees eenvoudigste wyse te laat plaasvind.

***2. Geloofsbemiddeling deur simbole is 'n kommunikatiewe handelingsproses:*** Geloofsbemiddeling deur middel van simbole en rituele kan 'n avontuur en 'n kommunikatiewe handelingsproses wees wat die woorde van die Bybel in geloofsdade laat oorgaan. Geloofsbemiddeling op hierdie wyse is 'n verhoudingsmatige proses. Dit roep tot aktiwiteit en deelname en verhoudings. Dis ook een van die redes waarom in hierdie navorsing spesifiek op tieners gefokus word. Hierdie lewensperiode vra die smee en uitbou van verhoudings wat relevant en vol aksie is. Sou 'n mens dan in hierdie lewensfase die boodskap van die Bybel op 'n besondere manier kon oordra wat stimulerend of aktiverend is, kan dit die res van die tiener se lewe dramatiese verander. Deur die geloofswaarhede van die Bybel op 'n meer verrykende wyse te herwin, kan tieners ook weer vir die kerk herwin en gewen word.

***3. Geloofsbemiddeling deur middel van simbole as taalhandeling:*** (Vgl Van Leeuwen 2002:70 in paragraaf 6.1) Die doel van hierdie studie is om geloof so tot tieners te kommunikeer dat hulle daardeur tot geloof en ook tot dieper geloofsoortuiging kan kom om sodoende te kan word wat hulle reeds in Jesus Christus is (vgl Nel 1998:22). Die klem val op die bemiddeling van geloof deur middel van simbole en rituele binne die kleingroep, waar die gesin die vernaamste kleingroep in die gemeente is, met 'n gemeenskapsgerigtheid. Dit bring binne hierdie

besondere situasie die verskillende taalhandelinge op 'n praktiese wyse bymekaar wat nie meer net op die verbale aangewese is nie. Van Leeuwen (2002:73) meen: *"Taal komt pas in het gebruik tot leven".* Die term "water" kry sy betekenis eers in 'n konkrete verband – as natuurkundige element of in 'n gedig. Mense leef in taal en daarom in en deur tekens en tekensisteme wat ten grondslag van taal lê, maar ook ten grondslag van die hele bestaan van die mens. Dit gaan gepaard met die klem op 'n semiologiese benadering van die praktiese teologie vanuit die feit dat alle sosiale handelinge in hulle wese simbolies is. Firet (1987:34) sê: *"Niet alleen in teksten vastgelegde taalhandelingen, niet alleen naar vaste regels voltrokken 'simbolische' handelingen kunnen zich aan ons presenteren als object van verstaan - op alle sociale handelingen is een semiologische benadering toepasbaar. Dit betreft ook die handelingen, die als zodanig niet de strekking hebben, iets te verstaan te geven".* In dié handeling sit 'n dieper werklikheidsvorm wat hermeneuties verstaan moet word soos daar met 'n teks of taal te werk gegaan word (vgl Firet 1987:33). Morgan en Barton (1988:32) sê: *"Doctrines make sense only in the context of a functioning religion or total system of symbols".*

***4. Ware geloof het nie simbole nodig nie, maar tog is dit beskikbaar:*** Baldoch (1990:ix-x) is van mening dat die universele aard van die Christendom wat op verskillende vlakke deur 'n rykdom van simboliek deursypel, het gekom om baie dinge vir baie mense te beteken. Baldoch sê alhoewel geloof in sy suiwerste vorm nie simbole nodig het nie, is dit altyd daar vir geloofsoriëntering as daarin gefaal word: *"They are so unobstrusive and yet so evocative that faith requires no explanation of them and yet they still work invisibly and of their own accord, beyond the mind of man. When man's faith falters, … he understandably seeks meaning for his existence in the material world which is his natural habitat, and it is here that symbols may be of use in redirecting man consciously or unconsciously back towards the higher planes of his existence".*

***5. Simbole help om die verbondsverhouding tot uitdrukking te bring:*** Simbole kan tot 'n geloofsontmoeting lei en wanneer simbole geritualiseer word, kom die geloofsontmoeting tot 'n dieper uitdrukking. Hierdie geloofsuitdrukking kan alleen in 'n verbondsverhouding plaasvind. Die teologie kan dus op 'n nuwe wyse deur middel van simbole beskrywe word. Dillistone (1986:2) beweer dat geen teologiese filosoof van die twintigste eeu het die simbool so sentraal gestel vir 'n interpretasie van God in verhouding met die wêreld en mensdom soos Paul Tillich nie: *"A symbol was for him the supreme means by which humans could speak of God and of his actions".* Hierdie God-in-relasie-tot-die-wêreld moet ook gesien word in die lig van gelowiges se handelinge wat God binne die gemeenskap openbaar, met woorde indien nodig. Tillich (1964:241) sê: *"Das Religionsgeschichte zeigt eine fast endlose Zahl von Symbolen. Das erweckt den Eindruck, als sei die Geschichte der Religion eine chaotische Masse von Produkten ungezügelter menschlicher Phantasie".* (Vgl ook paragraaf 6.12.1 (6) – die vier kentekens wat Tillich vir simbole gee) Die grondliggende kenmerk van simbole is die *"Uneigentlichkeit"* – oneienlikheid. Die verbondsverhouding tussen mense en God word nie per se in die simbole gesien nie, byvoorbeeld in die brood en wyn as sodanig nie, maar wanneer dit versimboliseer word – geritualiseer word. Deur die eet en drink word iets van die verbondswerklikheid tot uitdrukking gebring. Volgens Tillich (1964:196) het die aanskoulikheid nie veel waarde om tot sin te kom nie. Tog het die simbool "… eine ihm selbst innewohnende Macht … " wat van die onmag van tekens onderskei moet

word. Tekens kan maklik vervang word, maar simbole as *"Notwendigkeit"* kan nie maklik vervang word om uitdrukking aan verhoudings te gee nie.

***6. Die implikasies van simbole vir die jeugbediening:*** Soos reeds genoem is dit belangrik om met die nodige versigtigheid simbole te gebruik veral by geloofsbemiddeling aan tieners omdat hulle simboolgedrewe is. Hanekom (1994:116) se navorsing oor die benutting van simbole en rituele vir geloofsvorming lei tot die volgende gevolgtrekkings:

* 'n Deeglike herevaluering van bestaande rituele en simbole ten opsigte van sinvolheid en om die kommunikasiewaarde daarvan te herontdek, is nodig.
* Belydenisaflegging as oorgangsritueel kan beter benut word.
* Gebruik van eenvoudige voorwerpe soos kerse kan kragtige simbole skep.
* Die gebruik van kort stukkies drama tydens eredienste.
* Die gebruik van sekulêre rolprente om debatte rondom rede en emosie te voer.
* Speletjies om aanvoeling en aptyt vir rituele en simbole te kweek.
* Groter kreatiwiteit rondom name en kentekens vir jeugaksies.
* Simboliese taal in die prediking, byvoorbeeld die gebruik van naratiewe prediking.

Tieners kyk meer na die lyftaal as om te luister na wat gesê word. Die nie-verbale taal is gewoonlik belangriker as die verbale taal, nie maar net omdat die visuele kommunikasie 'n al hoe groter rol in die samelewing speel nie, maar dit gaan eerder oor ‘n bepaalde ingesteldheid van tieners om te luister, met of sonder visuele middele. Die belangrikste visuele middel vir geloofsbemiddeling is die ouer self. Visuele kommunikasie is van groot waarde vir geloofsbemiddeling aan tieners. Daarom is visuele geletterdheid van belang in geloofsbemiddeling. Om te kan sien is die meeste mense se primêre perseptuele instrument. Visuele persepsie vorm bykans altyd die primêre grondslag van ons verstaan van die wêreld. Visuele persepsie is ook 'n belangrike onderdeel van die mens se algehele soeke na sin en betekenis. Dit is volgens De la Rey (1992:28) 'n algemene feit dat video’s en films 'n baie groot rol in tieners se lewens speel. Dit sluit ook die televisie in wat veral deur tieners benut word. Ons leef in 'n wonderlike tyd om van hierdie visuele media gebruik te maak om die evangelie aan die tiener en ander lidmate oor te dra soos video-projektors.

In die gesin as kleingroep kan simbole en rituele benut word sodat taal, geloof en handeling bymekaar gebring kan word sodat dit nie meer bloot om die produseer van woorde en sinne gaan nie, maar om taalhandelinge (vgl Firet 1987:36). Mense leef in taal en daarom in en deur simbole en simboolsisteme wat ten grondslag van taal, maar ook van die hele bestaan van die mens lê. Simbole, woorde is ook simbole, kan baie kompleks wees en dit maak die interpretasie van die simbole so belangrik (vgl Du Toit 1987:154 ev). In dié handeling sit 'n dieper werklikheidsvorm wat hermeneuties verstaan moet word soos daar met 'n teks en taal te werk gegaan word.

Tieners gebruik bewustelik en onbewustelik simbole om na betekenis in hul lewe te soek. Dit kom op verskillende besittings van hulle voor soos op T-hemde, skooltasse, in slaapkamers en op notaboekies. Bybelse simbole is deur God gebruik en deur Jesus Christus lewe gegee en kan derhalwe nie uitgewis word nie. Sy Woord is ewig en waar en so ook die simbole wat in die Bybel voorkom. Stander (2000:11) sê: *"Die*

*sterk beklemtoning van die visuele in die moderne wêreld maak dat ook Christene 'n groter behoefte het om hul boodskap deur middel van simbole of tekens uit te dra".* Stander (2000:12-13) beweer dat die Christene van die vroegste eeue af reeds gepoog het om kennis oor God in simbole vas te vang: *"Daarom het hulle mistiese en geestelike betekenisse aan alledaagse voorwerpe toegeken. So is simbole gebruik om diep geestelike waarhede aan ander te kommunikeer".* Dit kan dus onomwonde gestel word dat die mens se ervaring van God nie buite menslike interaksie kan plaasvind nie.

### 6.13 'n Hermeneuties-kommunikatiewe model

Vir 'n hermeneuties-kommunikatiewe model is 'n onderskeiding tussen 'n voor-hermeutiese en 'n hermeneutiese benadering nodig. Soms word 'n reglynige en biblisistiese benadering gevolg wat op 'n eenrigtingverkeer tussen teks en konteks neerkom. Heitink (Ongepubliseerde referaat: 2000) het in sy referaat gesê: *"Zo 'n onderzoek wordt pas hermeneutisch, wanneer men bepaalde bijbelwoorden plaatst binne hul culturele context, vervolgens die context vergelijkt met onze context en zich van daaruit afvraagt wat de betekenis van zo 'n bijbelwoord in onze zituatie kan zijn".* Heitink (Ongepubliseerde referaat: 2000) meen die waarheid en die sekerheidsmaatreëls by die interpretasie van die waarheid is van belang.

***1. Waarheid:*** In elke situasie moet opnuut na die waarheid gevra word. Die waarheid is verhoudingsmatig van aard en word in 'n konkrete situasie aangetref. Dit gaan dus in die hermeneutiek om 'n proses om die waarheid te vind. Hermeneutiek wil die kloof tussen tradisie en ervaring oorbrug. Almal is aan subjektiewe interpretasie uitgelewer. Die hermeneutiese sirkel van voorverstaan, waarneming, ervaring, interpretasie, gesprek, singewing en handeling kan nie heeltemal in stappe of reëls uitgedruk word nie.

***2. Sekerheidsmaatreëls:*** Sekerheidsmaatreëls is om die volgende redes nodig in die hermeneutiek: (a) Eerstens dui die begrip intersubjektiwiteit op hoe mense deur eeue heen oor geloof in gesprek getree het. Tog weet ons dat elke geloofsuitspraak vir herinterpretasie vatbaar is. (b) Die tweede saak waarteen die hermeneutikus moet waak, is die oppervlakkige korrelasieteologie, die Bybelse term "regverdiging" kan tot uitdrukking kom in 'n houding van aanvaarding, maar dit kan nie omgedraai word deur te sê aanvaarding is regverdiging nie. Die evangelie is bevryding, maar nie alle bevryding is evangelie nie! (c) 'n Derde veiligheidsmeganisme is hermeneutiese modelle soos die vaderhuismodel, die eksodusmodel en die ballingskapmodel wat verskillende ervaringsmodelle is wat binne dieselfde kultuur aangetref kan word en waar elkeen 'n eie legitimiteit het. Deur dit alles moet vertrou word dat die Heilige Gees die hermeneutikus in die waarheid sal lei. Hermeneutiek is ten diepste pneumatologies van aard. *"In de praktijk van gemeente en gelovigen is de Heilige Geest werkzaam"* (Dingemans 1996:83). Die sekerheid dat die Gees die hermeneutikus reg sal lei, word dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament gevind. *"Zowel in het Oude Testament als in het Nieuwe Testament is de Geest van God een aanduiding van Gods invloed op belangrijke gebeurtenissen en vooral op mensen die God in zijn dienst neemt en vernieuwt en verandert"* (Dingemans 2000:143-144).

(Vergelyk diagram 51: *Die teks in die postmoderne konteks*). Vrae in die hermeneutiek word gevra soos waarom het die teks nie meer aantrekkingskrag nie

en hoe kan die teks deur middel van die hermeneutiese proses herwin word? Is die antwoord in 'n hermeneutiese brug tussen die Bybelse en postmoderne konteks geleë wat uit rituele, simbole, dramatisering, ervaring en gemeenskapsgerigtheid bestaan? God se Woord in mensetaal is vol uniekheid. Hierdie unieke boodskap moet in die postmoderne konteks oorgedra, gekommunikeer of bemiddel word. Die tradisionele huisaltaar het basies heeltemal verdwyn. Die tieners se Bybelkennis het drasties agteruit gegaan. Baie kategete maak nie eens meer 'n Bybel in die kategeselokaal oop nie, maar bied lesse uitsluitlik deur middel van handboeke aan.

***3. Hermeneutiek as teologiese vraagstuk:*** Die hermeneutiese kwessie is volgens Heitink (1993:175) moontlik die ingrypendste teologiese vraagstuk van die moderne tyd en verwys na die Reformasie waarna belangrike ontwikkelinge plaasgevind, wat in 'n hoë mate die wyse waarop die Skrif tans verstaan word, bepaal. Heitink (1993:175) meen omdat uitleg nie op willekeur mag berus nie, moet daar reëls vasgestel word wat die verstaan van die teks dien. Langsamerhand groei die insig dat 'Gods Woord' die gestalte van 'mensewoord' aangeneem het. Die struktuuranalisie gaan uit van die idee dat taaluitleg 'n bepaalde struktuur vertoon. Die begrip struktuur sien op die samehangende wete van die taalsisteem. Die woord 'teks'' is verwant aan 'tekstiel', 'n weefsel met 'n groot aantal drade in verskillende kleure. Die teks sal nie verstaan word as daar net op die afsonderlike draadjies gekonsentreer word nie. Die begrip hermeneutiek het in die huidige tyd verbreed, van die eksegese na die teologie as geheel (vgl Heitink 1993:175).

'n Gevaar bestaan om met 'n voor-hermeneutiese perspektief die Bybel te benader. Dit is om wat in die Bybel staan direk te verbind met die huidige situasie om sodoende die breë gaping tussen die verlede en die hede te misken. So 'n ondersoek word eers hermeneuties wanneer bepaalde Bybelse woorde binne hul konteks geplaas word en dan daardie konteks te vergelyk met die huidige konteks en daarna vanuit laasgenoemde konteks te vra wat die betekenis van so 'n Bybelse woord in die huidige tyd beteken. Dit is egter hierdie kompleksiteit tussen Bybelse konteks en postmoderne konteks wat in gedagte gehou moet word wanneer geloofsbemiddeling aan die tiener plaasvind.

### 6.13.1 Pneumatologie en Christologie

Geloofsbemiddeling moet beweging of handeling tot gevolg hê. Dit moet tot 'n ontmoeting met Christus lei en Christus moet 'n daaglikse werklikheid wees. Die geestelike moet in die daaglikse ingeweef word soos die verskillende drade in weefwerk. Die inslag en deurslag moet dui op die gees van die mens wat verweef raak met die Gees van God, waar die Gees van God die hoofdrade van die geestelike weefwerk in elke mens en hermeneutiese proses is. Dit heg alles in die lewe sinvol saam en hou dit in stand. Vos in Pieterse en Vos (1991:1) meen: *"Die Pneumatologie het immers 'n kommunikatiewe aard"*. Van Ruler (1969:181) praat van 'n teonome wederkerigheid: *"… het is de Geest die het alles doet en geeft, die bijvoorbeeld onze wil vrijmaakt, zó dat we een vrije wil krijgen".* Die Gees en die mens kom in hierdie wederkerige verhouding tot handeling en lewer ten aanskoue van ander 'n sigbaarwording van die geloofsinhoud. Dingemans (2000:506) sluit hom aan by diegene wat van 'n pneumachristologie praat: *"Gods Geest woont en werkt in de geschiedenis door middel van allerlei mensen (profeten, heiligen, gelovigen),*

*maar op een heel bijzondere en unieke wijze in de mens Jezus, die we daarom de Christus noemen".*

Die volgende stelling van Vos in Pieterse en Vos (1991:6) is van wesenlike belang in hierdie navorsing is*: "Deur die daad van vertolking waardeur die Gees aan die geloofsgemeenskap 'n kreatiewe vryheid gee, vind die Woord 'n neerslag in die konkrete leefwêreld. Die konkretisering van die woord bring mee dat daar nie net oor die koninkryk gedroom word nie, maar dat die waardes van die koninkryk vir elke lewensitusasie geldig is".* Vos in Pieterse en Vos (1991:7) beskryf die teologie as 'n netwerk van ragfyn drade en sê dat die pneumatologie 'n hegte en hegtende deel daarvan is en nie maar net 'n moment in die teologiese gebeure is nie: "*Dit is 'n plek op die spinnerak: sodra 'n teoloog op maar één draadjie daarvan neerstryk, roer die hele teologiese struktuur. As 'n teoloog gevolglik die Pneumatologie aanraak, kom die Christologie én die antropologie in beweging. In dié beweging kom dit aan die lig dat die Heilige Gees die mens aan die heil wat Christus verwerf, laat deel kry".*

Om by 'n praktiese gesinsbedieningsmodel uit te kom, vra 'n pneumatologies-hermeneutiese benadering. God wat sy Woord deur die Gees aan die mens gegee het en ook sy Woord deur Jesus Christus vlees laat word het, wil nie toelaat dat hierdie gee en vleeswording van sy Woord tot 'n mite vervaag soos dit soms ook duidelik in teoloë se uitsprake oor sekere Bybelgedeeltes gehoor word nie. Die Woord moet onder leiding van die Heilige Gees weer opnuut ingeklee word in skakeringe wat alleen deur God tot beter verstaan voorgestel kan word. Vos (1996:11) beweer dat: *"Met die oog op egte spiritualiteit is 'n kritiese hermeneutiek nodig. Dit vra 'n vertolking van God se Woord vir hierdie tyd wat modeme mense kan aanspreek, indien hulle bereid is om hulle hele bewuste en onbewuste bestaan op die spel te plaas".* Dingemans (2000:274) meen dat die kerk mense in 'n gesekulariseerde wêreld moet help om die betekenis van die bronne van die Christelike geloof vanuit ons situasie te verstaan.

### 6.13.2 Bydraes vir 'n beter geloofsbemiddeling

Volgens Jeanrond (1991:64) kan Hans-Georg Gadamer *"… be regarded as the chief spokesperson of philosophical hermeneutics in this century".* Jeanrond (1991:65) is van mening dat Gadamer wat die fenomenologiese tradisie volg se benadering tot die hermeneutiek 'n filosofiese beklemtoning het en dat hy nie 'n metodologie vir die hermeneutiek wil skryf nie: *"In fact, his hermeneutics has a definite anti-methodological nature. … [H]ermeneutics is interested in promoting human understanding and human selfunderstanding and as such it must be understood as 'practical philosophy'".* Vir Gadamer gaan dit om 'n gebeure wanneer daar tot verstaan gekom word. Vir hierdie navorsing is gebeurtenisse, praxis een in 'n sekere sin belangriker as die teoretisering daarvan of die filosofie daaragter. Binne hierdie gebeurtenisse kom die mens tot selfverstaan. Anders as Gadamer moet hierdie navorsing voortdurend bewus bly van die steurnisse wat 'n sterk invloed uitoefen op selfverstaan en ook die verstaan van die teks. Daarmee word bedoel dat die selfverstaan en verstaan van die teks geminimaliseer word en selfs tot noodlottighede kan lei.

Vos (1996:15) meen Gadamer werk met drie konsepte wat hy vervleg - die teks, die horison en die konteks.: *"Gadamer bou die 'historische Differenz' tussen teks en*

*verklaarder konsekwent uit. … Die term 'Wirkungsgeschichte' maak dit duidelik dat geen teks suiwer outonoom na ons toe kom nie".* Gadamer (1975:284) beweer dat daar min hermeneutiese vordering in die van die tradisionele begrip van die hermeneutiek is: *"Wenn wir aus der für unsere hermeneutische Situation im ganzen bestimmenden historischen Distanz eine historische Erscheinung zo verstehen suchen, unterliegen wir immer bereits den Wirkungen der Wirkungsgeschichte".* Dingemans (1996:48) beweer: *"In die teksten ligt – als in een collectief geheugen – de oorsprong en het verleden van die geloofsgemeenschappen opgetast als richtingbepalende interpretatie en herinterpretatie".* Om op grond van die teks 'n boodskap deur te gee, vra 'n teorie wat die interpretasie van tekste ernstig opneem. Dit vind 'n mens by denkers soos Hans-Georg Gadamer en Paul Ricoeur (vgl Dingemans 1996:48). Gadamer (1975:285) meen dat die *"Wirkungsgeschichtliches Bewußtsein"* allereers 'n bewussyn van die hermeneutiese situasie is. Dit maak die praktiese teologie in 'n gemeenskapsgerigtheid meer interessant, naamlik om die hermeneutiese situasie van die Bybelse konteks en die hermeneutiese situasie van die postmoderne en selfs post-Christelike konteks bymekaar te bring.

Anderson (2001:88) praat van twee horisonne, wat nie aan mekaar opgedring moet word in die verstaan van die teks nie: *"The first-century horizon, which is the occasion for the Scripture text in the New Testament, cannot be fused with our contemporary horizon to make revelation dependent on our self understanding …. This would confuse hermeneutics with revealed truth itself. Nor should we attempt to push our contemporary horizon back into the first century, …".* Om met geloofsbemiddeling 'n gemeenskapsgerigte posisie in te neem, kom die geloofsbemiddelaar te staan voor die problematiek van 'n multi-kulturele situasie waarin die Bybel vanuit 'n eie persoonlike interpretasie en selfverstaan met vae spore van die tradisie gebruik word. Vos (1996:21) meen dat daar in die geloofsgemeenskap se teksomgang ook met die *"Wirkungsgeschichte"* en interpretasiegeskiedenis van tekste rekening gehou moet word: *"Die Wirkungsgeschichte is vasgelê in tradisies wat op 'n geloofsgemeenskap inwerk. Hoorders hoor met die ore van hulle tradisie".* Dit kan gewoon as 'n ernstige steurnis beskou word as die tradisie in die gemeenskap waar die evangelie bemiddel moet word, nie meer 'n duidelike bestaan het nie of nie meer werklik relevant is nie.

In die samelewing ontmoet ons 'n ingewikkelde of miskien verwarrende selfverstaan en uitleg van bestaan. Volgens Jeanrond (1991:72) dring Paul Ricoeur daarop aan dat beide verstaan en verduideliking noodsaaklike stappe in elke hermeneutiese handeling is. Hermeneutiek is ten diepste bestaansuitleg. Om Ricoeur se hermenetiek beter te verstaan kan dit soos volg volgens Jeanrond (1991:73) teenoor Schleiermacher gestel word: *"While Schleiermacher wanted to understand the mind behind the text … Ricoeur wishes to understand the meaning and the reference of the text itself in always new communicative contents".* Sedert Schleiermacher moet Ricoeur erken word as iemand wat die behoefte aan ernstige taalkundige prosedures herontdek het. White (1991:312) beweer dat Ricoeur 'n tekstuele antropologie ontwikkel het, waar die vraag, "Wat beteken dit om mens te wees?" vanuit die wêreld van die teks beantwoord word.

Sonder om afbreek te doen aan hierdie benadering, speel die kontekstuele so 'n beduidende invloed op die hoorder van die teks, dat die teks alleen verdring of vervaag word deur die kompleksiteit en selfs onverstaanbaarheid van die konteks vir

menige burgers van die gemeenskap. Geloofsbemiddeling teen hierdie agtergrond binne die gemeenskap sonder 'n duidelike Christelike tradisie vind uiters moeilik plaas. Om geloof dus binne sodanig samelewing te bemiddel sonder 'n duidelike Christelike tradisie, skyn 'n onbegonne taak te wees, veral as dit as 'n onafgehandelde saak beskou word binne 'n gewoon Christelike konteks. Vos (1996:23) beweer: *"Teksuitleg is nie 'n proses wat ons afhandel of 'n ontwikkelingsfase wat ons ontgroei nie. Die opgaaf van voortgaande uitleg impliseer dat betekenis ons bly ontwyk en dat die verstaansproses nooit afgesluit word nie. Ons bestaan bly ten diepste verborge".* Om dus tot verstaan en selfverstaan binne 'n postmoderne konteks te kom sonder sterk Christelik-tradisionele beïnvloeding skep 'n probleem. Daarom kan daar met die volgende stelling van Vos (1996:23) met verwysing na Ricoeur (1974:6-24) saamgestem word: *"Voortgaande uitleg beteken dat 'n finale hermeneutiese metode wat verstaan verseker, nie haalbaar is nie. Die droom van die ontwikkeling van 'n hermeneutiese ontologie kan nie verwerklik word nie. Om toegang tot (teks-)betekenis te kry, beteken nie dat alles oor die teks klaar gesê is nie. … Vir die daaglikse funksionering van ons lewe is ons afhanklik van verstaanbare, regstreekse toeganklike en oop tekste".* Die toegedekte teks kan ook weer ontdek word deur die bedekking daarvan af te haal wat onder die simboliese en rituele verskuil lê. Vos (1996:24) verwys na White en Van Buuren wat sê dat Paul Ricoeur homself binne 'n hermeneuties-fenomenologiese tradisie bevind waar nadenke en interpretasie voorop staan en dat hy verbeelding, droom, metafoor en verhaal gebruik om die verstaansproses 'n skeppende gebeure te maak.

Ten spyte van 'n vervreemding van die Christelike tradisie binne die samelewing, bly dit nog steeds moontlik om die teks binne 'n teksvervreemding te laat spreek. Volgens Vos (1996:25) het Ricoeur in die hermeneutiek aan die lees en verstaan van die Bybel 'n besonder dimensie gegee: "*Hy konsentreer op die uitdaging om die teks ten spyte van kulturele afstand en teksvervreemding te laat spreek".* Hierdie benadering is ‘n belangrike deel van die rekonstruksie van die brug wat tussen die kerk en gemeenskap "opgeblaas" is.

Binne hierdie navorsing word gesoek na 'n metodologie om binne die byna onherroeplike verdwyning van 'n skaar van gelowiges, geloof te bemiddel. Die postmoderne mens is baie skepties oor uitsprake, vergelyk ook die beskrywing van die millenniumgenerasie in paragraaf 7.6.5 asook Dekker (2000:161) wat sê dat mense nie ekstra aandag aan die boodskap van die kerk skenk net omdat dit van die kerk kom nie. Daardie tyd is egter verby. *"Toch zijn er ook denkwegen in onze moderne cultuur aanwezig, die er op uit zijn de verschillende tradities en individuele standpunten met elkaar te 'verknopen' tot nieuwe 'netwerken', die niet zozeer van bovenaf ontworpen zijn, maar van onderop ontstaan"* (Dingemans 2000:74). White (1991:320) meen: *"Ricoeur's hermeneutic expresses the hope, or the 'wager' to use his term, that by following the direction of symbolic thought we will understand better and be better situated in being"* (Vgl Burger 1995:27-30 en paragraaf 6.12.5 – Die nut van simbole in oorgangstye).

**6.13.3 Kognitiewe kennis alleen is onvoldoende**

Om geloof aan die tiener in die postmoderne gesin te bemiddel waarin geloofshandelinge om verskeie redes vervaag geraak het, kan verwag word dat die afstand tussen teks en konteks groot sal wees. 'n Metodologie om geloof te middel wat hierdie afstand kan oorbrug of te vernou, is nodig. Vos (1996:10) sê: *"Mense het*

*nou eenmaal 'n religie nodig om die misteries van en die transendente ingrype in die lewe te probeer verstaan. Indien iemand maar weinig 'geloof besit', dan was daar nog altyd die gemeenskap wat etiese binding in die religieuse ritusse gebied het. Maar die situasie het totaal verander".* Tog bly die kerk verantwoordelik vir die etiese. Hauerwas (2001:111) meen dat die kerk nie sosiale etiek het nie, maar is sosiale etiek. Daarmee word bedoel dat die kerk se primêre taak nie is om polities relevant of maatskaplik nuttig te wees nie, maar om getrou te wees in die uitleef van die morele in die samelewing om dit te transformeer.

Geloofsbemiddeling aan tieners met 'n gemeenskapsgerigtheid sluit vanselfsprekend 'n sterk sosialiseringskomponent in. Volgens Vos (1996:10), soos reeds by paragraaf 6.2.2 genoem, het jongmense nie meer die religieuse gemeenskap nodig om te sosialiseer nie. Dit verminder die invloed wat godsdiens in die lewe van jongmense gehad het en jongmense neem besluite op grond van waarhede wat vir hulle diensbaar is. Dit sluit nie persoonlike geloof uit nie, maar dit is nie meer so sigbaar in hulle lewens nie. Dit staan direk in verband met 'n minder sigbare kerk in die samelewing (vgl paragraaf 9.4.8 waar die sigbare en onsigbare kerk in meer besonderhede bespreek word. Vos (1996:10-11) beweer: *"Vir talle ander mense bied die Christelike geloof geen godsdienstige en selfs sosiale kontrole meer nie. Hulle het totaal vervreemd van die geloof geraak. ... In die gevalle baat kognitiewe kennis van die geloof nie meer nie. Kennis het alleen waarde as 'n mens betekenis daaraan kan ontleen en waar hierdie kennis sinvol funksioneer in die alledaagse lewe".* Sou dit wel waar wees, moet daar dus in hierdie tyd meer op die konatiewe en affektiewe kennis van geloof gesteun word.

Binne die gemeenskap waar jongmense op 'n ander wyses geleer word om tot selfverstaan te kom en die religieuse nie meer 'n belangrike rol speel nie, moet daar vanuit die konteks van die gemeenskap oor geloofsbemiddeling gedink en beplan word, want dit is waar jongmens se waardes gevorm en uitgelewe word.

### 6.13.4 Stimulering vir geloofsbemiddeling

Die gesinsbedieningsmodel wil praktiese stimulante aanbied om geloofshandelinge te aktiveer. Die Woord moet dus nie net verbaal gelees word om tot verstaan te kom van wat God se wil is nie, maar God se wil moet ook in die wilshandelinge van die mens duidelik gesien en ervaar word. Dit vereis egter 'n wilsbesluit. Die tiener as gesinslid moet tot die neem van 'n besluit gestimuleer word. Daarvoor moet in die konkrete situasies gesoek word, want die abstrakte het God geabstraheer en godsdiens minder relevant gemaak. Die bedieningsmodel wil die simboliese benut om bo die abstrakte, glo in dit wat ek nie sien nie, uit te beweeg deur middel van rituele of handelinge. Wat is die stimulerende, aktiverende en voedende aspekte van geloofsbemiddeling wat in die konkrete postmoderne wêreld wel effektief is? Janse van Rensburg en Prins (1997:293) beweer dat daar twee aspekte van die moderne kommunikasie is wat stimulerend kan werk: (1) multi-sintuiglike kommunikasie en (2) die narratiewe benadering omdat die jeug 'n affiniteit vir stories het: *"Hierdie affiniteit word gereflekteer in die tipe stof wat hulle op televisie kyk, die rolprente wat hulle trek …".* Hierdie twee stimulerende benaderings in geloofsbemiddeling word in drama gekombineer: *"Drama is niks anders as 'n multi-sintuiglike storie nie"* (Janse van Rensburg en Prins 1997:293).

Verhoudings is vir tieners uiters belangrik en hulle soek binne die konteks van 'n minder afhanklikheid van religieuse sosialisering onbewustelik na 'n dieper verhouding met God en omgang met gelowiges en die praktiese uitlewing daarvan soos reeds bevestig is deur talle ondersoeke onder jongmens waarom hulle die kerk verlaat. Benson (1997:92-93) verwys ook na een van die belangrike veranderings wat moet plaasvind om tot handeling te kom en dit is van programgeoriënteerdheid na verhoudinggeoriënteerdheid. Vos (1996:11) sê: *"Spiritualiteit beteken om in die kultiese bestaan en in die sosiale lewe God se Woord te verstaan, te ervaar en te aanvaar"*. Hierin moet die belangrikheid van 'n gemeenskapsgerigte geloofsbemiddeling gesien word waar die tiener binne die kulturele lewe van die samelewing bemiddel word en ook self tot geloofsbemiddelaar ontwikkel. Vos (2001:142) verwys ook na die ontmoeting van die gelowige met God in die godsdienstige ritueel en simbool. Dit vorm een van die belangrike bene van hierdie navorsing om geloof aan tieners te bemiddel. Die gesin moet geleer word om in die daaglikse lewe op 'n sosialiserende wyse, byvoorbeeld deur middel van *"edutainment"* (vgl Hebbard 1995:186) 'n geloofsverhouding en ontmoeting met mekaar en God te ervaar.

Hierdie ontmoeting en geloofservaring moet uitgebrei word in 'n makrokosmologiese sin en deelname. Geloofsbemiddeling het in 'n sekere sin gevange geraak binne bepaalde strukture of metodieke en het ook derhalwe plekgebonde geraak. 'n Nuwe belangstelling in die natuur, wat deur die mens versorg moet word (vgl Gen 1:26), kom al hoe sterker na vore. Tracy (2000:243) beweer: *"Ecological science, in my judgement, is ahead of most other postmodern cultural thought …".* In die praktiese teologie, by name die pastoraalteologie, is daar ook ontwikkelinge aan die gang om meer ekologies en kosmologies betrokke te raak by die versorging van die mens. Dit kan as een van die mees interessante dimensies van die praktiese teologie word om veral die jeug opnuut na die kerk se betrokkenheid in wêreld te laat kyk en tot deelname te stimuleer. Tracy (2000:243) verwys na twee basiese vorme van religieuse uitdrukking, wanneer gedink word aan deelname van die mensdom in die kosmos, naamlik manifestasie en proklamasie: *"Religion as manifestation signifies radical participation of any person in the cosmos and in the divine reality. … In religion as proclamation there is a new sense of distance between God and human beings and a powerful interruption of the once powerful, indeed radical, sense of belonging to or radical participation in the cosmos".* Die tiener moet ruimte gebied word om met maksimale deelname in die kosmos Jesus Christus te proklameer. Dit kan 'n positiewe omwenteling en ommeswaai in die totale jeugbediening tot gevolg hê. Dit kan die jongmens opnuut na God se teenwoordigheid in die kosmos laat kyk wat tot 'n nuwe moment in geloofsbemiddeling en geloofsvorming kan lei.

Om met 'n musikale noot jongmense te stimuleer in 'n moderne samelewing, sonder om net iets nuuts met musiek te probeer, kan verwys word na Studio Elim in Tilburg wat daarin geslaag het om jongmense in aanraking te bring met Christelike spiritualiteit. *"Zij doet dat door in en om 'Studio Elim', de opnamestudio van de Elim-communiteit, jongeren en jong-volwassenen aan te spreken in hul religieus-zijn, zonder ze te vervreemden van de cultuur waarin se leven"* (Van der Woerd 2003:60). Die vernaamste elemente van stimulering ter sprake, is gasvryheid en ondersteuning. Studio Elim wat 'n moderne opnamestudio is, wil ook weë soek om die religieuse kultuur uitdrukkingsvorme in die mediawêreld te gee (Van der Woerd 2003:61) (Vgl paragraaf 9.5.2 Faktore wat tot geloofshandelinge lei (3) Ervaringsleer)

### 6.13.5 God as Immanuel in die postmoderne konteks

God moet as Immanuel in die gelowige vir die gelowige, maar veral vir die ongelowige of die afgedwaalde of verdwaalde in sy eie konteks sigbaar word. Dit kan met sekerheid gesê word dat die teologie vir menige teorie sonder praktyk geword het. Praxis een kom nie voldoende by praxis twee uit nie, terwyl teologie die weg van 'n spiraal tussen die teorie en praxis moet volg om relevant te kan bly (vgl Heitink 1993:148-152). Myns insiens het die teologie en teorie so verinnig geword dat dit vir gelowiges irrelevant begin word het en vir ongelowiges 'n getuienis is van 'n afwesige God of 'n God wat nie meer tot handeling kan kom nie. Tog meen Tracy (2000:246) *"The proclamation-oriented monotheistic traditions did change but did not break this sense of felt synthesis and relation among God, self, and cosmos and of a radical participation of the self in the cosmos and in God".* God openbaar Homself deur sy Woord en skepping en die veronderstelling is om nie die een bo die ander te verhef nie of om die een openbaringsvorm ten koste van die ander na te laat nie. In watter mate het die kerk skeppingsvervreemd geraak in sy verbale teologisering en daardeur God op 'n afstand geplaas?

Van der Ven (1993:41) beweer: *"Hermeneutic-communicative praxis occupies a preeminent position within practical theological praxis as a whole … [H]ermenetic-communicative refers to the verbal and nonverbal interpretation of written and spoken texts and their verbal and nonverbal communication".* Om die woord aan elkeen in die gemeenskap te bring, moet dit vanuit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief verstaan kan word. God wil Homself binne die konkrete situasie van die mens openbaar soos Hy dit reeds op verskillende maniere reeds gedoen het en in besonder deur Jesus Christus (vgl paragraaf 6.8.1 - Geloofsbemiddeling aan tieners in die postmoderne konteks (3) Geloofsvorming as proses). Op die vraag of diakonie, wat in hierdie navorsing ten opsigte van 'n gemeenskapsgerightheid van belang is, ook in terme van hermeneuties-kommunikatiewe praxis geformuleer kan word, reageer Van der Ven (1993:43) soos volg: *"It is obvious that diacony relating to spiritual suffering has to do primarily with hermeneutic-communicative work".*

Vos (1996:12) verstaan hermeneutiek saam met Heitink (1993:18) as: *"... die refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens in sy situasie, waarin drie momente onderskei kan word: die verstaan (begryp), die verstaanbaar maak (verklaar) en die tot verstaan kom (toe-eien)".* Die hermeneutiek vir 'n gemeenskapsgerigte geloofsbemiddeling aan tieners en deur hulle aan die burgers van die gemeenskap *"... handel oor die verstaan van die Woord, die verstaanbaar maak daarvan binne die eie kultuur en die tot verstaan kom van die mens vir wie die heil bedoel is"* (Vos 1996:12).

### 6.13.6 Teks en konteks

In hierdie navorsing is 'n soeke na ‘n metodologie om die teks duideliker binne die postmoderne konteks te bemiddel. Wat die taak van kommunikasie of geloofsbemiddeling so moeilik maak is die diversiteit in die gemeenskap. Schweiker (2000:117) beweer: *"Contemporary societies under the pressure of modernization and globalization are internally pluralistic. By ‘pluralistic’ one means that they are*

*culturally diverse and socially differentiated".* Dit beteken om ook al die steurnisse van ander norme uit ander dissiplines en kulture wat by die mens inspeel in berekening te neem. Van der Ven (1993:49) meen: *"Pluralism and confict of interpretations occur at many levels, …: inter- and intragenerative, inter- and intra-institutional, inter- and intracultural, inter- and intrasocial, and inter- and intrapersonal".* Van der Ven (1993:49) beweer daar is fundamenteel slegs twee oplossings vir hierdie probleem: (1) elimineer pluralisme en konflik en (2) maak pluralisme en konflik die voorwerp van kommunikasie. Die sin van die teks word derhalwe al hoe meer binne hierdie toenemende versteuring gemeet vir oorweging of toeëiening. Die sender moet dus al hoe meer daarteen waak dat hierdie steurnisse nie al hoe meer deel van sy uitsending word nie sodat die boodskap al hoe onduideliker by die ontvanger uitkom nie. Dit beteken dat die sin van die teks ook al hoe meer verwarrend sal inwerk op die ontvanger wat die sin van die teks deur reflektering en handeling aan ander moet bemiddel. Dink hier aan die telefoonspeletjie waar 'n boodskap in iemand se oor gefluister word en die verwronge boodskap wat by die laaste deelnemer in die ry of kring uitkom! Geloofsbemiddeling wat dit nie in aanmerking neem nie, is besig om meer verwarring te veroorsaak as om geloof en hoop te bemiddel. Vos (1996:13) sê: *"Die ontdekking van die sin van die teks vir die persoonlike en gemeenskapslewe hier en nou kom nie deur die aanwending van 'n reeds bestaande betekenis tot stand nie. Dit gaan om die versmelting van twee horisonne: enersyds die religieuse teks as normatiewe komponent en andersyds die huidige situasie waarin die geloofsverstaan van mense in die hede sy neerslag in verbale en nie-verbale gestaltes vind".*

Soos reeds by die probleemstelling genoem is, is daar 'n veelvoudigheid binne die konteks waarin die geloof bemiddel moet word *"... wat deur demografiese, ekonomiese, politieke, kulturele en psigiese faktore gevorm word"* sê Vos (1996:13). Die volgende kan as riglyn gebruik word om van teks na konteks te beweeg in die geloofsbemiddelingsproses en -situasie met sy veelkantigheid:

Om die Bybel te verstaan, moet veral die simboliek verstaan word. As die simboliek van die uitdrukkings of woorde nie begryp word nie, kan dit tot misleidende vertolking en handelinge lei. Die teks is geskryf om in die postmoderne konteks verstaan en benut te word en dit vra 'n besondere hermeneutiese omgang met die teks binne hierdie bepaalde konteks om nie die oorspronklike inhoud verlore te laat gaan nie. Die historiese agtergrond van die konteks waarin die teks geskryf is, moet binne die hermeneutiese proses verreken word. Die Christelike geloof is gebaseer op 'n historiese feit dat Jesus Christus gebore, gesterf en opgestaan het. Die wyse hoe en aan wie hierdie feite neergeskryf is, vertel iets meer as net die woorde self.
Die postmoderne tyd en veral millenniumgenerasie vra "logika" rondom die interpretasie van die Bybel en wat sonder die kennis van die konteks en historiese agtergrond die teks lees om tot verstaan te kom. Dit moet gesien word teen die agtergrond van geloof wat meer 'n persoonlike saak geword het en nie noodwendig in gemeenskap met ander beleef word nie. Hierdie soort logika lei ook tot bepaalde gevolgtrekkings. By die bemiddeling van geloof sal daar heel dikwels onder tieners vrae na vore kom oor feite wat vir hulle na teenstrydighede lyk. Wanneer die teks aan 'n verkeerde genre gekoppel word waarin die teks geskryf is, is die res van die interpretasie ook in gedrang. Naas die simboliek bevind die hermeneutikus hom hier op 'n gevaarlike weg om te bewandel met baie afdraaipaadjies. Die geloofsbemiddelaar moet dus bewus bly van sy afhanklikheid van die Heilige Gees.

Die Gees van God het die woorde van die Woord vir mense gegee. Daarom is die pneumatologiese en hermeneutiese onafskeidbaar om tot die regte verstaan van die Bybel en bemiddeling daarvan te kom.

Die doel met geloofsbemiddeling kan wees om effektief te wees, veral in die krisissituasie van die kerk en verlies aan tieners. Van der Ven (1993:52) beskou die aspek van effektiwiteit as kompleks rondom die vraag of dit net effektiewe kommunikasie is wat as kommunikasie beskou kan word: *"Communication may be considered successful if an exchange of interpretations occurs".* Die suksesvolheid van kommunikasie het ook te doen met die beperkinge by die sender en ontvanger van die boodskap, byvoorbeeld die taalgebruik en verhouding van die sender en ontvanger (vgl Van der Ven 1993:53).